Opgedra aan my ouers.

# SEKERE ASPEKTE VAN VRYETYDSBESTEDING EN ONTSPANNING. 'N SOSIOLOGIESE BESKOUING.

Verhandeling
ingedien ter gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad

M A G I S T E R   A R T I U M

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS
(DEPARTEMENT SOSIOLOGIE)

deur

JOHAN FREDERIK SERFONTEIN.

POTCHEFSTROOM.

Oktober 1963.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

Voorwoord ........................................ (i)

Inleiding ........................................ 1

Hoofstuk I

Die Opkoms van die moderne opvatting en betekenis van Vryetydsbesteding en Ontspanning. 4

(a) 'n Kort historiese oorsig van Vryetydsbesteding en Ontspanning .................. 4

(b) Die verband tussen die moderne opvatting van Vryetydsbesteding en Ontspanning en Sosiologie .............................. 16

(c) Benadering van Vryetydsbesteding en Ontspanning vanuit organisatoriese en administratiewe oogpunt beskou .................. 27

(d) Samevatting en eie opvatting ............. 40

Hoofstuk 2

'n Prinsipieel-sosiologiese beskouing oor arbeid en die konnotasie met Vryetydsbesteding en Ontspanning .................................. 42

(a) Uitgangspunt ............................. 42

(b) Die beginsels vir die lewe uit die Woord van God getoets aan die norm in Jesus Christus .................................. 43

(c) Die motivering van die instelling van die Sabbat en vrye tyd as noodsaaklike goed... 50

(d) Arbeid as 'n variasie van roepings in die samelewing en vrye tyd (Ontspanning) ..... 52

(e) 'n Beskouing oor enkele probleme m.b.t. Vryetydsbesteding en Ontspanning in die samelewing ................................ 55

(f) Samevatting en eie opvatting ............. 61

## Hoofstuk 3

Bladsy

'n Sosiologiese beskouing oor enkele magte en die invloed daarvan op die sosiokulturele werklikheid en die vraagstuk na Vryetydsbesteding en Ontspanning ........................ 63

(a) Inleiding ................................ 63

(b) Die magte van wetenskap, tegniek, ekonomie en industrialisme wat invloed uitoefen op die samelewing in die algemeen .......... 64

(c) Die invloed op die struktuurnorme ....... 83

(d) Sekularisme in die samelewing en die krisis in waardes ....................... 85

(e) Vryetydsbesteding en Ontspanning in 'n gesekulariseerde samelewing ............. 87

(f) Samevatting en eie opvatting ........... 89

## Hoofstuk 4

Enkele aspekte uit sommige teorieë en die praktyk van Vryetydsbesteding en Ontspanning. 'n Sosiologiese beskouing .................... 92

(a) Inleiding ................................ 92

(b) Enkele aspekte en grondbeginsels van sommige teorieë oor Vryetydsbesteding en Ontspanning ............................ 92

(c) Enkele sosiologiese implikasies van Vryetydsbesteding en Ontspanning m.b.t. genoemde teorieë ....................... 97

(d) Enkele sosiologiese probleme i.v.m. Vryetydsbesteding en Ontspanning en die prosesse van verstedeliking en massifikasie. 102

(e) Toepassing van enkele beginsels van Vryetydsbesteding en Ontspanning en die sosiologiese beskouing oor die vormende waarde daarvan ........................... 108

Bladsy

(f) Die indeling van 'n program .............. 111

(g) Samevatting en eie opvatting ............ 115

Hoofstuk 5

Samevattende slotbeskouinge .................. 117

Bibliografie ................................. 122

# V O O R W O O R D .

Hierdie studie is onderneem op grond van 'n besondere belangstelling in die Sosiologie as struktuurwetenskap van die samelewing, maar voorts met die wete dat die Sosiologie, as sulks, 'n belangrike kennisbydrae kan lewer tot gesonde Vryetydsbesteding en Ontspanning in sosiologiese sin en betekenis.

Hierdie studie sou nie begin en voltooi kon word sonder die gewaardeerde bydrae van die volgende persone aan wie ek my opregte dank verskuldig is nie:

(a) Prof. dr. J.P. van der Walt, wat as my leier opgetree het, op wie se wetenskaplike bekwaamheid en leiding ek altyd kon staatmaak;

(b) my ouers, aan wie se opregte belangstelling, inspirasie en voorbidding dit nooit ontbreek het nie;

(c) die personeel van die Ferdinand Postmabiblioteek vir die hulpvaardigheid en diens;

(d) bowenal aan Hom wat in Sy Goddelike genade my in staat gestel het om hierdie studie te kon voltooi.

# INLEIDING.

In die moderne samelewing is die vraagstuk van Vryetydsbesteding en Ontspanning van aktuele belang. Maar dit is nie slegs 'n hedendaagse vraagstuk nie, want reeds met die Skepping vind ons dat God op die sewende dag gerus het, en dat met die Sondeval baie probleme ontstaan het op elke gebied. Trouens, die Wet van God bepaal uitdruklik „Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God...".

Dit is juis na aanleiding van die motivering van die instelling van die Sabbat [1] dat ons 'n duidelike begrensing en relativering van die arbeid in Gen. 2: 1-3 en Deut. 5: 12-15 vind. In die verskillendheid en verskeidenheid van roepingsarbeid het die mens ook ander funksies te vervul wat vir hom van waarde is.

Van die bg. funksies is Vryetyd en Ontspanning 'n noodsaaklike goed - om byvoorbeeld na verstandelike inspanning, liggaamlike ontspanning in sy vrye tyd te geniet.

In die lewe van elke mens en gemeenskap doen hierdie verskynsel hom voor dat ná die daaglikse beroepsarbeid daar nog tyd oor is vir iets „anders" as 'n soort „rus". Hoe hierdie tyd „volgemaak" of benut word, skep juis die probleem, en „Het is voor de toekomst van ons volk van groot belang dat er goede vormen van vrijetijdsbesteding worden gevonden"[2].

---

1) Habermehl, D.N.: Ons Dagelijks Werk. De Christen in de Industrie; J.H. Kok, N.V. Kampen, 1959; p. 104.
2) Ibid., p. 105.

Maar die vraagstuk van Vryetydsbesteding en Ontspanning word al hoe groter en belangriker in dieselfde mate wat die samelewing verander onder invloed van sekere magte t.w. wetenskaplike ontwikkeling en tegniese uitvindinge wat o.a. toepassing vind in die industriële en ekonomiese sektore van die lewe. In gelyke mate vind daar boonop 'n ontvolkingsproses van die platteland plaas met gevolglike stadswaartse trek en die verstedelikingsproses wat stadsbeplanning in al sy aspekte steeds meer bemoeilik.

Dat hierdie vraagstuk van Vryetydsbesteding en Ontspanning dan ook 'n sosiologiese studie regverdig, kan dus nie betwyfel word nie.

Om die verband tussen, aan die een kant Vryetydsbesteding en Ontspanning en, aan die ander kant Sosiologie te kan vasstel, haal ons aan wat o.a. Neumeyer en Neumeyer[1)] hieroor sê: „...the data of sociology consist of human personalities interacting in group life, ... .

„With this statement in mind, it is possible to visualize the <u>sociological approach to the study of leisure and recreation</u>. <u>Nearly all forms of recreation involve some human associative life, a number of the social processes, and are conditioned by the culture and organization of groups</u>".

Teen die agtergrond van hierdie aanhaling kom ons tot die doel van hierdie ondersoek.

<u>Die Doel van hierdie Studie in breë trekke</u>:

Die doel van hierdie studie is onder meer om deur middel van 'n literatuurstudie die volgende te ondersoek:

---

1) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: <u>Leisure and Recreation. A study of leisure and recreation in their sociological aspects</u>; Ronald Press, New York, 1958; p. 20.

(a) Die opkoms van die moderne opvatting en betekenis van Vryetydsbesteding en Ontspanning.

(b) 'n Prinsipiëel-sosiologiese beskouing oor arbeid, Vryetydsbesteding en Ontspanning.

(c) 'n Sosiologiese beskouing oor enkele magte wat 'n invloed uitoefen op die dinamiese aard van die samelewing, die vernaamste samelewingsvorme, die vraagstuk van Vryetydsbesteding en Ontspanning en die krisis in waardes.

(d) Enkele aspekte uit sommige teorieë oor Vryetydsbesteding en Ontspanning as sosiale verskynsel.

(e) Enkele beginsels van die teorieë oor Vryetydsbesteding en Ontspanning toegepas in die praktyk en die vormende waarde daarvan.

(f) Verdere probleme i.v.m. Vryetydsbesteding en Ontspanning en enkele riglyne vir die toenemende verstedelikingsproses, massifikasie en industrialisasie in die Republiek van Suid-Afrika.

## HOOFSTUK 1.

## DIE OPKOMS VAN DIE MODERNE OPVATTING EN BETEKENIS VAN VRYETYDSBESTEDING EN ONTSPANNING.

(a) 'n Kort historiese oorsig van Vryetydsbesteding en Ontspanning.

(i) Inleiding:

As uitgangspunt neem ons 'n aanhaling van Bierens de Haan om tot die algemene aard van die vraagstukke in die samelewing te kom, nl. „Zo oud als het wetenschappelijk denken is, zo oud is het denken over de samenleving. Altijd toch is de samenleving in de ervaring gegeven geweest, altijd heeft zij de mens gesteld voor vraagstukken op welke hij trachtte een antwoord te vinden. Doordat zij de mens voor vragen en praktische problemen stelde, werd zij onderwerp van het denken"[1].

In die besonder het ons in hierdie aanhaling te make met die teoretiese reaksie van die menslike denke oor talle sosiale verskynsels van 'n bepaalde samelewing in 'n bepaalde tydvak. Die teoretiese realisasie van die menslike denke word gekristalliseer in 'n vorm van geordende en gesistematiseerde kennis, m.a.w. wetenskaplike kennis van die samelewing. Dit lei ons tot die Sosiologie en kan soos volg saamgevat word: „Sociology is a scientific study of human associative life. It considers the fundamental processes, and the principles of collective behaviour. Thus the data of sociology

---

1) De Haan, J.A. Bierens: Sociologie ontwikkeling en methode; N.V. Servire/Den Haag, 1956; p. 11.

consist of human personalities interacting in group life, including drives, social processes, communal organization and institutions, human culture, social values, and human progress.

„With this statement in mind, it is possible to visualize the sociological approach to the study of leisure and recreation. Nearly all forms of recreation involve some human associative life, a number of the social processes, and are conditioned by the culture and organization of groups"[1].

Die konnotasie van hierdie aanhaling oor Sosiologie met Vryetydsbesteding en Ontspanning kan met die volgende kortliks gestel word; die uitgangspunt, nl.: „De vrije tijd moet aan de mens de ruimte geven, om mens te zijn over de gehele breedte van zijn bestaan. Om op het gehele veld, waarop God hem heeft geplaast, te leven ingevolge zijn roeping"[2].

Maar die opdrag aan die mensheid in die vorige aanhaling, beteken dat hierdie vrye tyd naas ander roepings[3] deur die eeue heen geldend was en nog is. In hierdie verband let ons kortliks op 'n historiese oorsig van Vryetydsbesteding en Ontspanning.

(ii) Enkele hooflyne van Vryetydsbesteding en Ontspanning by die Grieke en Romeine.[4]

Inleiding:

Vooraf stel ons vas dat die Sosiologie in die algemeen o.a. ook 'n pedagogies-rekreatiewe aspek ver-

---

1) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; p. 20.
2) Habermehl, D.N.: Ons Dagelijks Werk; p. 104.
3) Hierdie stelling geniet later die aandag in hierdie studie.
4) Vgl. Beloff, M. (red.): History. Mankind and his Story; Odhams Press Ltd., London, 1948; Hoofstuk 3.

toon. „Elke samenleving geeft daarom een paedagogisch (recreatief) aspect te zien dat zich met name belichaamt in allerlei daarop gerichte instituten en activiteiten, ..."[1]. Hierdie aspek is uiters belangrik by die beskouing oor die Opvoeding en Vryetydsbesteding en Ontspanning by sowel die Grieks-Romeinse as die Middeleeuse en die moderne opvatting van Vryetydsbesteding en Ontspanning. Daarom word hierdie sake betrek by die kort historiese oorsig oor Vryetydsbesteding en Ontspanning.

(a) Die doel van die Grieks-Romeinse opvoeding en Vryetydsbesteding en Ontspanning.

Die doel van die Grieks-Romeinse opvoeding en Vryetydsbesteding en Ontspanning kan met die volgende stelling saamgevat word: „Mens sana in corpore sano" (A sound mind in a sound body)[2].

Kortom, die opleidingsideaal by die Grieke en Romeine was opleiding tot staatsburgers deur 'n harmoniese vorming van liggaam en gees. „Alle persoonlijke belangen moesten wijken voor het belang van de staat. De vrijheid van het individu bestond in de vrijwillige onderwerping aan de Staatsorde en aan de Staatswetten"[3].

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die Grieks-Romeinse opvoeding en Vryetydsbesteding en Ontspanning op goeie staatsburgerskap as doel, gerig was.

(b) Vryetydsbesteding en Ontspanning by die Grieke en Romeine.

Aristoteles en Plato was die antieke denkers

---

1) Van Dijk, R.: Mens en Medemens. Een inleiding tot de algemene Sociologie; N.V. Zomers en Keunings Uitgeversmij., Wageningen; p. 67.
2) Chambers Twentieth Century Dictionary of the English language.
3) Janssen, J. en Visser, S.: Van Plato tot Decroly. Studieboek der Historische Pedagogiek; J. Muusses, Purmerend, 1947; p. 8.

by uitstek, en hulle denke is verteenwoordigend van o.a. Vryetydsbesteding en Ontspanning gedurende daardie tyd. Aristoteles het in sy „Politica" laat blyk dat werk verrig moet word terwille van vryetyd. „Aristotle thought the object of work was to provide man with leisure" [1].

Verdere besonderhede oor die aard van Vryetydsbesteding en Ontspanning is soos o.a. Huizinga dit stel: „The Greeks used to stage contests in anything that offered the bare possibility of a fight. Beauty contests for men were part of the Panathenaean and Thesean Festivals" [2].

Ook hierdie en ander vorme van Vryetydsbesteding en Ontspanning kulmineer in die volgende doelstelling, nl. „Play was for a purpose, largely that of developing soldiers, which meant that it in reality became work" [3].

(c) Enkele sosiologiese implikasies van die Grieks-Romeinse opvoeding, Vryetydsbesteding en Ontspanning.

Volgens die doel en ideaal van die Grieks-Romeinse opvoeding, Vryetydsbesteding en Ontspanning het alles uitgemond in die militaristiese doel van die staat wat alles oorkoepel het, soos Lichtenberger dit stel: „The state is society in its most conspicuous form - it is that association of men which is the highest of all associations and includes all" [4].

---

1) Nash, J.B.: Building Morale; A.S. Barnes and Co., New York, 1942; p. 31.
2) Huizinga, J.: Homo Ludens. A study of the play-element in culture; Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1949; p. 73.
3) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; p. 36.
4) Lichtenberger, J.P.: Development of Social Theory; Appleton-Century Company, New York, 1938; p. 35.

Saamgevat, dra alle onselfstandige, en van die staat afhanklike samelewingsvorme en groepe ook d.m.v. Vryetydsbesteding en Ontspanning by tot die staatsoorkoepeling, en wel in so'n groot mate dat:

"1. Het kind is eigendom van de staat.

2. Het doel der opvoeding is: het kweken van soldaten en het vormen van staatsburgers" [1] en verder "Gezinsopvoeding bestond niet; de Staat was de enige opvoeder, en de lichamelijke opvoeding vond de grootste waardering.

"Middelen daartoe waren gymnastische oefeningen, harding en zelfbeheersing. De verstandelijke en zedelijke opvoeding kwamen slechts op de tweede plaats" [2].

Die groepsverhoudinge was alles geïnterpreteer en het gekulmineer in terme van die regsverhoudinge in 'n staatstotalitêre sin en betekenis. Die sosiologiese implikasie hiervan is dat selfs die Vryetydsbesteding en Ontspanning van die antieke wêreld beoefen is vir 'n ander doel, nl. ter wille van die reeds genoemde staatsbelang. "There was no transition from 'battle to play' in Greece, nor from play to battle, but a development of culture in play-like contest. In Greece or elsewhere the play-element was present and significant from the beginning" [3].

Die Grieke en Romeine het geen duidelike onderskeid gemaak tussen werk en ontspanning nie. Hulle vermaak is verhef tot die status van 'n roeping wat

---

1) Janssen, J. en Visser, S.: Van Plato tot Decroly; p. 7.
2) Idem.
3) Huizinga, J.: Homo Ludens; p. 75.

met alle erns en toewyding bejeen is. Die allerbelangrike balans tussen werk en spel is so versteur dat „no doubt the few centuries of Greek history when the contest reigned supreme as the life-principle of society also saw the rise of the great sacred games ...; but the fact ramains that the spirit of contest dominated Hellenic culture both before those centuries, and after" [1].

Na hierdie glorie en welvaart verval die beskawing van die antieke wêreld met die invalle van barbaarse rasse en lei tot die aanvang van die Middeleeue waarin die Kerk die dominante posisie vervul.

(iii) Enkele hooflyne van Vryetydsbesteding en Ontspanning tydens die Middeleeue.[2]

(a) Doel van die Middeleeuse opvoeding, Vryetydsbesteding en Ontspanning.

Gedurende die Middeleeue het die betekenis van Vryetydsbesteding en Ontspanning heeltemal verander onder die invloed van die maatskaplike orde wat die Rooms-Katolieke Kerk daargestel het.

„Er is slechts één opvoedingsdoel: den mens helpen in de bereiking van zijn eeuwige eindbestemming. Aan dat éne doel werkten alle bestaande opvoedingsinstituten mee: huisgezin, Kerk, school, staat en maatschappij. Daarom vormde de godsdienst het middelpunt van alle onderwijs en wetenschap. En daarom ook waren onderwijs en wetenschap geen doel, maar middelen om te komen tot christelijke deugd" [3].

---

1) Huizinga, J.: Homo Ludens; p. 73.
2) Vgl. Thatcher, O.J. en Schwill, G.: A General History of Europe. Part I (350 - 1500); John Murray, London, 1912; Hoofstuk VIII.
3) Janssen, J. en Visser, S.: Van Plato tot Decroly; p. 31.

Hier is dus slegs sprake van 'n godsdiensideaal wat die opvoeding en Vryetydsbesteding en Ontspanning opeis vir die bereiking van alleenlik daardie ideaal.

(b) <u>Vryetydsbesteding en Ontspanning gedurende die Middeleeue</u>.

Ten spyte van hierdie voorskrifte van die Kerk het ook die Middeleeue sy kenmerkende vorme van Vryetydsbesteding en Ontspanning soos o.a. toernooie en gevegte gehad waaraan veral die ridders deelgeneem het. Daar was ook jagtogte, boogskut, en 'n verskeidenheid van dansfeeste op die markpleine.

Binnenshuise ontspanning, veral in die kastele waar groot groepe gewoon het, is beoefen waarvan kaartspel, skaak, dobbelary, ens. bekend is. Ook het verskeie vorme van kulturele ontspanning in gebruik gekom waarvan o.a. die beoefening van die digkuns en die opvoering van dramas tot vandag toe nog gewild is. Hierdie en ook ander vorme van Vryetydsbesteding en Ontspanning was nie die voorreg van almal nie - dit was beperk tot die Adelstand.

In die laat Middeleeue word hierdie kulturele vorme steeds gewilder en brei selfs na die burgerlike massas uit. "Zo als zij in vele gevallen haar schilder- en muziekscholen had, zo wilde zij ook haar dichtscholen hebben. De rederijkerskamers zijn derhalve iets als een gild, dat belast is met de opvoeding en het vermaak van het volk: ,ter goeder devotiën en om melancholije te verdrijven.' Het was de taak van de rederijkerskamer elk feest, zowel kerkelijk als wêreldlijk, te organiseren en op te luisteren"[1].

---

1) De Ridder, E.: <u>Geschiedenis van de Middeleeuwen</u>; Uitgeversmij., N.V. Standaard-Boekhandel, Antwerpen, 1954; p. 260.

(c) Enkele Sosiologiese implikasies van die Middeleeuse opvoeding, Vryetydsbesteding en Ontspanning.

Die Rooms-Katolieke kerk wat gedurende die Middeleeue die mens se hele lewe oorheers het, het ook sy stempel op die opvoeding en Vryetydsbesteding en Ontspanning afgedruk. Die opset hiervan was gekenmerk deur die puriteinse beklemtoning van werk, gepaard met 'n verfoeiing van alle vorms van genotvolle ontspanning. „Leisure (idleness) was condemned: it hindered godliness; it was a snare of the devil"[1].

'n Openlike bevordering en goedkeuring van Vryetydsbesteding en Ontspanning was daar, soos reeds genoem, gladnie - dit is eerder onderdruk, want die liggaam en sy behoeftes is met sonde geassosieer, „...every means possible was taken to deny the body its natural comforts, and even voluntary measures of self-torture were resorted to. It is quite natural that play should not only be ignored but vigorously combated in such an age,"[2] en dit word verklaar deur die feit dat „as long as people clung to asceticism there could be no development in physical education or recreation!"[3].

Ook die onderwys het tot die kloosters beperk gebly, waar 'n groot mate van askese ervaar is. Die kennis is nie uitgedra of ontwikkel in so'n mate dat dit aanvaarbaar en oordraagbaar aan die publiek was nie.

---

1) Woody, T.: „Leisure in the Light of History," The Annals of the American Academy of Political and Social Sciense; Vol. 313, September 1957, Philadelphia; p. 5.

2) Mitchell, E.D. en Mason, B.S.: The Theory of Play; The Ronald Press Company, New York, 1948; pp. 28, 29.

3) Powell, W.T.: Recreation in Church and Community; The Abingdon Press, New York, 1938; p.11.

Saamgevat, in die groep was daar wisselwerking tussen die enkelinge met die oog op godsdienstige en geloofsverhoudinge as feitlik alleengeldend binne die kader van die Rooms-Katolieke kerkoorheersing.

Na hierdie tydperk in die geskiedenis van die mens, volg die Verligtingstydperk waarin die mens homself herontdek met 'n opdrag om die natuur te ken en te beheers.

(iv) Enkele hooflyne van Vryetydsbesteding en Ontspanning sedert die Verligtingstydperk tot die moderne tyd. [1)]

Die mens as aksiesentrum in 'n dinamiese samelewing verseg om in 'n onnatuurlike atmosfeer soos die Middeleeue voort te leef. Keerpunte speel hul rol in die geskiedenis: die Verligtingstydperk, die Reformasie, en die herlewing op alle lewensterreine, tesame met die herontdekking van die mens self en van die vernaamste kulturele erfskatte van die verlede waarop die huidige beskawing rus, nl. die Antieke, die Middeleeue (Christendom) en die Moderne tyd.

In die lig van die vorige maak ons die stelling nl., dit was die begin van 'n lang en onafgebroke ontwikkelingsproses van Vryetydsbesteding en Ontspanning wat deur die geskiedenis van die Westerse wêreld tot op die huidige oomblik loop.

(a) Die doel van die Opvoeding, Vryetydsbesteding en Ontspanning sedert die Verligtingstydperk.

Die Renaissance met sy gepaardgaande vrymaking van Middeleeuse dogma en leefwyse bring 'n nuwe gedagte van regverdiging vir die verkryging en beste-

1) Vgl. Flenley, R.: World History. The Growth of Western Civilization, Vol.2; J.M. Dent and Sons, London, 1936; Dele VII en VIII.

ding van vryetyd. „The Renaissance itself was partly an expression of play life"[1]. Hierin vind ons die verafgoding van die mens en menslike, wat in die middelpunt staan,[2] met dieselfde bevordering van Vryetydsbesteding en Ontspanning, soos dit met die Renaissance begin het. Manne soos o.a. Erasmus ook Rousseau, Pestalozzi, Froebel, e.a. het spel as 'n normale deel van die lewe beklemtoon.[3]

(b) Vryetydsbesteding en Ontspanning sedert die Verligtingstydperk.

In werklikheid het die Verligting t.o.v. Vryetydsbesteding en Ontspanning op alle gebiede ingetree: o.a. in die verskillende denksisteme en tydgeeste wat mekaar sedert die Verligting opgevolg het, waarvan elkeen erkenning en regverdiging gegee het aan Vryetydsbesteding en Ontspanning, hoewel dit toe nog geensins uitgebou is tot algemene aanvaarde begrippe en gebruik in die praktyk nie.

In sy Homo Ludens maak Huizinga[4] melding van die „Rococo"-periodes as modes in die boustyle en meubilering in Europa gedurende die 17e en 18e eeu, en lê sterk klem op die noue kontak wat dit gehad het met die spel-element van daardie tyd.

---

1) Huizinga, J.: Homo Ludens; p. 180.
2) Vgl. Van Dijk, R.: Vrijheid en gebondenheid van de mens in de samenleving; Zomer en Keuningsmij, Wageningen, 1956; Hoofstuk 2.
Vgl. Grosheide, F.W. (red.): Korte Christelijke Encyclopaedie; Kok, Kampen, 1934; p. 482.
Vgl. Janssen J. en Visser, S.: Van Plato tot Decroly; p. 48.
3) Vgl. Oberman, G.W.: Jeugd, Sport, Christendom; N.V. Korteweg en Stemerding, Rotterdam, 1928; pp. 74 - 75.
4) Vgl. Huizinga, J.: Homo Ludens; pp. 182 - 186.

Geleidelik het die Europese lande meer aandag aan Ontspanning begin gee t.w., o.a. Duitsland en die Skandinawiese lande wat gimnastiek bevorder het; in Engeland het georganiseerde sport ontwikkel.[1]

(c) Enkele sosiologiese implikasies van Vryetydsbesteding en Ontspanning sedert die Verligtingstydperk.

Vryetydsbesteding en Ontspanning en die moontlikheid daarvoor het binne die bereik van meer mense gekom, omdat die geleerdheid en kennis wat o.a. met die instelling van universiteite gedurende die laat-Middeleeue, en die vermoë om te lees, toegeneem het. Tesame hiermee het die drukkuns en die gevolglike verspreiding van literatuur die „doofstomheid" van die Middeleeue verdryf. „This period was one of slow but certain enlightment, an occurrence which in itself was to help toward the new leisure"[2].

Tog het die moderne begrip van die belangrikheid van Vryetyd eers werklik na die Industriële Revolusie gekom. Hierdeur sou die daaglikse arbeidstyd en die arbeidsomgewing radikaal verander word - 'n ontwikkeling wat vandag nog met die toenemende outomatisasie onverpoosd voortgaan. „Prior to the Industrial Revolution (and it was not a revolution exactly for it did not come about suddenly) the living of man was earned largely through agriculture and trade. It was through inventions of countless kinds and industrial progress over a long period of years that leisure in increasingly large quantities was provided"[3].

---

1) Vgl. Oberman, G.W.: Jeugd, Sport, Christendom; pp. 75 - 76.
2) Meyer, H.D. en Brightbill, C.K.: Community Recreation. A Guide to its organization; Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs. New Jersey, 1956; p. 7.
3) Idem.

Hierna volg al meer vryetyd deur die verkorting van die werksure, met 'n gepaardgaande vergemakliking van die algemene dagtaak a.g.v. tallose nuwe uitvindinge in masjinale prosesse.

(Die vraagstukke dusver genoem en die wat in hierdie onderdeel nog volg, word net vermeld en sal in die behandeling van die hoofstukke wat volg meer aandag geniet.)

Hierdie ontwikkeling tot op hede bring ook 'n magdom probleme mee, „totdat men bij het begin der twintigste eeuw, bij gebrek aan vaste grondstellingen, komt tot een chaos van tegen elkaar inschreeuwende stemmen, die ieder voor zich profetische geldigheid opeisen"[1]. Daar is ook nog o.a. die langdurige en onophoudelike verstedelikingsproses, die verandering van agrariese na hoogs-geïndustrialiseerde gemeenskappe, die vooruitgang op tegnologiese en wetenskaplike terreine en die „veranderde" opvatting oor arbeid. Hierdie probleme e.a., tesame met die hedendaagse opvatting van Vryetydsbesteding en Ontspanning hang ten nouste saam en is in wisselwerking met mekaar.

Om egter die verband tussen hierdie probleme met Vryetydsbesteding en Ontspanning te kan sien, en om tot 'n bespreking van sekere aspekte van Vryetydsbesteding en Ontspanning oor te gaan, soos wat dit kortliks in die doel van hierdie ondersoek gestel is, is dit nodig dat ons eerstens let op die verband tussen die Sosiosologie en Vryetydsbesteding en Ontspanning.

---

1) Janssen J. en Visser, S.: Van Plato tot Decroly; p. 69.

(b) Die Verband tussen die moderne opvatting van Vryetydsbesteding en Ontspanning en die Sosiologie.

Dit is nodig dat o.a. ook die Sosiologie aandag sal gee aan Vryetydsbesteding en Ontspanning, want „Vorige generaties waardeerden vrije tijd, spel en sport als een Godsgave, die lange niet iedereen genoot. Voor de huidige generatie zijn deze grootheden veel meer vanzelfsprekend geworden. Ze liggen thans op het vlak van de directe vraag. De moderne mens kan er niet meer buiten"[1), „We suddenly find ourselves with an amount of leisure on our hands beyond the wildest dreams of our fathers and have made no provision for the use of it"[2).

Hierdie aanhalings impliseer dat ook die Sosiologie aan Vryetydsbesteding en Ontspanning aandag moet skenk, omdat „het is die dynamische individualiteit, die de sociologie tracht te begrijpen en te verklaren. Daarom interesseert de sociologie zich dan ook met name voor de historische vormveranderingen, ... als ook voor de structuurveranderingen die zich in de totaliteit van een bepaalde samenleving voordoen"[3).

In terme van bogenoemde aanhaling het Vryetydsbesteding en Ontspanning reeds van so groot belang geword dat dit by die totaliteitsbeskouing oor 'n bepaalde samelewing en selfs bepaalde beskawings in gedagte gehou moet word. Cutten [4) sê selfs dat „The proper use of leisure has created every civilization which has ever existed, the improper use has killed each in turn. There can be no

---

1) Miermans, C.G.M.: Sport in een veranderende Wereld; Het Spectrum, Utrecht, 1959, p. 9.
2) Cutten, G.B.: The Threat of Leisure; Yale University Press, New Haven, 1926; p. 69.
3) Van Dijk, R.: Mens en Medemens; p. 18.
4) Cutten, G.B.: The Threat of Leisure; pp. 87, 88.

doubt that general leisure has been of inestimable aid to intellectual development, and that civilization itself could not well have advanced without it. Leisure has always been a friend to thought; literature, philosophy, art, science, and other forms of culture have depended upon it. Their products, in turn, have been forerunners of important changes in civilization".

Uit die vorige gedagtes is dit baie duidelik dat 'n sosiologiese beskouing oor Vryetydsbesteding en Ontspanning uiters noodsaaklik is. Voordat oorgegaan word tot definisies en omskrywinge om die sosiologiese aard van ons probleem aan te toon, merk ons vooraf op dat met 'n sosiologiese beskouing oor Vryetydsbesteding en Ontspanning ons te make het met Aspek-sosiologie of ook genoem Spesiale Sosiologie.

Neumeyer en Neumeyer[1] dui die weg aan as hy die volgende stel: „(Notwithstanding) the newness of the field, ... sociologists have applied their methods of approach and research endeavors... (amongst others) to recreation, and other similar fields".

(i) <u>Die Spesiale Sosiologie van Vryetydsbesteding en Ontspanning</u>.

Die doel en taak van hierdie Spesiale Sosiologie sluit in wat reeds ten dele gedoen is omdat die Sosiologie ook histories bepaald is t.o.v. sy beskouing oor die Grieks-Romeinse, Middeleeuse en die Verligtingstydperk tot die moderne tydperk se beskouing oor Vryetydsbesteding en Ontspanning. „The place of recreation in modern society cannot be fully understood without a consideration of the significance and development of

---

1) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: <u>Leisure and Recreation</u>; p. 20.

leisure, because the increase of free time is chiefly responsible for the demand for recreation. Current forms of recreation must be interpreted in the light of their historical development. The recreation movement... is one of the phenomenal social movements of our times. Social movements tend to follow certain stages and transitions as they advance. They grow out of felt needs and tend to improve existing conditions"[1].

Teen hierdie agtergrond as uitgangspunt het hierdie Spesiale Sosiologie as 'n sosiologiese beskouing oor Vryetydsbesteding en Ontspanning tot doel en taak om uitvoering te gee aan min of meer die volgende: - die invloed van die mens, die invloed op die mens, op die samelewing en op die kultuur waarmee die mens en die groep o.a. deur Vryetydsbesteding en Ontspanning in wisselwerking is. Onder andere stel Neumeyer en Neumeyer 'n studie van die volgende: „Leisure and recreation are affected by geographic and ecological factors, the population situation, political and economic organization, science and technology, education and culture, and community life. Modern machinery has affected leisure in that it has produced an abundance of goods and more free time. It has also standardized and directed the use of leisure. In a way, leisure is machine made. Material achievements, industrialization, and the growth of cities are inexorably bound up with the leisure of the people.

„While there are many social effects of leisure, the most immediate influence is exerted upon human personality.

---

1) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; pp. 21, 22.

The impact of the social environment upon personality has always been felt. A person's occupation conditions his attitudes, habits, wishes, tastes and sometimes his entire life organization. But the most subtle and dynamic influences of the social environment come through recreation engaged in during the free moments. A recreation activity is relatively spontaneous and activated by more immediate and vital interests. Recreation has its physical, mental, emotional, moral, social and civic benefits. It is unusually important for the development of well-balanced personalities and for social welfare.

„While recreation influences personality, the wishes, interests, sentiments, attitudes, and habits of the individual influence his recreation. The play life of people varies with age, sex, race, culture influences, geographic conditions, and social situations. Possibly the greatest variation is due to individual differences. No two individuals are exactly alike in physical and mental make-up and in cultural background. Such uniformities in behavior as exist are largely the product of suggestion and imitation, and the traditions and cultural forms of the group"[1)].

Om uitvoering te kan gee aan hierdie doel en taak van die genoemde Spesiale Sosiologie moet vooraf vasgestel word wat min of meer die wese van Vryetydsbesteding en Ontspanning is, en wel soos verskillende sosioloë dit stel.

(ii) <u>Enkele Definisies en omskrywinge van Vryetydsbesteding en Ontspanning.</u>

Ons sal eerstens aandag gee aan enkele definisies en

---

1) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: <u>Leisure and Recreation</u>; pp. 21, 22.

omskrywinge van die begrip Vryetydsbesteding en daarna ook van Ontspanning.

(a) Vryetydsbesteding (Vrye tyd).

(i) „De vrije tijd is een tijd zonder verplichtingen, die men doorbrengt met activiteiten welke met genoegen gepaard gaan. Activiteiten ook, waarmee men plotseling kan ophouden en die men door andere besigheden kan vervangen"[1)].

(ii) „Leisure is popularly defined as the time we are free from the more obvious and formal duties which a paid job or other obligatory occupation imposes upon us"[2)].

(iii) „Leisure refers primarly to the time which is not occupied by utilitarian pursuits, to freedom from necessary occupation. It is spare time"[3)].

(iv) „Leisure time: The time remaining after the formal duties and necessities of life have been attended to - that is, free time, in which a person may do as he chooses"[4)].

(v) „Leisure, looked at negatively, is merely freedom from absorption in the activities which center upon making a living, or upon studying to become prepared for that work. In its positive aspects, leisure represents a major opportunity for many-sided development of the mature personality"[5)].

(vi) „Leisure. Free time after the practical

1) Pietersen, L.: Sociologie van de Sport; Uitgeverij Het Spectrum, Utrecht/Antwerpen, 1961; p. 9.
2) Schuler, E.A., Gibson, D.L., Fieroy M.L. en Brookover, W.B.: Outside Readings in Sociology; Thomas Y. Crowell Company, New York, 1953; p. 553.
3) Young, Kimball; An Introductory Sociology; American Book Company, New York, 1939; p. 305.
4) Sweedlun, V.S. en Crawford, G.M.: Man in Society; Vol. III, American Book Company, New York, 1956; p. 303.
5) Timasheff, N.S. en Facy, P.W.: Sociology: An Introdiction to Sociological Analysis; The Bruce Publishing Company, Milwaukee, 1949; p. 62.

necessities of life have been attended to. The adjective leisure means being unoccupied by the practical necessities, as, leisure hours; the adverb leisurely applies to slow, deliberate, unhurried undertakings. Conceptions of leisure vary from the arithmetical one of time devoted to work, sleep, and other necessities, subtracted from 24 hours - which gives the surplus time - to the general notion of leisure as the time which one uses as he pleases"[1].

(vii) „In de besteding van de vrije-tijd krijgen de vermogens, die gedurende de arbeid min of meer braak hebben gelegen, hún kans. Dan kunnen zij in actie treden en de vermogens, die in die arbeid actief waren, hebben in diezelfde tijd gelegenheid tot 'recreatie'"[2].

(viii) „Today as in days gone by, we think of leisure as time freed from the survival needs. It may be earned, after the work of the day, or it may be unearned, because of the production of others - usually parents. Leisure, then, is merely part of a 24 hour day. It carries no connotation of quality which is judged by standards set by society" [3].

(b) Ontspanning:

(i) „Recreation is concerned with those activities in which a person participates during hours other than work. It implies that the individual has chosen certain activities in which to voluntarily engage because of an inner selfmotivating desire. Such participation

---

1) Fairchild, H.P.(red.): Dictionary of Sociology; Littlefield, Adams and Co., Paterson, New Jersey, 1961; p. 175.
2) Kuylaars, A.M.: Werk en Leven; H.E. Stenfert Croese, N.V., Leiden, 1951; p. 29.
3) Nash, J.B.: Philosophy of Recreation and Leisure; Henry Kimpton, London, 1953; p. 115.

gives him a satisfying experience"[1].

(ii) „Recreation is relief from toil. It is intended for the rest and rebuilding of wearied muscles and nerves and spirit. It may take any form, but is always lacking in seriousness and usually has value only in re-creating the mind and body of the more serious work of life"[2].

(iii) „Recreation implies re-creating, and in this sense the recreating of energy, of vigor, and interest by becoming warmly human, making intimate contact with our surroundings, human and natural, and so on"[3].

(iv) „Recreation is in many respects a form of preventive maintenance. It is maintenance of those intangible factors in the human being which permit the most effective use of his physical and mental capacities. Recreation is a means of restoring to the individual the freshness and alertness that make for efficiency"[4].

(v) „Recreation is creation: the word implies it. It is a second creation, when toil of body or brain has exhausted the animal or mental spirits"[5].

(vi) „Recreation, then, is what one does for the enjoyment there is in it, for no reward other than the activity itself and which does not contribute to earning a living. It is not what a person does but the reason (or purpose) underlying his doing it that determines whether it is recreation or work"[6].

---

1) Bucher, C.A.: Foundations of Physical Education; The C.V. Mosby Company, St. Louis, 1960; p. 180.
2) Curtis, H.S.: Education through Play; The Macmillan Company, New York, 1922; p.12.
3) Lighton, R.E.: „The Use of Leisure" Artikel in Lantern; April-Julie 1960, Vol. 9, No.4; p. 84.
4) Community Recreation for Defence Workers; National Research Association, Incorporated, New York, 1952; p.8.
5) Smiles, S.: Life and Labour; John Murray, London, 1910; p. 305.
6) Winn, R.B.: Encyclopedia of Child Guidance; The Philosophical Library, New York, 1943; p. 363.

(vii) „Recreation is pleasurable exercise in which the energies, set free from work, are allowed to play in other directions"[1].

(viii) „Recreation is activity engaged in during leisure and primarily motivated by the satisfaction derived from it. It is leisure activity engaged in for its own sake. It cannot be identified by the form it takes (one person's recreation may be another person's work) or the setting in which it occurs. The motivation is its sole determinant"[2].

(ix) „Die woord rekreasie is aan die Latyn ,recreatio' ontleen en beteken herskepping. Dis 'n vryetydsbedrywigheid wat benewens spel tallose en wyduiteenlopende aktiwiteite soos musiek, drama, kuns en ander skeppende of vermaaklike aktiwiteite insluit, waaruit elkeen volgens sy ouderdom, begeertes en belangstellings sy keuse kan doen"[3].

(x) „Recreation. Any activity pursued during leisure, either individual or collective, that is free and pleasureful, having its own immediate appeal, not impelled by a delayed reward beyond itself or by any immediate necessity. Recreation includes play, games, sports, athletics, relaxation, pastimes, certain amusements, art forms, hobbies, and avocations. A recreational activity may be engaged in during any age period of the individual, the particular action being determined by the time element, the condition and attitude of the person, and the environmental situation. A person

---

1) Encyclopedia of Religion and Ethics; Vol.I, Charles Scribnor's Sons, New York, 1908; p. 400.
2) Meyer, H.D. en Brightbill, C.K.: Recreation Administration; Prentice-Hall, Inc., New Jersey, 1956; p.1.
3) Smit C.: „Ontspanning en die Gesin", Lantern; April - Julie, 1960; p. 82.

pursues a recreational activity because he chooses to do so without compulsion other than inner drives - interest, enthusiasm, absorbing attention, enjoyment, and the satisfaction of wishes. Originally recreation meant a more deliberate form of re-creative activity, engaged in chiefly by adults, following exhaustive effort"[1].

(xi) „Die wese van ontspanning moet gevolglik gesoek word in die geestelike instelling van die individu, en is blykbaar 'n werksaamheid waartoe hy individueel of kollektief, aangetrokke voel, passief of aktief, en hy hom gewilliglik gee sonder dwang, beperkings of druk van buite sodat 'n gevoel van bevrediging, vryheid of genot ondervind word"[2].

(xii) „Ontspanning sluit in 'n soort aktiwiteit waaraan daar uit eie keuse deelgeneem word en wat gewoonlik onmiddellike en regstreekse bevrediging aan die deelnemer besorg. Dit is nie 'n teenstelling met werk nie; dit is iets aanvullends by die arbeid"[3].

(xiii) „Onder ontspanning moet ons hier verstaan daardie aktiwiteite en werksaamhede waarmee ons ons besig hou om die blote genot daarvan, in teenstelling met die wat ons werk noem, wat ons onderneem om een of ander doel daarmee te bereik"[4].

(iii) 'n Analise en Klassifikasie van Vryetydsbesteding en Ontspanningsvorme.

(i) Klassifikasie van Vryetydsbesteding en Ontspanning:

In die voorgenoemde definisies en omskrywinge van Vryetydsbesteding en Ontspanning lê implisiet en ekspli-

1) Fairchild, H.P.: Dictionary of Sociology; pp. 251-252.
2) Van der Merwe, I.R.: „Gesonde Gesinsontspanning", in Die Anker van 'n Volk; "in opdrag van Federale Vroueraad, Bloemfontein, 1960; p. 172.
3) Erwee, J.J.: „Nywerheidsontspanning", Vigor; Vol. II., No.1, Desember 1948; p. 10.
4) Keyter, J. de W.: „Die Plek van Ontspanning in Maatskaplike werk", Ontspanning en Maatskaplike Werk; „Tweede Trek"-Reeks No. XIII, Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1941; p.7.

siet die volgende waarheidsmomente opgesluit, soos Smit dit stel: ontspanning as „Vryetydsbedrywigheid wat benewens spel tallose en **wyduiteenlopende** aktiwiteite soos musiek, drama, kuns en ander skeppende of vermaaklike aktiwiteite insluit, ...". Hierdie bedrywigheid word bepaal deur die individu wat daaraan deelneem se persoonlike smaak, aanleg en belangstellings.[1)]

(ii) Die verskeidenheid van persoonlikhede wat deel het in 'n gemeenskap word voorts weerspieël in die variasies van Vryetydsbesteding en Ontspanning.

Sonder om in besonderhede te tree kan ons die waarheidsmomente van Vryetydsbesteding en Ontspanning saamvat in die woorde van Nixon en Cozens:

a. „Predominantly intellectual - reading, writing, study, investigation, research, collecting, etc.

b. Predominantly social - conversation, games, talks, welfare work, politics, etc.

c. Predominantly artistic - arts, literature, music, dramatics, needle work, bead work, woodcarving, etc.

d. Predominantly physical - manual arts, hunting, fishing, hiking, outing, horticulture, individual and group sports and athletics etc."[2)].

By hierdie voorlopige indeling kan ook nog verskeie ander vorme gevoeg word want die verskillende vorme van Vryetydsbesteding en Ontspanning is talryk in die moderne tyd. „Recreation can be of a mental, physical, or social nature, or a combination of all three. It may be

---

1) Vgl. Smit, C.: „Ontspanning en die Gesin", Lantern April - Julie, 1960; p.82.
2) Nixon, E.W. en Cozens, F.W.: An Introduction to Physical Education; W.B. Saunders Company, Philadelphia, V.S.A., 1947; p. 150.

organized or unorganized. It may be planned but is often spontaneous"[1].

D.w.s. hierdie verskillende soorte van Vryetydsbesteding en Ontspanning behels o.a. die beoefening van kuns en kulturele aktiwiteite, sportbeoefening, hetsy individueel, hetsy in groepe en verder 'n magdom van gekommersialiseerde ontspanningsvorme, waarvan die bioskoop en verhoogopvoerings in die huidige tyd seker van die bekendste is. Ook die radio (en televisie in ander lande), die pers en ontspanningslektuur, en selfs sportbyeenkomste het in baie gevalle 'n kommersialisasie ondergaan.

Maar nou is dit ook in die lig van die voorgenoemde kort klassifikasie duidelik dat Vryetydsbesteding en Ontspanning met sy betekenis en verband met die Sosiologie waarheidsmomente bevat.

(ii) Enkele sosiologiese waarheidsmomente in die beskouing oor Vryetydsbesteding en Ontspanning.

Eerstens wisselwerking, deurdat twee of meer persone in groepe met mekaar kontak maak d.m.v. uitwisseling van gedagtes op die intellektuele vlak, op die artistieke, op die verbale d.m.v. die taalmedium, op die sosiale vlak en op die vlak van liggaamlike ontspanning (liggaamlike oefening).

Tweedens die invloed wat wedersyds van persone en groepe uitgeoefen word d.m.v. die opdoen van kennis, kundighede en vaardighede van verskillende soort en aard wat in die werklike lewenspraktyk by Vryetydsbesteding en Ontspanning toegepas word.

Derdens die norme en feite wat individueel en sosiaal van aard is, waardeur o.a. Vryetydsbesteding en Ontspan-

---

1) Meyer, H.D. en Brightbill, C.K.: Recreation Administration; p. 2.

ning 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling en vorming van 'n gebalanseerde persoonlikheid - dit is die pedagogies - rekreatiewe aspek.

Vierdens: Sosiologies is die waarheidsmoment van die produktiewe vorme van Vryetydsbesteding en Ontspanning daarin dat die gedragswyse en verhoudinge op so'n wyse beïnvloed kan word dat die duursaamheid en solidariteitsgevoel van 'n groep gestabiliseer en bestendig kan word.

Vyfdens behoort daar in 'n gesond-georganiseerde gemeenskap of samelewing voldoende fasiliteite vir Vryetydsbesteding en Ontspanning te wees waarlangs oortollige energie van o.a. die jeug produktief gekanaliseer kan word.

Dit bring ons op die volgende standpunt, nl.

(c) Benadering van Vryetydsbesteding en Ontspanning vanuit organisatoriese en administratiewe oogpunt beskou.

Die verband tussen administrasie en organisasie aan die eenkant en Vryetydsbesteding en Ontspanning aan die anderkant in sosiologiese sin en betekenis bestaan daarin dat ons met geordende groepe in die samelewing te make het.

Nou gaan dit in hierdie beskouing om aan te toon wat die sosiologiese bydrae tot die kennis van beter mensverhoudinge en gedragswyse in die groep d.m.v. handelinge en geheurtenisse op die terrein van Vryetydsbesteding en Ontspanning is.

In hierdie verband let ons op 'n paar aanhalings wat die belangrikheid van hierdie beskouing beklemtoon:

"'n Probleem in die verband is die gebrek aan organisasies en fasiliteite. Die samelewing kon nie tred hou met die omwenteling, industrieel, sosiaal en andersins, wat in ons tyd plaasgevind het nie, met die gevolg dat

minder wenslike rekreasievorme in die leemtes voorsien veral in die gedaante van kommersiële vermaak"[1]), en daarom „indien ons verlang dat die individu sy vrye tyd verstandig en nuttig sal aanwend, moet die nodige middele, tegnieke, goeie smaak en regte gesindhede daargestel word"[2]).

'n Ander skrywer kwalifiseer dit deur op die volgende in die algemeen te wys, nl. verskillende instellings (organisatories en administratief) in die samelewing wat verantwoordelik is vir die algemene welsyn; die geestelike, sedelike, liggaamlike en sosiale van mense wat met hul medemens saamleef in groepe, bv. as Meyer en Brightbill stel dat hierdie instellings in die samelewing moet sorg vir: „socially acceptable recreation, planned, established and operated in an organized way and designed to serve the recreation interests of persons who have a common geographical, or institutional bond, and who share a common interest"[3]).

Nou sluit ons aan by die gesin as natuurlike samelewingsvorm:

(i) <u>'n Bydrae deur die gesin tot Vryetydsbesteding en Ontspanning</u>.

Die gesin is 'n „intieme levensverband tussen ouders en kinderen gefundeerd in de natuurlijke afstamming en bloedverwantschap naar de norm der onderlinge liefde"[4]) en hieruit voortspruitende die samelewingsverband waar die kind deur die liefdevolle leiding van die ouers

---

1) Smit, C.: „Ontspanning en die Gesin", <u>Lantern</u>; April-Julie, 1960; p. 82.
2) Idem.
3) Meyer, H.D. en Brightbill, C.K.: <u>Recreation Administration</u>; p. 2.
4) Van Dijk, R.: <u>Mens en Medemens</u>; p. 87.

voorberei moet word vir die volle lewe in die hele samelewing. Ook in hierdie sosialiseringsproses dra verantwoordelike Vryetydsbesteding en Ontspanning onder ouerlike leiding 'n groot deel by. „Wat rekreasie betref, begin die ouer se verantwoordelikheid al by die kleuter... (want rekreasie prikkel) die dink-, redeneer- en onderskeidingsvermoë, en, waar daar met maatertjies saamgespeel word, bevorder dit sosiale aanpassing"[1] en voorts „die allerbelangrikste uitwerking van spel is karaktervorming en die aankweek van sosiale deugde as lid van 'n groep"[2].

Die ouers gee aan die kinders uit hoofde van hul ouerlike roeping ook in Vryetydsbesteding en Ontspanning binne die gesinskring die leiding. „In die verband speel die skool en ander instansies 'n vername rol, maar tog kan hulle geen plaasvervanger vir die ouerhuis wees nie. Ouers moet die voorbeeld stel en die nodige leiding gee. Hulle moet die kinders aanmoedig en talle geleenthede bied vir gereelde, gesonde ontspanning"[3].

Ook bied die gesin met sy eiesoortige ontspanningsmoontlikhede die ideale geleentheid waar die gesinslede (en veral die vader) na 'n dag se werk en die kontakte met sy medemens buite die gesin, tesame met sy gesinslede in gesinsontspanning rus en heraanpassing kan vind. Die waarde en noodsaaklikheid hiervan kan met die volgende aanhalings geskets word: „Sport en spele dien voorts as tuisuitlaatklep vir die agressiewe neigings wat nie deur die daaglikse werk bevredig word nie"[4], en meer

---

1) Smit, C.: „Ontspanning en die Gesin", Lantern; April - Julie, 1960; p. 82.
2) Ibid., p. 83.
3) Ibid., p. 82.
4) Ibid., p. 83.

spesifiek in die stedelike omgewing waar die spannings- en aanpassingsvereistes hoër is, want: „in die stad is die gesinslewe juis dubbel nodig. Die ideale gesinslewe is in die stad 'n hawe van rus na die dag se werk, 'n oord van ontspanning na die dag se spanning, 'n plek van inkeer na die dag van na buitegekeerde aanpassings by mense en situasies. Hier kan die mens hom weer vind in die alleenwees en die intieme saamwees met sy huisgenote"[1] - die huis as vlugheuwel[2].

In hierdie verband is dit noodsaaklik om te let dat die bydrae van Vryetydsbesteding en Ontspanning van die gesinsgroep en in besonder die kindergroep in wisselwerking en vervlegting met ander gesins- en kindergroepe na buite verkeer m.b.t. Vryetydsbesteding en Ontspanning. Hier noem ons veral die vriendskapspatrone[3].

Omdat die verskillende samelewingsvorme neweskikkend en gekoördineerd met mekaar staan, sluit ons nou aan by die staat as regsgemeenskap:

(ii) <u>'n Bydrae deur die staat tot Vryetydsbesteding en Ontspanning</u>.

Die staat is 'n regsgemeenskap - dit harmonieer die regsverhoudinge tussen owerheid en onderdane op die grondslag van die georganiseerde swaardmag[4].

Die probleem in hierdie verband is om, aan die eenkant, aan te toon watter kennisbydrae 'n sosiologiese beskouing oor Vryetydsbesteding en Ontspanning kan lewer tot die staat se rol, d.m.v. die voorsiening van sekere fasiliteite deur bv. wetgewing om 'n gesonde staatsburgerskap te bevorder.

---

1) Pauw, S.: „Die Gesin as Instelling en Volkskern" <u>Lantern</u>; April - Julie, 1960; p. 31.
2) Vgl. Van Dijk, R.: <u>Mens en Medemens</u>; p. 94.
3) Vgl. Basset, R.E.: „Cliques in a Student Body of Stable Membership", in <u>Sociometry. A journal of research in social psychology</u>; American Sociological Association, New York, August 1944; pp. 290 - 302.
4) Vgl. Strong, C.F.: <u>Modern Political Constitutions. An introduction to the comparative study of their history and existing form</u>; Sidgwick en Jackson Ltd., London, 1952; p. 3.

Aan die anderkant is die probleem om aan te toon hoedat die staatsburger(es) o.a. hierdeur beïnvloed en gevorm word om 'n bydrae te lewer tot die vorming en instandhouding van 'n gesond georganiseerde staatstruktuur, m.a.w. tot die wetsgehoorsame burger, wat o.a. deur Vryetydsbesteding en Ontspanning deur die staat die gesonde staatsburgerskapsidee beïnvloed, vorm en ontwikkel.

Sonder om in besonderhede te tree haal ons 'n paar skrywers aan om die vorige stellings t.o.v. die gesonde staatsburgerskapidee te illustreer. In die algemeen kan dit soos volg gestel word: „Because of what it (state) contributes to health, education and general well-being of all people, provision of opportunities for recreation has come to be accepted as a primary public obligation. As in the cases of education, welfare, and protective services, municipal and country governments increasingly have recognized the need for an agency charged with exclusive responsibility for services in the leisure time field"[1).

Uit hierdie aanhaling kan die volgende tereg beweer word, nl. dat deur die verskaffing van fasiliteite vir Vryetydsbesteding en Ontspanning deur die staat, verryk dit die begrip en betekenis wat implisiet en eksplisiet opgesluit lê in die staatsburgerskapidee, d.m.v. die volgende: „the content of civics and political science provides opportunities for developing an intellectual understanding of national and international problems, as well as more locally oriented problems and civic responsibilities"[2).

---

1) Romney, G. Ott: Off the Job Living. A modern Concept of Recreation and its Place in the Postwar World; A.S. Barnes and Company, New York, 1945; p. 66.

2) Moore, C.B. en Cole, W.E.: Sociology in Educational Practice; Houghton Mifflin Company, Boston, New York, 1952; p. 352.

Met hierdie vooropgestelde doel is die organisasie, administrasie en beplanning en kontrole van so'n aard dat die wese van staatsbeplanning t.o.v. Vryetydsbesteding en Ontspanning die volgende in die oog het: „The community programs of recreation are not isolated from the state and national programs. State departments of education have shown great interest in developing local recreation departments. This is also true of other state agencies and of federal organizations that have local units. The federal and state agencies have increasingly acted in partnership with local governments in the planning and developing of park and recreation systems, areas, and programs throughout the country"[1]. Wat hier t.o.v. die Verenigde State van Amerika gesê is, geld ook vir ander wêreldstate.

Vervolgens skenk ons aandag aan die kerk as geloofsgemeenskap wat met die vorige samelewingsvorme in wisselwerking is:

(iii) 'n Bydrae deur die kerk tot Vryetydsbesteding en Ontspanning.

Die kerk as geloofsgemeenskap van christengelowiges[2] het ook verantwoordelikheid vir die Vryetydsbesteding en Ontspanning van sy lede, ook omdat „vrije tijd heeft een zelfstandige functie naast het werk. Wij moeten hem daarom niet in die eerste plaats afhankelijk van dat werk zien, maar als een gave, die iets toont van de shalom van het Koninkrijk"[3].

---

1) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; p. 370.
2) Vgl. Van Dijk, R.: Mens en Medemens; p. 115.
3) De Vries, E.: De Dienst van de Kerk aan de Industrie - arbeider; T. Wever, Franeker, 1962; p. 175.

Die kerk se leiding op hierdie gebied is dus ook noodsaaklik, want die kerk kan hom nie losmaak van die gehele lewe van die mens nie. „Ons godsdiens moet nie in 'n afgeslote kompartement geskei wees van die res van ons lewe nie"[1], en moet die kerk ook buite die sfeer van die erediens en bediening van die sakramente vir sy lidmate sorg, en dit is in lyn met die stelling van Habermehl: „de kerk is een gemeenschap, maar wil zij werkelijk een hechte gemeenschap zijn, dan moet zij rusten op een bestaande sociale gemeenschap"[2].

Hierdie kontak en wisselwerking met die „bestaande gemeenschap" word deur die kerk bewerkstellig deur o.a. die verenigingslewe wat veral op die potensiële- en jeuglidmate betrekking het, nie alleen vir die ontspanning as enigste doel nie, maar ook om die Vryetydsbesteding en Ontspanning as 'n gawe Gods onder die leiding van die kerk te laat dien tot die eer van God. „Werk en rus, werk en ontspanning, werk en spel - dit is die kosbare ritme wat die Here in sy skepping geplaas het"[3], en word soos volg gehandhaaf: „er moet voor gezorgd worden, door de ouders en door de kerk, dat de jeugd der kerk niet terecht komt in allerlei organisaties, waar zij geestelijk negatief beïnvloed wordt en zo gevaar loopt...

„Zolang er met de christelijke gezindte in het algemeen geen ernstige rekening wordt gehouden en het niet kan komen tot christelijke bedrijfsclubs en -avonden, zullen wij vooral met het oog op onze jeugd de voorkeur

---

1) Duvenage, S.C.W.: „Besteding van vrye tyd by die jeug", My Roeping; Bond van J.V. op G.G. in Transvaal, Pretoria, 1954; p. 89.
2) Habermehl, D.N.: Ons Dagelijks Werk; p. 115.
3) Venter, H.: „Die jeug in spel en sport", Hoofstuk in Dink aan jou Skepper...; Pro Rege-Pers Bpk.,. Potchefstroom, 1960; p.115.

moeten geven aan christelijke organisaties en ontspanningsmogelijkheden buiten het bedrijf"[1], met die volgende ideaal, wat tegelyk ook nie die sosiologiese aspek agterweë laat nie, nl. „the chief purpose is to promote Christian life and mutual acquaintance among members and to train them for church and community work"[2]. D.w.s. die verhoudinge en gedragswyse tussen die jongmense word buite die kerk d.m.v. Vryetydsbesteding en Ontspanning saamgesmee tot 'n eenheid binne kerkverband en veral in 'n bepaalde gemeente.

Vervolgens noem ons die industrie en Vryetydsbesteding en Ontspanning, omdat ook die industrie as groep of samelewingsvorm neweskikkend en gekoördineerd met die vorige samelewingsvorme is.

(iv) 'n Bydrae deur die industrie tot Vryetydsbesteding en Ontspanning.

Die moderne groot-industrie met sy duisendtalle werknemers bestaan as werkverband op rasionele organisasie van arbeid, kapitaal (tegniese apparatuur) en natuur ter wille van die produksie van nuttige goedere en dienste. Dit vereis 'n in besonderhede uitgewerkte organisasie vanaf 'n sentrale „bedrijfsbureaucratie", wat op sy beurt weer die sosiale solidariteits- en samehorigheidsgevoel van die werkers bedreig[3]. Van Dijk spreek hom hieroor soos volg uit: „daardoor is de binding van de bedrijfsgenoten, met name van de arbeiders in het bedrijf veelszins een onpersoonlijke geworden en heeft het werkverband voor de beleving van de werkgemeenschap niet meer de steun van het persoonlijk contact tussen alle bedrijfsgenoten"[4].

---

1) Habermehl, D.N.: Ons Dagelijks Werk; p. 107.
2) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; p . 385.
3) Vgl. Van Dijk, R.: Mens en Medemens; pp. 125 - 126.
4) Idem.

Hiermee belig hy ook die klaarblyklike kern van die probleem met die volgende woorde, nl. „meer en meer krijgt het grootbedrijf voor de beleving van de eenheid dan ook behoefte aan daarop gerichte symbolen (bedrijfsinsigne, gezamentlijke uitgaansdagen, 'toog'-dagen, bedrijfsontspanningsgebouwen etc.) zoals de staat zijn vlag, zijn nationale feestdagen en andere symbolen nodig heeft"[1].

Dieselfde gedagte word deur Bosman met die volgende aanhaling gestel as hy sê „ontspanning kan 'n belangrike funksie in hierdie toestand verrig. Daardeur kan 'n beter ken-mekaar-verhouding - baas teenoor werker en die werkers onderling - ontstaan. Verder kan dit meehelp om statusverskille uit te skakel en samewerking en respek verhoog om mekaar se probleme beter te verstaan... Indien hulle (die werkers) in ontspanningsdeelname gesellig saam verkeer, sal hulle hegter vriendskapsbande en verhoudinge opbou, en dit sal na hul werk oorgedra word en 'n beter spangees sal daar gevind word"[2].

Maar die industrie-ontspanning moet ook sy invloed na buite laat geld, omdat die arbeider nie net bedryfslid is nie, maar ook gesinslid en in die volle samelewing deel het. „Hoe beter die werks- en ontspanningsfasiliteite is, hoe gelukkiger sal die werker en sy familie en <u>hegter die gemeenskapslewe</u> wees. Daarom is die verantwoordelikhede van die nyweraar... teenoor sy werknemers groter - ook wat die ontspanningsmoontlikhede betref"[3].

'n Klinkklare bewys hiervan is bv. die feit dat o.a.

---

1) Vgl. Van Dijk, R.: <u>Mens en Medemens</u>; p. 127.
2) Bosman, J.S.K.: <u>Liggaamlike ontspanning in Enkele Suid-Afrikaanse Nywerhede</u>; ongepubliseerde M.Ed-verhandeling, Potchefstroom, 1962; pp. 52, 53.
3) Idem.

ook 'n aftrekking gemaak word van die salaris of loon van die industrie-werknemer t.o.v. Vryetydsbesteding en Ontspanning, m.a.w. vir sosiale aktiwiteite buite die bedryf[1]. In hierdie verband is die voorgenoemde, die sg. X-faktor om die doel van produksie in die industrie te verbeter, te vinde in „the human end. It (is) an attitude, the way the girls (feel) about their work and their group"[2].

Laastens verwys ons na die skool as opvoedings- en onderwysgemeenskap, omdat ook die skool as groep of samelewingsvorm neweskikkend en gekoördineerd met die vorige samelewingsvorme is.

(v) <u>'n Bydrae deur die skool tot Vryetydsbesteding en Ontspanning.</u>

Die skool is 'n „eiesoortige in die tydelike werklikheid gedifferensieerde, Godgewilde samelewingsverband met 'n eie taak en terrein wat verskil van die van enige ander samelewingsverband en waaroor geen ander samelewingsverband mag heers..."[3]

Vir die doel van hierdie bespreking let ons op die skool se taak van onderriggewing slegs vir sover dit met Vryetydsbesteding en Ontspanning in verband staan.

Die skool het 'n belangrike taak in die voorsiening en leiding in die behoeftes van Vryetydsbesteding en Ontspanning van die kind, omdat hy o.a. daarin <u>opgevoed</u> moet word. „Hierdie kinders ontvang ook behalwe die kulturele vorming binne die klaskamer 'n kulturele vorming buite die klaskamer. Die gesamentlike spel, die kompetisie binne die spel, in een woord die <u>opleiding m.b.t.</u>

---

1) Vgl. o.a. Blyvooruitzicht Goudmynmaatskappy Bpk. se konstitusie in hierdie verband se diensvoorwaardes vir blanke werknemers.
2) Miller, D.G. en Form, W.H.: <u>Industrial Sociology</u>; Harper, New York, 1958; p. 79.
3) Taljaard, J.A.L.: <u>Lewens- en Wêreldbeskouing B</u>; Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom, 1960; p.1.

vryetydsbesteding is ook 'n inherente deel van die werk deur die onderwyser, is 'n behoefte van die kind, en vir die vorming daarvan het hy kragtens sy kind-wees reg op"[1].

Hieruit blyk dat Vryetydsbesteding en Ontspanning dus 'n wyer betekenis dra as blote verdrywing van surplus tyd. In werklikheid moet die skool ook in die leiding op daardie gebied sorg vir die kind se sosiale opvoeding wat later in die volle lewe en in volwassenheid weerklank vind. „In games and sports the child develops the qualities that are essential for a succesful and happy life. He learns to be generous, fair, friendly, and tolerant..."[2], m.a.w. ook hierdie aspek van Vryetydsbesteding en Ontspanning lewer 'n bydrae tot die wordende persoonlikheidsontwikkeling van die kind wat geleidelik en op verantwoordelike wyse gelei word om op gesonde wyse aansluiting by die samelewing te vind.

Die skool is ideaal ingerig om in die bg. sport en spele te voorsien, soos wat dit immers algemeen die geval is. Talle georganiseerde groep-sportsoorte bestaan by die skool en hiernaas bied dit ook vir ander vorme van ontspanning die geleenthede in die vorm van biblioteke, verenigings, ens. waar die kind gelei kan word tot kulturele ontspanning.

Die skool se leiding t.o.v. Vryetydsbesteding en Ontspanning moet daarop gemik wees om in die beskermde sosiale milieu wat die skool bied die kind die nodige oordeel te laat kweek vir die samelewing se verskeidenheid van vorme vir Vryetydsbesteding en Ontspanning. „It (Education for leisure) must begin early in the home and be given large attention during the flexible youthful years in

---

1) Taljaard, J.A.L.: Lewens- en Wêreldbeskouing B; p.5.
2) Beck, R.H. (Red.): The Three R's Plus. What today's schools are trying to do - and why; University of Minnesota Press, Minneapolis, 1956; p. 295.

school and community"[1)].

Die bg. aanhaling wat van die gesin, skool en gemeenskap in dieselfde verband melding maak dui op 'n wisselwerking en aanvulling t.o.v. Vryetydsbesteding en Ontspanning wat kortliks die aandag geniet.

(vi) Die Wisselwerking tussen die samelewingsvorme t.o.v. Vryetydsbesteding en Ontspanning.

„Die verskillende verbande het deur hulle eksterne funksie onderling met mekaar te doen: die kerk as instituut staan in 'n verhouding tot elke ander en elke ander een staan weer tot die ander in verhouding. Die menslike eksistensie gaan in geen enkele verband van die samelewing op nie, word deur geen enkele verband geabsorbeer nie; die verbandsverhoudinge word deur die maatskapsverhoudinge aangevul en is met mekaar op allerlei wyse vervleg"[2)]. 'n Verdere omskrywing van wisselwerking is die volgende: „It (interaction) is part of the societal functioning which cannot be avoided. It is a natural product of human associations..."[3)] en verder die aard daarvan is soos o.a. Park dit stel: „Such an individual is an interacting member of the social order"[4)].

Hieruit blyk dat die wisselwerking geskied tussen twee mense en meer in 'n goep op alle terreine en aspekte van die lewe.

Hiermee word die begrip van die algemene aard van wisselwerking duidelik gestel. Wat nou in besonder die wisselwerking t.o.v. Vryetydsbesteding en Ontspanning betref word van 'n aantal aanhalings gebruik ge-

---

1) Brightbill, C.K.: Man and Leisure. A Philosophy of Recreation; Prentice-Hall, Inc., New Jersey, 1961; p. 280.
2) Taljaard, J.A.L.: Lewens- en Wêreldbeskouing B; p.19.
3) Kinneman, J.A.: Society and Education; The Macmillan Company, New York, 1932; p. 271.
4) Park, R.E.: An Outline of the Principles of Sociology; Barnes en Noble, New York, 1939; p. 111.

maak om dit in breë trekke te stel.

Die wisselwerking, soos gestel, behels dat die mens aan verskillende samelewingsvorme deel het: die vader van 'n huis is ook kerklidmaat, staatsburger, beroepspersoon, ens.; die kinders in 'n gesin is leerlinge van 'n skool, lede van bv. 'n Sondagskool, ens. Daar heers 'n noue kontak tussen die verskillende instellings en die lede word daardeur geraak, beïnvloed en gevorm. 'n Goeie voorbeeld hiervan laat Oberman ons sien: „Het Zondagsprobleem is bij uitstek urgent. De wedstrijden op Zondag met het noodwendig gereis, getrek op dien dag, met al den nasleep van familie-ontwrichting, zijn een kwaad dat zonder werkelijke schade voor de sport kon worden vermeden"[1]. Dit is die beeld as die wisselwerking versteur is.

Ons volstaan met die volgende: „met immer stygende bankkostes, toenemende gebrek aan ope ruimtes en die swaar las wat op dorpsgebiedontwikkelaars gelê word om grond beskikbaar te stel vir onderwysruimte- en regeringsdoeleindes, het die tyd aangebreek dat ons ernstig moet oorweeg of daar nie 'n bevredigende stelsel uitgewerk kan word waarvolgens geriewe vir die onderwys <u>en vir gemeenskapsontspanning, jeugwerk en kulturele bedrywighede gesamentlik</u> en deur die provinsie en plaaslike owerhede ontwikkel en onderhou kan word nie.

„'n Mens dink in hierdie verband onwillekeurig aan die dae toe ons plaasskole as belangrike kultuursentra op die platteland gedien het. Die behoefte aan sodanige

---

1) Oberman, G.W.: <u>Jeugd, Sport, Christendom</u>; p. 120.

sentra in ons stede is nie minder dringend nie en dit kan gerus as 'n ideaal gestel word om ons skole as gemeenskapsentra in die ware sin van die woord te laat ontwikkel"[1].

Saamgevat, is die vorige en ook ander sake m.b.t. Vryetydsbesteding en Ontspanning in die skole 'n integrale deel van skoolaktiwiteite, trouens dit is vasgelê in bv. die diensvoorwaardes van onderwysers [2].

(d) Samevatting en eie opvatting.

(i) Vryetydsbesteding en Ontspanning het reeds by die vroegste beskawings bestaan, maar in gans ander verskyningsvorme en met 'n baie geringer betekenis as wat dit in die huidige Westerse beskawing tot uiting kom.

Sedert die Industriële Revolusie en die gevolglike wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang het Vryetydsbesteding en Ontspanning binne die bereik van die menigtes gekom en is dit tans 'n reg waarop elkeen aanspraak kan maak.

(ii) Vryetydsbesteding en Ontspanning het met die historiese ontwikkeling daarvan beïnvloedende en vormende kragte geword wat o.a. 'n onmisbare bydrae gelewer het, en nog lewer tot die vorming en ontwikkeling van die mens se persoonlikheid en as sulks is dit deel van die samelewing en kultuur.

(iii) Met die uiters belangrike plek wat Vryetydsbesteding en Ontspanning in die moderne samelewing inneem, is dit ewe noodsaaklik dat dit as sosiale krag ten goede gerig sal word sodat „leisure should give us an opportunity to develop the social life, for a social life is

---

1) Openingsrede: Sy Edele F.H. Odendaal, Administrateur van Transvaal, by Jeugkonferensie van Noord-Transvaal van die Afdeling Opvoeding Buite Skoolverband, Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, in die Tegniese Kollege, Pretoria, 8 Junie 1962. (Brosjure.)

2) Vgl. o.a. Taute, B.: Skoolhoof, assistent en Professie; Unie-volkspers, Kaapstad, 1940.

impossible without leisure. We need this free and unreserved time for the cultivation of an intelligent sympathy which is needed for co-operation, for leisure favors co-operation rather than competition. We must look upon leisure as an essential element in any well-rounded life, not so much for what it is in itself as for what it permits and encourages and accomplishes..."[1)]

(iv) Daarom moet Vryetydsbesteding en Ontspanning ook deur die Sosiologie, as „de wetenschap van de structuren der menselijke samenleving en de processen die zich daarin afspelen,"[2)] bestudeer word.

Dit is ook soos Kuiper dit stel: „Ook de sociologie is geïnteresseerd in de vrijetijdsbesteding, omdat deze evenals de arbeid in hoofdzaak in het intermenselijk verkeer plaasvindt"[3)].

---

1) Cutten, G.B.: The Threat of Leisure; p. 126.
2) Grosheide, F.W. en Van Itterson, G.P. (red.): Christelijke Encyclopedie, Vol. VI; Kok, N.V. Kampen, 1961; p. 201.
3) Ibid., p. 537.

# HOOFSTUK 2.

## 'N PRINSIPIEEL-SOSIOLOGIESE BESKOUING OOR ARBEID EN DIE KONNOTASIE MET VRYETYDSBESTEDING EN ONTSPANNING.

### (a) Uitgangspunt.

Ons kies 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing, nl. die Christelike op transendente standpunt, om aan te toon wat die Bybel sê van arbeid, voor en na die sondeval, die arbeidsverhoudinge en 'n motivering van die instelling van die Sabbat om te kom tot 'n begrensing en relativering van die waarde van 'n variasie van roepingsarbeid.

Aan die mens is opgedra om alles op die aarde verantwoordelik te beheers. Hy beheers dit dus deur 'n skeppingsopdrag wat deur God hom opgelê is om God te dien, te arbei om homself te onderhou en van lewensmiddele te voorsien, maar ook om daardeur sy medemens te dien - so verheerlik hy die naam van God. „God heeft, naar wij ook nog verder zullen zien, ons de arbeid gegeven als een middel in Zijn dienst. De dienst van Hem omvat veel, bijv. de bevordering van het welzijn van het naaste en het bewaren en verder ontwikkelen van de Schepping. De arbeid is dus door God aan die mens gegeven als een middel in zijn hand bij zijn dienen van God"[1].

Hierdie bg. aanhaling skakel die gedagte dat arbeid 'n doel op homself is of 'n middel om ander doeleindes te bereik, geheel uit. Die ware doel lê in die volgende opgesluit, nl. „die arbeid is geen noodsaaklike kwaad nie, geen ekonomiese koopwaar nie, geen inleiding tot die vrye

---

1) Habermehl, D.N.: Ons Dagelijks Werk; p. 14.

tyd nie, geen broodwinning, maar ten diepste die uitvoering van die kultuuropdrag deur ons Hemelse Vader op ons gelê"[1].

Die laaste gedeelte van bg. aanhaling bring ons nou by **die** taak om die arbeid in die lewenspraktyk te beskou n.a.v. die beginsels soos dit vir die mens, die groep en verhoudinge te vinde is in die Woord van God.

(b) Die beginsels vir die lewe uit die Woord van God getoets aan die norm in Jesus Christus.[2]

„Op meér dan één plaats in de bijbel spreekt God de verwachting uit, dat wij Hem door onze arbeid zullen dienen. Hij verwachtte dit van de mens in het paradijs; Hij verwachtte dit van de mens na die zondeval en Hij verwacht dit niet minder van de mens die zich door Christus verlost weet"[3].

God het self die arbeid ingestel en aan die mens opgedra om met arbeid Sy opdrag te gehoorsaam en Hom daarmee te dien. „Of die mens nou tot God bid en Hom loof in sy godsdiens, of hy sedelik handel, of hy reg vorm, of hy kuns skep, of hy ekonomiese goedere produseer of verhandel, of hy wetenskap vorm, of hy taal vorm, of hy geskiedenis maak, of hy siekes genees, of hy diere dresseer, of hy die aarde bewerk, ploeg, saai en maai, of hy huise bou, of hy werk of speel - op alles wat hy as individuele of as sosiale wese (kerk, volk, staat, gesin, maatskappy, ens.) doen en laat, werp die Heilige Skrif sy lig en vir dit alles is hierdie Woord van God 'n rigsnoer vir sy lewe"[4].

---

1) Du Preez, D.C.S.: „Die mens en sy arbeid", in Koers. Maandblad vir Calvinistiese Denke; Augustus 1958; p. 40.
2) Vgl. Van Dijk, R.: Mens en Medemens; p. 70.
3) Ruppert, M.: Naar een Rechtsorde van de Arbeid; J.N. Voorhoeve, Den Haag, 1959; pp. 7, 8.
4) Stoker, H.G.: Die Stryd om die Ordes; Calvyn Jubileum Boekefonds, 1941; p. 221.

Hierdie aanhaling stel die vereiste dat ons ons arbeid moet toets en ken in die lig van die geopenbaarde Woord Gods, wat ons onder die volgende opskrif doen.

(i) Instelling van die arbeid.

Tot uitgangspunt stel ons die volgende: Die mens is volgens sy aard, wese, taak, roeping en bestemming 'n religieuse wese wat o.a. in die verantwoordelike arbeid opgesluit lê soos ons lees in Gen. 1: 28, 29, en ook Gen. 2: 15 dat die tuin van Eden deur die mens bewerk en bewaak moes word. God het die mens met heerlikheid beklee wat hom in staat stel en wat hy moet aanwend om oor die skepping te heers want „met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van U hande aangestel". (Hebr. 2: 7).

God het die mens dus geroep as medearbeider aan die skepping, want sy werk met die wêreld het nie na die skepping afgesluit nie, maar volg 'n deurlopende raadsplan deur die geskiedenis en is te bespeur in die daaglikse gebeure. In o.a. 1 Kor. 3: 9 („Want ons is medewerkers van God,") ken die mens die feit dat hy medearbeider is en dat hy in en deur sy arbeid aan 'n opdrag van God moet gehoorsaam wees.

Die arbeid is daargestel as middel waarmee hy die skepping van God beheers, ontwikkel en bewaak. „Die arbeid van die mens is wesensverskillend van die van die dier, juis omdat die mens arbei onder goddelike mandaat. Arbeid hoort dus tot een van die skeppingsordinansies"[1)] In sy diepste wese moet en kan die arbeid dus ook nooit 'n suiwer subjektiewe karakter dra nie. Dit moet voort-

---

1) Duvenage, B.: Beroepsarbeid in die Lig van die Gereformeerde Etiek; gepubliseerde Th.D.-proefskrif, Potchefstroom; p. 64.

durend heenwys en heenlei na Bo, sodat „die vertikale dimensie van die goddelike gebod 'n besliste prioriteit besit bo die horisontale dimensie van ons lewenswerklikheid"[1].

Met bostaande in gedagte is dit duidelik dat die aardse loon op die arbeid nie die eerste stimilus tot die arbeid moet wees nie (hoewel die regverdige loon nie van die arbeider ontsê kan word nie; dit behoort te dien tot lewensinstandhouding en beter arbeid). Die arbeid word daardeur gekenmerk dat dit nie deur die loon gemotiveer word nie, maar deur die roeping en diens van God. Paulus laat ons verstaan dat die arbeid geen aardse voordeel ten doel mag hê nie, maar die gehoorsaming van die wil van die Here. In Kol. 3: 23 en 24 lees ons: „En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here die erfenis as vergelding sal ontvang, want julle dien die Here Christus".

Met bostaande kort bespreking is aangetoon dat arbeid, deur die mens as instrument, 'n middel is om Gods opdrag uit te voer. Die mensepaar in die Paradys was ontrou en het in sonde geval.

Met hierdie sondeval het die mens 'n vloek op die aarde op hom getrek, maar waarmee die wese van die arbeid tog nie tot vloek verander is nie. Hierdie punt dien net kortliks beklemtoon te word omdat wanneer die mens die goeie wil, lê die kwade hom by.

(ii) <u>Arbeid en vloek</u>.

In Gen. 3: 17 - 19 word hierdie vloek uitgespreek

---

1) Duvenage, B.: <u>Beroepsarbeid in die Lig van die Gereformeerde Etiek</u>; p. 65.

m.b.t. die aarde en mens - „vervloek is die aarde om jou ontwil".

Hierdie wete van die vloek het aanleiding gegee tot die gedagte dat die arbeid self eers ontstaan het, en verrig moes word as 'n gedeelte van die straf op die erfsonde. Maar die arbeid is reeds voor die sondeval in die skeppingsopdrag daargestel, toe God die mens in Eden geplaas het „om dit te bewerk en te bewaak".

Na die sondeval het die arbeid nogtans vir die mens verander. Die mens het afhanklik van sy arbeid geword in die sin dat dit 'n stryd geword het teen die aarde waaruit „dorings en distels" voortkom[1]. (Die arbeid het 'n stryd geword en die mens moet nou stry vir sy eie bestaan omdat hy „uitgedryf" is uit die paradys).

Ons moet hierdie probleem soos volg sien: die arbeid is vry van die vloek omdat Christus ons bevry het van al ons ongeregtighede „ook van die in onze arbeid,"[2] maar ook met sy arbeid kom die sondige mens met die vloek in aanraking, en dit beteken 'n versteuring van die arbeidsverhoudinge, wat in vier dele uiteenval[3].

(a) <u>Eerstens is die verhouding tussen mens en arbeidsveld versteur.</u>[4]

Die mens is uit die stof van die aarde gevormeer. Die aarde (Paradys) was die mens se arbeidsveld, en die grondslag vir sy arbeid om in sy natuurlike lewensbehoeftes en lewensonderhoud te voorsien.

Met die breuk tussen die mens en God is die natuurlike solidariteit tussen mens en aarde ook versteur

---

1) Vgl. Van der Walt, S.P.: „Arbeid en roeping by die jeug", <u>Dink aan jou Skepper...</u>; Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom, 1960; p. 97.
2) Habermehl, D.N.: <u>Ons Dagelijks Werk</u>; p. 9.
3) Vgl. Ibid., p. 10.
4) Vgl. Idem.

deurdat hy nou in die sweet van sy aangesig sy daaglikse brood moet verdien. Dit beteken o.a. dat die aarde hom teen die mens gekeer het en onder meer gesondheid, kragsinspanning ens. vereis in sy arbeid.

Maar hierdie probleme is ook probleme vir die mens in sy saamlewe met sy medemens, en wel met die volgende opskrif:

(b) Tweedens is die verhouding tussen mens en medemens versteur.[1)]

In Gen. 4: 8, 9 word 'n heel vroeë en duidelike beeld gegee van die vertroebeling van die mens-medemens-verhouding, nl. die broeder-moord van Kain. Dit vind ook vandag weerklank in die moederne arbeidsomstandighede. Mense is in die arbeid op makaar aangewese en werk met mekaar saam. Hier het die vloek die harmonie versteur met egoïsme en naywer as gevolg. Die arbeid bring mense nie nader aan mekaar nie, maar deur die sonde word die mens eerder daagliks teenoor sy medemens afgespeel en van mekaar verwyder.

Die moderne arbeid in bv. talle industrieë vra om 'n solidariteitsgevoel wat duursaamheid van samewerking beïnvloed tot die uitvoering van 'n gemeenskaplike doel wat die element of faktor van tussenmenslike verhoudinge onderstreep.

Maar ook in 'n ander opsig is daar die volgende waaraan ons aandag bestee, nl.:

(c) Derdens, die verhouding van mens tot God is versteur.[2)]

„Dat is de vloek ten diepste: een verbreking van de

---

1) Habermehl, D.N.: Ons Dageliiks Werk; p.9.
2) Vgl. Ibid., p. 13.

verhouding van de mens tot God"[1]. Hier sien ons dat die vloek tot gevolg het dat die mens telkens poog om die band met God te verbreek, sonder inagneming van God se seën- en verbondsbelofte. (bv. Gen. 17: 7)

Nou kan ons verskillende voorbeelde opnoem waar die vloek van die sonde van die mens teenoor die seën van die Here blyk: die naam en die wil van die Here is bekend maar word in die lewe self gebruik vir ydele en sinlose doeleindes en ook slegs waar dit die mens pas. God word uit die daaglikse lewe uitgeskakel, en Sy voorsienigheid word nie erken nie.

Maar hierdie geskonde verhouding tussen die mens en sy Skepper word ook bespeur en vind weerklank in die verhouding van die mens tot sy arbeidsveld (bv. in Gen. 3 en 4 die oortreding van die proefgebod) en tot sy medemens (bv. Kain as moordenaar).

(d) Vierdiens is die verhouding van die mens tot sy arbeid versteur[2].

Deurdat die mens God uit sy gesigsveld verloor neem die arbeid die plek van God in, en verslaaf die mens. Die mens word gedryf na die arbeid om sy bestaansekerheid in die arbeid te probeer vind. „Hierdie negering van die vertikale dimensie staan in onmiddellike verband met die deurwerking van die sonde op die gebied van die arbeid...

„Deur die sonde is die bewuste lewensband met God deurgeknip en word die arbeid verselfstandig teenoor God. Deur die ontworteling van die arbeid bestaan die gevaar dat dit 'n outonome grootheid sal word"[3].

---

1) Habermehl, D.N.: Ons Dagelijks Werk; p. 13.
2) Ibid., p. 14.
3) Duvenage, B.: Beroepsarbeid in die Lig van die Gereformeerde Etiek; p. 66.

Laat ons volstaan by die volgende aanhaling m.b.t. die versteurde mens-arbeid-verhouding: „en nou is dit die tragedie van die hoogmoed van die mens dat hy hom verhef op die resultate van sy arbeid, hierdie resultate omsit in 'n magsposisie,... En dit is o.a. die krisis in die arbeid dat die mens in baie gevalle die arbeid sien as bloot 'n broodwinning, 'n las, en 'n vloek, m.a.w. die religieuse en sedelike betrokkenheid van die arbeid op God en op sy medemens totaal negeer"[1].

Maar hierdie viervoudige vloek wat die mens oor sy arbeid gehaal het word nie so gelaat nie. God gee daaraan nuwe betekenis en waarde deurdat die verhouding tot God deur Christus herstel is.

(iii) Herstel van die arbeid deur die soenverdienste van Jesus Christus.

Christus het die verlossing van die vloek volbring deur Self knegskap te dra (Filip. 2: 7) en die vloek op hom te neem (Gal. 3: 13). „Zo heeft Hij, de Knecht des HEREN, ons bevrijd van het zware, van de moeite, van de slavernij, kortom: van de vloek van de arbeid"[2].

Maar nou impliseer bg. duidelik dat die arbeid nuwe sin verkry deur die soenverdienste van Jesus Christus. Arbeid is nie alleen antwoord aan 'n roepstem en opdrag Gods nie; dit is ook antwoord op die vergewing van God en hieruit voortspruitende is arbeid ook uiting van dankbaarheid jeens Hom. „Zo herkrijgt ook de zwaarste arbeid perspectief. Aan de slaven van zijn dagen schreef Paulus: ,Wat gij ook doet, verricht uw werk van harte, als voor de Heer en niet voor mensen"[3].

---

1) Du Preez, D.C.S.: „Die mens en sy Arbeid", Koers, Augustus 1958; p. 38.
2) Habermehl, D.N.: Ons Dagelijks Werk; p. 18.
3) Ruppert, M.: Naar een Rechtsorde van de Arbeid; p. 9.

„Als voor de Heer" dui vir ons daarop dat arbeid nie 'n doel op sigself moet wees nie, maar dat arbeid voortdurend getoets moet word aan Jesus Christus as norm.

(iv) Waarmaking van Godgegewe wette en norme in die arbeid van die mens, die samelewing en die kultuur.

Nou het ons in die samelewing te make met God-gegewe wette en norme, wat waar gemaak moet word deur die mens en die groep - dit is ons christelike roeping, „het is de blijvende roeping van de Christen, persoonlijk en met zijn mede-Christenen, het cultuurpatroon in alle onderdelen (d.w.s. ook die arbeid) onophoudelijk de toets aan te leggen van de geopenbaarde Norm in Christus Jesus. Het kruis op zich te nemen achter Christus aan, betekent zeker niet in de laatste plaats zich innerlijk vrij te maken tegenover de gewende normen van zijn samenleving en van de samenlevingskringen, waaraan men deel heeft.

„Opdat óók in de samenlevingsorde Christus meer en meer gestalte verkrijge"[1].

Dus moet die arbeid beskou word in die lig van Gods Woord, tw. spesifiek die arbeidsgebod (volgens arbeidsbeginsels vir die lewenspraktyk): „ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God;..."

Hiermee word ook die Sabbat as rusdag erken en gemotiveer uit die Woord van God.

(c) Die motivering van die instelling van die Sabbat en Vrye tyd as noodsaaklike goed.

Die Sabbat en die betekenis van die instelling daarvan word deur Ruppert soos volg gestel „bij deze ordening van de arbeid heeft God het echter niet gelaten. Hij ordende ook de vrije tijd. Reeds onder de oude verbond

---

1) Van Dijk, R.: Mens en Medemens; p. 70.

stichtte Hij de sabbat, waarop de mens rusten en feestvieren mag. Rusten en feestvieren ter herinnering aan het rusten van God op die zevende dag.

„Onder het nieuwe verbond neemt Christus' opstandingsdag de plaats in van de sabbat. Maar de rust blijft en het feest krijgt nóg dieper zin.

„Wij aanvaarden die ordening als een geschenk uit Gods hand en wij zullen die ordening niet zonder grote geestelijk-zedelijke schade overtreden"[1].

Die rusdag is deur God self by die Skepping ingestel (Gen. 2: 2 en 3), en is dus binne die skepping aan alle mense gegee vir die nodige God-verantwoorde rus (Ex. 20: 10 „maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God;...").

Maar hierdie rus mag nie aanvaar word as 'n absolute niksdoen nie - dit gaan immers om die rus van die werk - want in die ritme van besig-wees en rus kan en moet die mens die beelddraer Gods wees, deur die vierde gebod na te kom.[2]

Dit blyk nou dat arbeid en vryetyd (d.w.s. rus van die arbeid) nooit los van mekaar gesien kan word nie, en dat dit so as instelling in die Skepping vas staan.

Ons het hier spesifiek te make met die motivering van die instelling van die Sabbat. Tot vertrekpunt neem ons 'n aanhaling van Habermehl om lig te werp op hierdie vraagstuk in 'n sosiologiese beskouing: „Van de meeste betekenis is wel de motivering van de instelling van de Sabbat. <u>De Sabbat hielt een duidelijke begrenzing en relativering van de arbeid in</u> (Gen. 2: 1 - 3; Deuter. 5: 12 - 15).

„De mens mocht geen slaaf worden van zijn arbeid; hij

---

1) Ruppert, M.: <u>Naar een Rechtsorde van de Arbeid</u>; p. 10.
2) Vgl. Grosheide, F.W. en Van Itterzon, G.P. (red): <u>Christelijke Encyclopedie</u>, Deel 6; p.8.

moest zijn werk lós kunnen laten en moest daar elke Sabbat weer een proef van leveren.

„In betrekking tot het vraagstuk van de vrije tijd kan gezegd worden: <u>een mens moet zo veel vrije tijd nemen, dat hij geen slaaf wordt van zijn arbeid; en een mens, die geen vrije tijd kan nemen, is al slaaf van zijn werk</u>"[1].

Maar dit bring ons direk by die kruks van die prinsipieel-sosiologiese beskouing oor arbeid en sy verhouding tot vrye tyd.

(d) <u>Arbeid as 'n variasie van roepings in die samelewing, en vrye tyd (Ontspanning)</u>.

In aansluiting by die vorige kry ons in die volgende aanhaling die sosiologiese beskouing wat verder uitgewerk word. In die lig van 'n prinsipiële beskouing oor arbeid in die lig van Gods Woord (behandel in hierdie hoofstuk dusver) sê Habermehl: „de vrije tijd vindt zijn motivering in de uitdrukkelijke begrenzing van de waarde van de arbeid (en) <u>de vrije tijd moet aan de mens de ruimte geven, om mens te zijn over de gehele breedte van zijn bestaan</u>. Om op het gehele veld, waarop God hem heeft geplaatst, te leven ingevolge zijn roeping. In de vrije tijd komt de mens toe aan God, aan de gemeente, aan de naaste en aan zichzelf, op een weer andere manier dan op zijn werk, maar op een niet minder menselijke manier. In de vrije tijd draagt de mens verantwoordelijkheden, die hem door God zijn opgelegt, maar die in zijn arbeid geheel op de achtergrond treden en die hij beslist niet mag vergeten. Ook hier komt uit, dat het slaaf-zijn van Christus eigenlijk onverenigbaar is met het

---

1) Habermehl, D.N.: <u>Ons Dagelijks Werk</u>; p. 104.

slaaf-zijn van een mens of van je werk, waardoor je niet de beschikking hebt over vrije tijd"[1]. Die implikasie van hierdie aanhalings kan onder meer saamgevat word in 'n variasie van roepings en Vryetydsbesteding en Ontspanning.

Met die vorige aanhaling word ons geplaas binne die problematiek van die verskillende samelewingsvorme volgens die onderskeie struktuurnorme van hulle taak en roeping, bv. in 'n paar aanhalings waarmee wisselwerking en vervlegting in 'n variasie van roepings vir elke mens opgesluit is. „Daarom brengt de mens zijn leven niet in eenzaamheid door, maar hij leeft in onophoudelijke verbondenheid met en in gebondenheid aán zijn medemens.

„Daarom leeft de mens in gezinsverband, in staatsverband, en nu noem ek alleén nog maar de verbondenheden waaraan bij wijze van spreken elk mens deel heeft en waarop dan ook gemakkelijk ons aller aandag valt.

„Maar mensen leven nog in vele andere verbondenheden met elkaar. In talloze verenigingen en organisaties streven zij gezamenlijk bepaalde doeleinden na. En in nog veel talrijker en gevarieerder verhoudingen van mens tot mens, zoals die van klant tot winkelier, van buur tot buur, van leermeester tot leerling, van huurder tot verhuurder, van werkgever tot werknemer, van ‚stand' en ‚klasse' bestaat er tussen de mensen een onophoudelijk verkeer. Welnu al die instituten en verhoudingen tussen mensen en de krachten die daarin optreden noemen wij: de **samenleving.**

„De samenleving dus als een totaliteit van verhoudingen en instituten (samenlevingsvormen) zoals door de

---

1) Habermehl, D.N.: Ons Dagelijks Werk; pp. 104, 105.

mensen in hun onderling verkeer worden gevormd en onderhouden. De samenleving waardoor op hun beurt de mensen zelve ook weer gevormd en beïnvloed worden op allerlei wijze, waarvan hun gedrag, hun oordelen en hun denken in allerlei concrete bestaan buiten die samenleving niet denkbaar is en niet begrepen kan worden"[1]. Spesifiek verduidelik Habermehl hierdie probleem van wisselwerking en vervlegting soos volg waar die funksies opgesluit lê in die variasie van roepings vir elke mens: „De mens heeft meer functies, dan hij in zijn beroepsarbeid kwijt kan. Ook die andere functies moet hij kunnen gebruiken. Ook die moet hij kunnen ontwikkelen. En daarom heeft hij recht op vrije tijd.

„Vader-zijn houdt bijvoorbeeld meer in, dan de kost voor je gezin verdienen; het houdt ook in: je kinderen leren kennen, door met hen te praten, te spelen en te wandelen, door iets samen met hen te doen; hoe zou je als vader anders deze kinderen kunnen opvoeden en leiden? De uitoefening van je vaderschap eist dat je op gezette tijden vrij bent van de beroepsarbeid. En zo moet je ook de tijd ontvangen, om echtgenoot te zijn voor je vrouw en gemeentelid van de kerk van Christus en burger van het Koninkrijk der hemelen"[2].

Hierdie en ander aanhalings is die sosiologiese beskouing oor die taak en roeping van elke mens - soos Habermehl dit saamvat met „de vrije tijd moet aan die mens de ruimte geven, om mens te zijn over de gehele breedte van zijn bestaan"[3].

---

1) Vgl. Van Dijk, R.: „Sociologie", Eenheid in Veelheid; Vereniging voor Hooger Onderwijs op Gereformeerden Grondslag, Amsterdam; pp. 87, 88.
2) Habermehl, D.N.: Ons Dagelijks Werk; p. 104.
3) Idem.

Omdat tevore reeds met enkele definisies en omskrywinge na die aard, wese, roeping en bestemming van die vernaamste samelewingsvorme en Vryetydsbesteding en Ontspanning hierin onder die titel van die organisatoriese en administratiewe beskouing verwys is, word hierdie probleem daar gelaat.

Ons aanvaar dus dat plek vir Vryetydsbesteding en Ontspanning in hierdie groepe ingeruim moet en behoort te word, omdat ook Vryetydsbesteding en Ontspanning in die variasie van roepings ingesluit word met 'n ere plek, taak en roeping van elke mens en groep in die geskiedenis - volgens die raadsplan van God met elke mens en die mensheid op aarde.

Maar ook in hierdie raamwerk is daar talle probleme m.b.t. Vryetydsbesteding en Ontspanning waarvan enkeles behandel word.

(e) <u>'n Beskouing oor enkele probleme m.b.t. Vryetydsbesteding en Ontspanning in die samelewing</u>.

(i) <u>Inleiding</u>.

In hierdie beskouing gaan ons soos volg te werk: (i) Enkele gedagtes m.b.t. 'n beskouing oor konstruktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning en (ii) enkele gedagtes oor 'n populêre beskouing oor Vryetydsbesteding en Ontspanning.

(ii) <u>Konstruktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning</u>.

(a) <u>Die wese en doel daarvan</u>.

Konstruktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning bestaan daarin dat dit die <u>individu en die gemeenskap</u> moet voorsien van o.a. afleiding en rus, en verder in die sin dat dit harmonie en gesonde verhoudinge bevorder, d.w.s. as middel by die sosialiseringsproses en voortdurende gesonde heraanpassing is konstruktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning onmisbaar.

Dit is die doel van konstruktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning - in teenstelling met die populêre opvatting

daarvan. Die konstruktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning is wat Nash bedoel met: „when work activities, because of their tendencies to routinization and dehumanizing processes, ceases to offer opportunity for man to express himself creatively, these same activities organized from a recreational viewpoint supply this fundamental human need"[1].

By hierdie „fundamental human need" kan bygevoeg word dat „die drang om te ‚speel', om handelinge en aksies uit te voer ter wille van hul eie waarde, is in die mens ingebore. Daar bestaan baie teorieë omtrent die sielkundige betekenis daarvan... hulle stem almal daarin ooreen dat dit van die allergrootste betekenis vir die gesonde groei en ontwikkeling van die mens is"[2].

Hierdie sielkundige bevindinge t.o.v. menslike gedraginge aanvaar die Sosiologie en probeer om vas te stel op watter wyse die gedragswyse en verhoudinge van die enkelinge in die groep op 'n duursame wyse beïnvloed en gevorm kan word om uitvoering te gee aan gesonde groepsverhoudinge waar die doel in die struktuur van die groep opgesluit lê.[3]

Maar nou gaan dit hier nie om 'n beskrywing en bespreking van die groot verskeidenheid vorme van Vryetydsbesteding en Ontspanning nie, dus volstaan ons met die volgende bondige voorbeeld van wat o.a. as konstruktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning kan dien:

„Wat behoort nou die vrye tyd van die werkende seun en meisie te vul - <u>wat sou die ideale toestand wees</u>?

---

1) Nash, J.B.: <u>Building Morale</u>; p. 32.
2) Keyter, J. de W.: <u>Ontspanning en Maatskaplike Werk</u>; p. 8.
3) Vgl. Dengerink, J.D.: <u>Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der „Souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw</u>; Kok, Kampen, 1948; p. 185.

1. Liggaamsoefening, tennis, voetbal of (veral in ons klimaat) swem, minstens een middag per week.

2. Knutselwerkies, handwerk vir meisies, fotografie of iets wat 'n mens vaardig maak in 'n tegniek.

3. Tuin of blomtuin, plantjies kweek en versorg, want die kontak met die grond moet bly.

4. Musiek van middelmatige tot hoë gehalte om ons nie doof vir die grootste kunssoort te maak nie.

5. Volkspeletjies gemeng met Boeredansies, want plesier, ritme en die romantiese moet die jongmens hê.

6. Verkenningsuitstappies bring ons in aanraking met die natuur, die voëls en die berge.

7. Elke jongmens moet sy nuusblad gereeld en deeglik lees en ook kennis maak met al die mooi romans en lewensbeskrywings binne sy of haar bereik.

8. 'n Rolprentdrama is baie goed, maar die voorprent moet artistiek en opvoedkundig wees, soos mnr. C.P. de L. Beyers se wonderbaarlike dierereekse.

Bostaande reeks van vryetydsbedrywe kan enige mens se lewe vul en as 'n mens aan almal werklik genoeg wil wy, sal daar nog baie tyd kort kom"[1].

Voorts moet en kan konstruktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning dien tot selfverwesenliking en selfrealisasie binne die groep, of soos Romney dit stel: „potential talents not uncovered may become corroded or atrophied. Too often the most soul-filling means of satisfying recreational hungers remain a mystery to those with only an opportunity to try the orthodox and traditional"[2].

---

1) Keyter, J. de W.: Ontspanning en Maatskaplike Werk; pp. 74, 75.
2) Romney, G. Ott.: Off the Job Living; p. 229.

Uit die vorige aanhaling blyk dat konstruktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning dus 'n onmisbare individuele voordeel, meer nog vir die Sosiologie van groot betekenis is. „Hoe beter men zijn vrije tijd besteedt, des te meer presteert men in zijn eigen arbeid... In het spel leert men teamwerk;..."[1].

Dit bring ons tot die bespreking van 'n volgende aspek, nl.:

(b) Die Sosiologiese implikasies van konstruktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning.

Die sosiologiese waarde van die konstruktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning lê daarin opgesluit dat, „most of man's activities are inexorably bound up with group life. This is particularly true of leisure activities "[2].

Verder is dit een van die vernaamste sosialiseringsprosesse wat aangewend moet word om die individu in die gemeenskap in te skakel en te dien as proses van gesonde aanpassing, „Play groups are effective agents of socialization of young children. The child learns new rules, new standards of social behaviour, to supplement those taught in the family. Moreover like the family, the play group is a laboratory; here the child makes his first experiments in interaction with others on a plain of equality..."[3]

As sosialiseringsproses en as middel vir gesonde ontwikkeling van tussenmenslike verhoudinge is konstruktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning van die grootste belang, want behalwe die sosialiseringsmootlikhede dien dit ook

---

1) Bavinck, J.H. en Van Veldhuizen, G.: Mens of Robot?; J.N. Voorhoeve - Den Haag, 1952; pp. 79, 80.
2) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; p. 19.
3) Timasheff, N.S. en Facey, P.W.: Sociology; p. 62.

as 'n stabiliserende krag binne die gemeenskap, op bv. die volgende wyse: „organized recreation, if properly directed, has a tendency to prevent the occurance of social disorganization and personal demoralization. Recreation affords opportunities for the achievement of the spirit of fair play, respect for law and order, and the inculcation of cooperative participation"[1].

Die volle krag van konstruktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning kan so groot wees dat „recreation (can) become a great unifying force among a very heterogeneous people, an instrument to promote national solidarity "[2].

Die bg. dui selfs op konstruktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning vir 'n staat en beskawing, en wel in dié opsig dat „the proper use of leisure has created every civilization which has ever existed, the improper use has killed each one in turn... (Ook negatief) There is the greatest danger that leisure coupled with the comfort and ease of our modern life will result in both physical and mental degeneracy"[3] .

Wat opgesluit is in die vorige aanhaling is uiters belangrik vir die geestelike en sedelike welsyn van enige menslike persoonlikheid, samelewing en kultuur, omdat die mens die aktiewe element is vir die vorming, instandhouding en gesonde voortbestaan van die samelewing en kultuur.[4]

In teenstelling met die gesonde beskouing, kom ons nou by die populêre opvatting van Vryetydsbesteding en Ontspanning, wat vol gevare is.

---

1) Neumeyer M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; p. 24.
2) Dulless, F.R.: America learns to Play. A History of Popular Recreation, 1607-1940; Peter Smith, New York, 1952; p. 372.
3) Cutten, G.B.: The Threat of Leisure; p. 88.
4) Vgl. Van Dijk, R.: Mens en Medemens; p. 38.
Vgl. Linton, R.: The cultural background of personality; Routledge and Kegan Paul, London, 1958.

(iii) Die populêre opvatting van Vryetydsbesteding en Ontspanning.

Die moderne lewe met sy gepaardgaande gemak en gerief en die vervlakking van die betekenis van arbeid bring ook 'n skadelike populêre instelling t.o.v. Vryetydsbesteding en Ontspanning.

Dit is o.a. ook die resultaat waar nie voorsiening gemaak word vir doeltreffende uitingsgeleenthede vir die ontspanningsbehoeftes nie, en lei daartoe dat Vryetydsbesteding en Ontspanning verkeerd gekanaliseer word.

Die populêre opvatting van Vryetyddsbesteding en Ontspanning gaan saam met die toenemende materialisasie waar ontspanning „gekoop" word in die vorm van passiewe en onoorspronklike deelname aan kunsmatige vorme. Aan die anderkant word hierdie probleem vergroot deur ondernemers wat slegs finansiële voordeel wil put. „Daarom word ook die behoefte aan ontspanning en vermaak deur die winsjagters tot die uiterste toe uitgebuit"[1], - m.a.w. die kommersialisasie van Vryetydsbesteding en Ontspanning.

Voorts gaan die populêre opvatting van Vryetydsbesteding en Ontspanning ook nou saam met die huidige massifikasieproses, veral in die stede (hieraan word by 'n volgende hoofstuk meer aandag geskenk). In die massa word die individu en sy eie oordeel uitgeskakel. "Crowd movements are characterized by emotionalism, contagion of feelings, and also lack of restraint. Impulses are released which otherwise would have been restrained. Acting and thinking in the crowd is more or less stereotyped...

---

1) Keyter, J. de W. (red.): Ontspanning en Maatskaplike Werk; p. 31.

These crowds at play, or when observing the game, can be easily stampeded in almost any direction..."[1].

Baie nou hiermee verbonde is die „sensasioneel skokkende gevoelsvervoering" met veral „die nog gevaarliker uitbuiting van sy geslagsdrang", wat by danse, teater- en bioskoopvertonings, selfs sportbyeenkomste en dikwels onder die dekmantel van kuns of kultuur aan die massas opgedis word.[2]

Saamgevat kan die populêre opvatting van Vryetydsbesteding en Ontspanning met die volgende aanhaling geskets word: „soorte van rolprente, opvoerings, dramas, ens., laat die toeskouer slegs so af-en-toe 'n rilling kry, as 'n passiewe toeskouer. Die waardes is vals tot die werklike lewe. Ons neem erotisme en geweld uit dié soort afleiding, en daar bly min oor!"[3]

(f) Samevatting en eie opvatting.

(i) Vir 'n gesonde beskouing oor Vryetydsbesteding en Ontspanning is dit nodig dat ons 'n prinsipiële uitgangspunt oor arbeid huldig, want Vryetydsbesteding en Ontspanning kan nie los gesien word van arbeid nie. Hierdie uitgangspunt is gegrond op 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, soos uit die Woord van God te leer. Hiervolgens is arbeid 'n roeping wat God die mens opgedra het om Hom te dien. Dit hou ook diens aan sy medemens en homself in; „of hij arbeidt, hoe hij arbeidt, welk resultaat hij be-oogt en welk doel hij bereikt, van dat alles moet hij God rekenschap geven"[4].

---

1) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; p. 269.
2) Vgl. Keyter, J. de W.: Ontspanning en Maatskaplike Werk; pp. 28 - 38.
3) Van der Walt, J.P.: Die plek van sekere geesteswetenskappe, met besondere verwysing na die plek van Sosiologie in die opleiding van onderwysers; ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroom, 1952; pp. 134, 135.
4) Grosheide, F.W. en Van Itterzon, G.P.: Christelijke Encyclopedie, Deel 1; p. 296.

(ii) Maar soos arbeid, ken die mens ook sy Vryetydsbesteding en Ontspanning **vanuit** 'n Christelike lewens- en **wêreldbeskouing** en ook hierin moet die mens sy roeping na Bo vervul. Die instelling van die Sabbat deur God as rusdag vorm die Christen se basis m.b.t. sy Vryetydsbesteding en Ontspanning, d.w.s. deur die motivering van die Sabbat kry ons die beskouing oor die begrensing en relativering en rus - waarby plek gelaat moet word vir Vryetydsbesteding en Ontspanning.

(iii) In die hele lewe moet die gesonde uitgangspunt van Vryetydsbesteding en Ontspanning (soos uit die Bybel geleer) geldend gemaak word. Ook in die variasie van roepings waaraan die mens deel het moet hy sy Vryetydsbesteding en Ontspanning toets aan die geopenbaarde Norm in Christus Jesus,en dus die gebalanseerde opvatting soos die Prediker dit stel: Vgl. Pred. 3. Elke ding het sy tyd soos God dit bepaal - daar is 'n tyd vir elke saak onder die Hemel .

(iv) Hierdie waarmaking van die Godgegewe wette en norme in die lewe van elke mens en groep in die samelewing, dui op o.a. ook die konstruktiewe gebruik en deelname aan Vryetydsbesteding en Ontspanning. Die mens as sondige wese neig egter voortdurend tot die kwaad, wat ook in sy Vryetydsbesteding en Ontspanning blyk uit die populêre opvatting daarvan. Hierdie populêre opvatting word o.a. geskep en gestimuleer deur verskillende magte wat werksaam is in die sosiokulturele werklikheid - die volgende opskrif, waaraan baie aandag gegee word om die belangrikheid daarvan.

# HOOFSTUK 3.

## 'N SOSIOLOGIESE BESKOUING OOR ENKELE MAGTE EN DIE INVLOED DAARVAN OP DIE SOSIOKULTURELE WERKLIKHEID EN DIE VRAAGSTUK VAN VRYETYDSBESTEDING EN ONTSPANNING.

### (a) Inleiding.

Ons het hier te make met magte wat die groep sowel as die enkeling beïnvloed. Die wese van hierdie hele probleemstelling word saamgevat met die volgende aanhaling, nl. „het is van belang te weten welke machten in een bepaald tijdvak de toon aangeven, de richting bepalen. Men make dit echter nimmer los van de andere vraag: wat doen deze machten aan mensen, aan het menszijn ook in diepere geestelijke zin. De eerste vraag wordt pas de moeite waard, wanneer de tweede van het begin af bewust ook wordt gesteld"[1].

Die vereiste bestaan dus dat enkele van hierdie magte bestudeer moet word om die invloed en uitwerking daarvan op die mens en sy samelewing te bepaal, en verder om die aard en mate van Vryetydsbesteding en Ontspanning te kan vasstel.

Vooraf stel ons die volgende vas t.o.v. sosiale magte. Sosiale magte kan as volg gedefinieer word: „Social forces - (are thus) learned factors such as group attitudes, group habits, and group motives which shape, accelerate or retard, and impel the behavior of groups of people"[2].

---

1) Banning, W.: Machten en Mensen. Bijdrage tot een bezinning op mogelijkheden en gevaren van menselijk leven in de technische maatschappij; De Erven F. Bohn N.V., Haarlem, 1959; p. 11.

2) Zadrozny, J.T.: Dictionary of Social Science; Public Affairs Press, Washington, 1959; p. 311.

Die vraag is nou wat hierdie magte is, en hoe hulle in die samelewing verskyn. Dit bring ons by die definiëring en beskrywing van enkele van die belangrikste magte.

(b) Die magte van wetenskap, tegniek,[1] ekonomie en industrialisme wat invloed uitoefen op die samelewing in die algemeen.

(i) Wetenskap en die mensdom.

T.o.v. die wese van die wetenskap sê Van Riessen: „de weg der wetenschap is nl. die van de systematische ontleding der werkelijkheid en die van de abstractie, het afzien van het voorbijzien aan vele bijzonderheden. Weliswaar volgt men na de analyse de weg van de sythese, maar zij is kunstmatig; zodoende niet zonder waarde, maar anderzijds toch ook nimmer zo, dat in het kennisbeeld der wetenschap de continuïteit der werkelijkheid te herstellen is. De wetenschap atomiseert dus de oneindige samenhang in de werkelijkheid en zij nivelleert de rijke verscheidenheid ervan"[2], of „... the term science is generally applied to any discipline of knowledge or body of systematic principles and more especially to disciplines whose principles are universally accepted or have reached the greatest perfection,..."[3].

Hierby dien genoem te word dat Banning [4] 'n onderskeid maak tussen suiwer wetenskap en toegepaste wetenskap . In hierdie hoofstuk gaan dit oor die toepassing van die wetenskap op die samelewing, of soos Banning

---

1) Vgl. Du Preez, D.C.S.: Afgerolde aantekeninge vir Sosiologie III.
2) Van Riessen, H.: De Maatschappij der Toekomst; T. Wever, Franeker, 1953; p. 147.
3) Seligman, E.R.A., en Johnson, A. (red.'s): Encyclopaedia of the Social Sciences, Vol. 13.; The Macmillan Company, New York, 1934; p. 591.
4) Vgl. Banning, W.: Moderne Maatschappij-problemen; De Erven F. Bohn N.V., Haarlem, 1959; p.43.

dit noem: „het verschijnsel van de voortdurend sterker wordende wederzijdse beïnvloeding van de wetenschap en maatschappij..."[1], d.w.s. die sosialisering van die wetenskap wat sowel die suiwere-, as die toegepaste wetenskap insluit, m.a.w. die sosiologiese beskouing hieroor[2].

Maar die aard van wetenskap is ook meer as net blote kennis; wetenskap is „... in eigenlijke zin ook iets anders, haar resultaten kunnen niettemin in de sfeer van ons handelen betrokken worden. En dan verleent zij de mens een geweldige macht over heden en toekomst. Een macht, die hem beter in staat stelt zijn scheppingsroeping te vervullen. Ook een macht die hem in grote verleiding brengt"[3].

As mag het die wetenskap die eienskap om of deur die mens ten goede aangewend te word, of die beoefenaar kan daardeur oorweldig word en die verantwoordelike vryheid van selfbeslissing hom ontneem word, of die wetenskap kan gebruik word as middel om 'n heersersposisie in te neem[4]. Hierdie probleem i.v.m. die wetenskap is wat o.a. bedoel word met die volgende: „in this way, science itself is degraded to the role of a mere, ‚handmaid' of the contemporary ‚Barbarians' who have well learned the motto of empiricism: Truth is what is convenient and useful"[5].

Sonder om hierdie bg. stelling verder tot in al sy konsekwensies te voer word nog net gewys op die wetenskap as mag binne die samelewing; „...de wetenschap is

---

1) Banning, W.: Moderne Maatschappij-problemen; p. 43.
2) Vgl. Theron, J.A.L.: Enkele grondvrae in die bedryfsosiologie; Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroom, 1962; pp. 50 - 51.
3) Van Riessen, H.: De Maatschappij der Toekomst; p.152.
4) Vgl. Ibid., pp. 152 - 157.
5) Sorokin, P.A.: Social and Cultural Dynamics Vol.4; „Basic problems, principles and Methods", American Book Company, New York, 1941; p. 768.

steeds meer de leidende macht in dit samenleven geworden, heeft andere machten uit de leiding teruggedrongen, soms in felle konflikten, soms geruisloos (bv. kerk en christelijk geloof, moraal), maar heeft ook andere menstypen voortgebracht"[1].

Die wetenskap as kultuurvormer is nie die enigste mag wat invloed uitoefen op die samelewing nie, en moet altyd saam met die tegniek gesien word.

(ii) Tegniek en die mensdom.

Oor tegniek sê Banning: „Onder techniek is in de eerste plaats te verstaan het geheel van toegepaste wetenschappen..."[2], wat te onderskei is van die tegnisisme as „de verabsolutering der technische waarden en de verwachting van het heil voor mens en wereld van de macht der techniek"[3].

Die wetenskap van die tegniek (tegnologie) kan gedefinieer word as: „technology consists of the objects and the skills which make it possible to produce the goods and services. Early technological improvements consisted of such elementary accomplishments as the discovery and control of fire, the prindiple of the wheel, and the lever. Modern man has, of course, gone beyond these elementary technologies. Present technological improvement is so elaborate as almost to defy description"[4]. Hieruit vloei verder nog voort dat tegniek altyd ingestel is op die nuttigheidsbeginsel, en dit is veral gedurende die laaste een en 'n halwe eeu beklemtoon. Hierdie nuttigheidsbeginsel dui op die mens se heerskappy oor die

---

1) Banning, W.: Machten en Mensen; p. 18.
2) Ibid., p. 67.
3) Idem.
4) Cuber, J.F.: Sociology. A Synopsis of Principles; Appleton-Century-Crofts, New York, 1951; p. 473.

natuur, en die praktiese beoefening van hierdie heerskappy geskied d.m.v. die tegniek - dus kultuurvorming.

In hierdie tegniese beheersing van die natuur maak die mens gebruik van die gereedskap wat die instrumente is in die mens se hand om die verborge skatte te ontdek en te ontgin wat deur God in die Skepping gestel is[1].
„De technische civilisatie maakt de levensruimte van de mens groter. De techniek schept een buffermilieu tussen de mens en zijn vitale wereld rondom, niet slechts door voertuig, woning, kunstmatige verwarming en afkoeling, maar in ruime zin als mogelijkheid van distantiëring ten opzichte van een anders barre natuur. Hetgeen het dier in zijn organische specialisatie opvangt, geschiedt voor de mens in deze eindeloos variabele tussenzone der techniek"[2].

As mag het die tegniek op verskeie gebiede die maatskappy t.o.v. sy materiële en geestelike voorkoms verander, m.a.w. die beskawingspeil van 'n samelewing hang o.a. af van die toepassing van tegniese uitvindinge. Aan die hand van Banning[3] verwys ons kortliks na die volgende aspekte waar die tegniek se invloed op die samelewing duidelik sigbaar is.

(a) Die moderne tegniek het die voorkoms van en die mens se verhouding tot die natuur grondig verander. Die grootskaalse ontginning van bv. die grond en natuurlike hulpbronne, maar ook die kennis van bv. die mikroskopiese en astronomiese ontdekkinge wat die oneindig kleine en die oneindig grote vir die mens ontsluit.

---

1) Vgl. Van Riessen, H.: De Maatschappij der Toekomst; p. 143.
2) Van Peursen, C.A.: Filosofische Oriëntatie. Een inleiding in de wijsgerige problematiek; N.V. Uitgeversmij. J.H. Kok, Kampen, 1958; p. 216.
3) Vgl. Banning, W.: Moderne Maatschappij-problemen; pp. 45 - 59.

(b) Die tegniek het die menslike arbeid gewysig - die mens se arbeidstempo word deur die tegniek (vergestalt in die masjien en moderne produksieproses) bepaal, deurdat die arbeider 'n verlengstuk word van die masjien.

(c) Ook die agrariese bedryf en arbeid op die platteland dra die stempel van die tegniek, waar meganisering en ontwikkeling op die chemiese en biologiese, e.a. gebiede eeu-oue metodes opgehef het.

(d) Die tegniek het ook die gesondheidsorg gestimuleer. Op mediese terrein word epidemies doeltreffend bekamp, lewensduurte verleng, ens.

(e) Ook lewensgewoontes en - vorme is verander deur o.a. moderne vervoermiddels, die radio, televisie, kommunikasie-middele, die film, drukpers, ens.

(f) Veral van belang is die feit dat die mens se denke en waardebepaling meer-en-meer deur die tegniek beheers word. "...het traditionalisme wordt door een utilisme en pragmatisme doorbroken en vervangen; waarheid wordt niet meer gevonden in eens geschonken en geloofde openbaring, doch moet zichzelf practish, in het handelen bewijzen. De opvatting over de plaats van de mens in het heelal is grondig veranderd:..."[1)]

By die magte van die wetenskap en tegniek moet ook die mag van die ekonomie in gedagte gehou word:

(iii) <u>Ekonomie en die mensdom</u>.

Die ekonomie as vakwetenskap abstraeer die ekonomiese aspek uit die totaliteit van die sosio-kulturele werklikheid of die samelewing en bou hieromheen sy sisteem van kennis omtrent mense-verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse, met die oog op die ekonomiese winsmotief

---

1) Banning, W.: <u>Moderne Maatschappij-problemen</u>; p. 54.

in die voorsiening van 'n oneindige aantal behoeftes van die mensdom[1].

Maar dit hou ook verband met 'n volgende aanhaling: „economic theory, though beset with controversies, is able to explain many symptoms of the present crisis by maladjustment in the system of production and distribution"[2].

In die ekonomie as 'n bepaalde gebied van menslike handelinge vind ons veral die volgende drie belangrike elemente[3], nl. (a) Verbruik. Die mens het behoeftes waarin voorsien moet word. Afgesien van sekere basiese behoeftes soos voedsel en kleding is daar ook bykomstige behoeftes wat deur die tydsgees geskep en vereis word. (b) Produksie. Die produkte wat in hierdie behoeftes voorsien, word deur die menslike arbeid geskep. Dit vereis kapitaalgoedere (grondstof, menslike arbeidskrag, masjienerie, ens.), maar stel ook in toenemende mate hoë eise aan die tegniese vaardighede, die wetenskap en die organisatoriese vermoë van die mens met die oog op ekonomiese winsmotief. (c) Die ekonomiese orde of die verband wat verbruik en produksie tot 'n geheel laat funksioneer.

Die ekonomie in die samelewing is 'n besondere mag, veral in die Westerse kapitalistiese wêreld. „...We have been aware that the different social classes have quite different outlooks, and that the mental qualities of a class can to a very large extent be derived from its position in the economic process of production"[4].

---

1) Vgl. Van Dijk, R.: Mens en Medemens; p. 15.
2) Mannheim, K.: Man and Society in an age of reconstruction; Kegan Paul, Trench, Trubner, Co., Ltd., London, 1940; p. 15.
3) Vgl. Banning, W.: Machten en Mensen; p. 48.
4) Mannheim, K.: Man and Society in an age of reconstruction; p . 104.

Die ekonomie as mag hou ook, soos die ander magte, die gevaar in dat die mens hom daardeur kan laat oorheers: dit is die ekonomisme. „Onder economisme willen wij verstaan het absoluut stellen, althans het doen overheersen van de economische waarde over alle andere waarden van het leven. Men treft het aan in verschillende vormen in verschillende groepen der maatschappij"[1].

Die mag van die ekonomie kan nie los gesien word van die steeds toenemende industrialisme nie.

(iv) Industrialisme en die mensdom.

Industrialisme is „the stage of advanced technological development by means of applied science, the typical characteristics of which are large-scale production with the use of power machinery, a wide market, a specialized working force with intricate division of labor, and accelerated urbanization"[2].

In bg. omskrywing blyk industrialisme dus die resultaat te wees van 'n uitwerking van die tegniek, wetenskap en die ekonomie op die samelewing. Wat die karakteristieke eienskappe van die industrialisme betref verwys ons na Banning:[3]

(a) Die industrialisme is 'n nuwe produksie-stelsel.

Gedurende die pre-industriële tydperk was die hele produksie, van die grondstowwe tot en met die voltooide artikel, die werk van hoofsaaklik een of enkele arbeiders. Met die industrialisme verander die menslike arbeid na samewerking met, en bediening van die masjien. Hierdie arbeid speel hom in die fabriek af waar fynbeplande rasionele organisasie geverg word om harmonie tussen

---

1) Banning, W.: Machten en Mensen; p. 49.
2) Fairchild, H.P. (red.): Dictionary of Sociology; p. 155.
3) Vgl. Banning, W.: Moderne Maatschappij-problemen; pp. 17 - 27.

kapitaal, masjien en arbeid in die produksieproses te waarborg. Dit mond uit in 'n ver deurgevoerde en stiptelike arbeidsverdeling. „The essence of industrialism is in replacing human muscle power by the motive power of machines"[1].

(b) Industrialisme is 'n nuwe beskawingstipe by duisende fabriekswerkers in een fabriek.

Dit is o.a. te bespeur in die moderne industriestad, waar selfs die moderne woningbou en kantore die nuwe beskawingstipe weerspieël maar ook „...niet het minst aan de moderne vormen van het vermaaksleven en de ontspanning"[2].

Tot hierdie beskawingstipe van die moderne industrialisme behoort ook die middele van hedendaagse wêreldverkeer wat afstand en tyd laat krimp het tot 'n dagreis, die middele vir kommunikasie, en ook die moderne metodes vir voorligting van die openbare mening (nuusblaaie, radio, film, televisie, ens.).

(c) Die industrialisme bring nuwe idees, verwagtings en ideale.

Daar is 'n mentaliteitsverskuiwing met 'n diepgaande verandering van opvattinge oor bv. die gesinslewe, huwelik, ens. Die mens se aandag verloor sy vertikale perspektief en is slegs toegespits op die direk praktiese bereikbare doeleindes, d.w.s. 'n immanensie wat spruit uit die verheerliking van die prestasies van die industrialisme.

Maar nou is dit ook duidelik dat al hierdie magte geïntegreerd in die samelewing werksaam is en eintlik

---

1) Hoyle, F.: Man and Materialism; George Allen and Unwin Ltd., London, 1957; p. 52.
2) Banning, W.: Moderne Maatschappij-problemen; p.20.

onskeibaar is in die beskouing oor hul invloed op die samelewing in die algemeen. Met die vorige beknopte uiteensetting van die aard en doel en enkele gedagtes oor die invloed daarvan op die mensdom in die samelewing in die algemeen, is dit reeds duidelik dat daar 'n noue verband tussen hierdie magte en die samelewing bestaan. Die aandag word nou meer toegespits op hierdie sosiale magte.

(v) Die verband tussen die magte van wetenskap, tegniek, ekonomie en industrialisme.

(a) Die verband tussen wetenskap en tegniek.

„Wij verstaan onder de term ,technische proces' het verschijnsel, dat de maatschappij in haar geheel, maar ook haar leden, individueel en in hun onderlinge verhoudingen en contacten, steeds meer bepaald worden door de techniek en de wetenschappen, waarop deze steunt (inclusief: de wiskunde) met alle diep doorwerkende invloeden daaraan verbonden"[1].

Hierdie alliansie van die wetenskap en tegniek met die oormoedigheid wat dit skep veroorsaak bv. dat „van Comte af tot op onze tijd zijn er niet weinig mannen van naam geweest, die er vast van overtuigd waren, dat een ordening en organisatie der samenleving te verwezenlijken was met behulp van de wetenschap en de techniek, een ordening, waardoor de mensheid haar moeilijkheden te boven zou kunnen komen en een geruisloos lopende, storingsvrije mensengemeenschap zou ontstaan. Zoiets dus als de utopisten van alle tijden zich voorstelden"[2].

Wat die tegniek betref[3] het dit ontwikkel van 'n

---

1) Banning, W.: Moderne Maatschappij-problemen; p. 42.
2) Van Riessen, H.: De Maatschappij der Toekomst; p. 157.
3) Vgl. Ibid., pp. 157 - 164.

geleidelike omvorming van die natuurlike milieu wat die mens tevore omring het, na 'n kunsmatige tegniese milieu. Vir die vervolmaking van hierdie tegniese milieu was 'n alliansie met die wetenskap nodig.

Die wetenskap se ontwikkelingsgang was een van toenadering tot die werklikheid. Eerstens het die wetenskap hom bepaal tot die ondersoek van die werklikheid wat weer oorgaan tot die eksperimentele fase van die wetenskap en derdens (sedert die begin van die vorige eeu) tot die toepassing van die wetenskap in die werklikheid.

Die wetenskap gebruik die tegniek as middel vir sy toepassing en in hierdie toepassing is weereens drie fases te onderskei, nl.: (i) die ontginning van die natuur (ii) hier kom die mens t.o.v. produksiegoedere ter sprake en (iii) laastens, die volle outomatisering van die tegniek.

Vir ons doel is dit veral belangrik om die verband wetenskap-tegniek soos wat dit van toepassing is op die produksie in die moderne groot-industrie in die oog te hou, veral omdat in die industrie hierdie verband tussen wetenskap en tegniek 'n verandering gebring het in die produksieproses. Die voorafgaande beplanning van 'n produk word op wetenskaplike wyse gedoen. Die beheer van die wetenskap strek hom ook verder uit oor die moderne gereedskappe en masjienerie om die onsekerheidsfaktor in die produksie uit te skakel.

Die mens as die oorblywende onsekerheidsfaktor in die produksieproses ontkom hierdie wetenskaplike beheersing nie. Die arbeider word gereguleer deur wetenskaplike organisasie.

Die wetenskaplike organisasie in die industrie loop uit op 'n arbeidsverdeling en wetenskaplik-beplande

spesialisasie (conveyor-belt production)[1], waarin die arbeider as mens met 'n eie wil en beslissing gedegradeer word want „het zwaartepunt der beslissingsbevoegdheden verplaatst zich naar de top"[2].

Saamgevat: „Het moderne grootbedrijf eist een straffe organisatie waarin die organisatorische en technisch-economische richtlijnen door de centrale, ,bedrijfs-bureaucratie' tot in finesses zijn vastgelegd, die stipt dienen te worden opgevolgd, zal de organisatie zijn veelzijdige taken naar behoren kunnen vervullen"[3].

Met die bg. in ag genome is outomatisering van die produksieproses die natuurlike gevolg, en hoewel dit nog geensins in volle swang is nie is dit reeds 'n kenmerk van die moderne wetenskap en tegniek dat die arbeider in noue aansluiting optree met die tegniese <u>operator</u> (dat gereedschap van de mens voor vorming, dat in zijn werking geheel of hoofdzakelijk zelfstandig is)[4] - in hierdie verband praat o.a. van Riessen van die devaluasie van arbeid[5].

Die manifestasie van die verband tussen wetenskap en tegniek in die industrialisme hang onafskeidelik saam met die ekonomiese mag.

(b) <u>Die verband tussen industrialisme en ekonomie.</u>

Die verband tussen industrialisme en die ekonomie blyk o.a. uit die volgende: „hier zijn kapitaal (geld, belegd in machines en fabrieken, het zgn. productie-kapitaal) en techniek de dominerende machten, beide

---

1) Friedmann, G.: <u>Industrial Society. The emergence of the human problems of automation</u>; The Free Press, Illinios, 1955; p. 134.
2) Van Riessen, H.: <u>De Maatschappij der Toekomst</u>; p. 162.
3) Van Dijk, R.: <u>Mens en Medemens</u>; p. 126.
4) Van Riessen, H.: <u>De Maatschappij der Toekomst</u>; p. 163.
5) Ibid., pp. 163 - 169.

uitermate dynamisch, die zich geen granzen laten stellen, eerst de standenordening van het feodalisme radicaäl doorbreken en omverwerpen en zich ook de macht van de Staat toeëigen, soms in bloedige, slechts een enkele maal in onbloedige revolutiesʺ[1].

Met die ontwikkeling van die moderne groot industrie ontwikkel 'n vorm van monopolistiese magskonsentrasies[2]. Hierdeur word die doelstellings en strewe van die enkeling misken. Die arbeidsmark lewer massaprodukte vir die bewoners van die vasteland self, asook vir die bewoners van koloniale gebiede; die toenemende outomatisasie bied weer aan die werkgewers die geleentheid tot uitbuiting van die arbeidersmassas.

Ook die klein-bedryf en die vrye kompetisie word deur die groot ondernemings verswelg: kompetisie word opgehef, vrye prysvorming word aan bande gelê en algemene standaardisasie van produkte ontneem die produsent sy onafhanklikheid en oorspronklikheid t.o.v. produksiegoedere.

Maar ook t.o.v. die verbruiker vind hierdie uitbuiting plaas omdat die aandag gevestig word op die ekonomiese winsmotief en in 'n mindere mate op die lewering van nuttige kwaliteitsprodukte. „Er zijn internationaal voorbeelden te over van een accoord tussen monopolistische bedrijven ener-, de vakbeweging anderzijds, waardoor een belangengemeenschap dezer beide ten nadele van het publiek ontstaat. Ietwat bitter, maar niet geheel ten onrechte, is gesproken van verschuiving der uitbuiting: eerst waren de arbeiders object, thans is het het publiek, en zijn de arbeiders mede-uitbuiters gewordenʺ[3].

---

1) Banning, W.: Moderne Maatschappij-problemen; p. 95.
2) Vgl. Ibid., pp. 102 - 116.
3) Ibid., pp. 103, 104.

Die ekonomiese magskonsentrasies is egter net beperk tot sekere groepe, en op hierdie groepe in besonder is die invloed van die industrialisme en ekonomie baie duidelik, hoewel dit op die samelewing in die algemeen ook sy duidelike stempel afdruk. Van die industrialisme en sy vrug van ekonomiese mag wat dit meebring sê Ellwood: „While this wealth has not extended to all classes of society, it has emancipated certain classes from the fear of want, a factor which in the past put an effective restraint upon conduct. The growth of wealth, in other words has favored, in certain classes at least, lower moral standards, and increasing laxity in family relations".[1)]

Waar die aandag in die voorafgaande toegespits is op die verband tussen wetenskap en tegniek; die verband tussen industrialisme en ekonomie, word nou aandag geskenk aan die onderlinge verband tussen die genoemde vier magte.

(c) <u>Samevatting van die onderlinge verband tussen wetenskap, tegniek, ekonomie en industrialisme</u>.

Hierdie magte moet almal in verhouding tot mekaar gesien word, omdat hulle op mekaar wedersydse invloed uitoefen en gesamentlik die huidige bepaler is van die moderne maatskaplike struktuur. „Although a technological conception of history is to be rejected, it must nevertheless be admitted that modern technology was one of the most important conditions which made possible the rise of the industrial system.

„The economic nature of modern capitalism is historically bound up with the development of technology.

---

1) Ellwood, C.A.: <u>Sociology. Principles and problems</u>; American Book Company, New York, 1934; p. 134.

This characteristic quality, which has made the capitalist system so effective, has given rise to an enormous increase in physical production"[1].

Hierdie bg. ontwikkeling wys terug tot met die Franse- en Industriële revolusies wanneer die handel, wetenskap en tegniek geïntegreerd geraak het in die industrie[2].

Dit het ontwikkel tot die verslawing van die wetenskap aan die tegniek wat op sy beurt weer ingespan word vir ekonomiese doelstellings. Hier ontstaan dus 'n dubbele verband, wat daarin lê dat die wetenskap enersyds met tegniese instrumente toegepas word om die natuur mee te benader, te ontgin en te beheers, en andersyds word dit geïntegreer in die welvaartstrewe van die mens[3].

Die integrasie van hierdie magte is in die moderne samelewing al so ver gevoer dat enige wisseling t.o.v. een van hierdie magte 'n invloed op en disorganisie van die hele samelewing kan meebring, omdat hierdie magte op die enkeling en die samelewing in die algemeen direkte betrekking het, soos saamgevat kan word met „het brengt in alles mee een hoge mate van rationeel en utilistisch denken, waarbij de irrationele motieven en krachten worden teruggedrongen. Men kan het ook anders formuleren: de materiële en geestelijke aspecten van het leven zijn heel ver uit elkaar komen te liggen; de geestelijke zijn voor tallozen zonder meer te loor gegaan. Sociologisch gezien, is dit niet anders (men vergeve de term ,niet anders', die waarlijk geen optimisme bedoelt) dan een onvermijdelijk gevolg van de triomf van het industrialisme"[4].

---

1) Seligman, E.R.A. en Johnson, A.(red's.) Encyclopaedia of the Social Sciences, Vol. 14; p. 553.
2) Vgl. Van Riessen, H.: De Maatschappij der Toekomst; pp. 115, 116.
3) Vgl. Banning, W.: Machten en Mensen; p. 21.
4) Banning, W.: Moderne Maatschappij-problemen; p. 19.

Die vraag na die sosiale implikasies van hierdie magte van wetenskap, tegniek, ekonomie en die industrialisme moet nou ook van nader beskou word.

(vi) Die uitwerking van sosiale verandering en kultuurverandering.

Hierdie magte van wetenskap, tegniek, ekonomie en industrialisme het veral sedert die laaste een en 'n halwe eeu 'n leidende rol in die samelewing begin speel en tot die grootste mate die sosiale proses van verandering gelei en bepaal; „...the magic wand of science and technology has utterly transformed life. With scientific achievements has come a cavalcade of history-laden events"[1].

Met hierdie aanhaling word ons geplaas voor die probleem van sekere groot oorgange in die samelewing. Ons benader hierdie vraagstuk soos volg:

(a) Die proses van soiale verandering.

Vir die omskrywing van die sosiale proses van verandering verwys ons na enkele aanhalings:

(i) „Social change occurs through the introduction of new elements into a society. These new elements may be introduced in two general ways - by invention taking place within the society or by borrowing from other societies. All social changes come from a modification or a combination of these two processes"[2].

(ii) „The word ,change' means a difference in anything observed over a period of time. The term ,social' means man and his relationships with others. Social change is a continuous process over a period of time in which diffe-

1) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; p. 285.

2) Riegel, R.E., e.a.: An Introduction to the Social Sciences; D. Appleton-Century Company, New York, 1941; p. 22.

rences in human relationships take place".[1]

(iii) „Social change and social disorganization or the study of the broad transformations going on in society, the manner in which they affect institutions, attitudes, ideas and behavior, and the problem situations which men confront"[2].

Met hierdie aanhalings word ons geplaas in die huidige samelewing wat histories aan sosiale verandering onderworpe is en die invloed daarvan ondergaan het. Dit is veral merkbaar in die stede en in die verstedelikingsproses, waar die industrialisme gestimuleer word deur die tegniek en wetenskap en saamwerk om die illusie van ekonomiese welvaart te skep. „Het lijdt geen twijfel, dat deze in de moderne tijd allerwege geconstateerde migratiebeweging naar de stad in hoofdzaak zijn impuls vindt in economische motieven"[3]. Hierdie verstedelikingsproses geniet in 'n volgende hoofstuk meer aandag.

Die bg. gaan baie nou gepaard met die sosiale verandering t.o.v. die kleiner fundamentele sosiale eenhede in die samelewing, en waarvan Neumeyer sê: „modern society is in the process of transition. This is particularly true in the fields of science and technology, and in the highly industrialized and urbanized areas. But social institutions and organizations are likewise changing. The small community has been a fundamental unit in our national life and culture, but it is gradually disappearing..."

Wat hierdie verandering betref moet die huisgesin as belangrikste groep genoem word. Die invloed van die

---

1) Rogers, E.M.: Social change in rural society; Appleton-Century-Crofts, Inc., New York, 1960; p. 4.
2) Wirth, L.: „The significance of Sociology", artikel in International Social Science Bulletin; UNESCO, Summer 1951, Vol.III, No.2; p. 199.
3) Van Dijk, R.: Mens en Medemens; p. 190.
4) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; p .285.

moderne magte het in die gesin 'n proses van funksieverlies veroorsaak wat vir die grootste gedeelte direk met die industrialisme in verband staan. As voorbeelde hiervan noem van Dijk[1] o.a. die volgende verskynsels:

(i) Die gesin het sy produktief-ekonomiese funksie verloor. Met die massa-produksie van huishoudelike goedere en - behoeftes het slegs die helfte van die verbruikers-element behoue gebly. Dit bring ook 'n skeiding tussen die woonplaas en arbeidsruimte. Die ekonomiese arbeid word buite die gesin verrig in fabriek, kantoor, ens., ook deur die moeders - vroue-arbeid.

(ii) Die intellektuele opvoeding en arbeidsopleiding geskied d.m.v. die skool, omdat die moderne samelewing en industrialisme gespesialiseerde opleiding verg waarvoor die skole en hoër opvoedingsinrigtings in die lewe geroep is.

(iii) Die emansipasie, en die toetrede van die getroude vrou en moeder tot die beroepswêreld dui op die veranderde funksie van die vrou in die samelewing.

(iv) Ook wat die Vryetydsbesteding betref moes die gesin sy belangrike rol grotendeels prysgee. „Was vroeger het gezin mede het centrum van de vrije-tijdsbesteding, van gezelligheid en recreatie, ook op dit gebied zijn grote veranderingen opgetreden: jeugdverenigingen, sportclubs, gezelligheidsverenigingen en last not least de bioscoop hebben het gezin voor een groot deel van deze taak ontheven"[2].

Voorts wys Röpke ook op die proletarisering van veral die arbeidersmassas. „We should consider those countries as rapidly proletarianised in which the dis-

---

1) Vgl. Van Dijk, R.: Mens en Medemens; pp. 92, 93.
2) Ibid., p. 93.

appaarance of the country folk and craftsmanship, the spread of gaint works and the concentration of property have all led to a large part of the population becoming dependant, propertyless, urbanised wage-earners and made to fit into the hierarchy of the commercial and industrial mammoth concern"[1].

Positief verbonde aan en in noue wisselwerking met die sosiale verandering is die proses van kultuurverandering.

(b) Kultuurverandering.

Kultuurverandering kan omskryf word as „modifications in the civilization of a people i.e., in the man-made environment, occuring either automatically or by design"[2].

Hierdie „modifications in the civilization" as kultuurverandering word deur die skeppende vermoë van die mens self veroorsaak want, „man's inventive capacity plays over the whole of his culture, now striking deep into novelty, now merely changing some detail of accepted practice"[3].

In die onverbreeklike drie-eenheid van mens, samelewing en kultuur vorm die mens die aktiewe element. „Samenleving en cultuur zijn in relatieve zin producten van zijn activiteit en vormend vermogen"[4].

Die snelle ontwikkeling van die wetenskap, tegniek, industrialisme en ekonomie as verskillende manifestasies van die kulturele skeppingsvermoë het 'n gaping laat ont-

---

1) Röpke, W.: Civitas Humana. A humane order of society; William Hodge and Co., Ltd., London, 1948; p.139.
2) Fairchild, H.P.(red.): Dictionary of Sociology; p.80.
3) Herskovits, M.J.: Man and his Works. The science of cultural anthropology; Alfred A. Knopf, New York, 1960; pp. 502, 503.
4) Van Dijk, R.: Mens en Medemens; p. 38.

staan tussen hierdie materiële kultuur en die nie-materiële kultuur wat as „cultural lag" bekend is. Van Dijk definieer hierdie , cultural lag' soos volg: „men spreekt in zo'n geval van ,cultural lag' van een achterblijven van de ontwikkeling, de normatieve vooruitgang van bepaalde cultuursectoren of samenlevingsvormen bij andere"[1]. In die huidige samelewing verskyn hierdie ,cultural lag' as volg: „the most rapid changes have occurred in science and technology, especially in the realms of physics and chemistry, which have instigated changes in the economic and industrial activities most closely associated with them. Less rapid changes have occurred in governmental organization, in educational and religious institutions, in family life, and in social philosophy"[2].

In hierdie verband is dit ook belangrik dat die wetenskap en tegniek nuwe moontlikhede en velde geskep het vir Vryetydsbesteding en Ontspanning deur bv. meer vrye tyd wat beskikbaar is vir arbeiders, nuwe vorme van gemeganiseerde ontspanning, gekommersialiseerde ontspanning, ens. wat ook weer probleme van hul eie aard skep waarvoor die sosiale denke en die sosiale organisasie tot op die huidige oomblik nie voldoende voorsiening gemaak het nie. „The most complex problem that the machine has hurled at twentieth-century civilization is that of finding an aesthetic solution for our leisure. Showering its blessings upon the just and unjust alike, the machine has spoiled us... All imply more time for enjoyment and fewer hours in factories, shops and offices"[3].

---

1) Van Dijk, R.: Mens en Medemens; p. 38.
2) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; p. 287.
3) Frankl, P.T.: Machine-made Leisure; Harper and Brothers Publishers, New York, 1932; p . 168.

Hierdie bg. aanhaling kan so wyd getrek word dat dit geld vir die hele samelewing. Maar met die moderne „monteerband-produksie" van massa-goedere het die werk vir 'n groot gedeelte verveeldheid gebring sonder afwisseling of die opwinding van arbeidstrots en arbeidsvreugde deurdat die mens die masjien op geroetineerde wyse bedien. Dit skep by die mens 'n soeke na opwinding en sensasie buite die sfeer van sy daaglikse beroepsarbeid[1].

Hierdie sosiale- en kulturele verandering vind ook weerkaatsing in veranderde waarde-opvattinge, want 'n nuwe sosiale orde laat die mens en groepe op nuwe wyses handel en op nuwe prikkels reageer. Ons benader hierdie vraagstuk van waardes en die sosiologie d.m.v. struktuurnorme in wat volg.

(c) Die invloed op die struktuurnorme[2].

Van Riessen plaas ons midde in die probleem met die stelling dat „in beide, techniek en wetenschap, hebben wij dus te doen met cultuur, d.w.z. met de vormende en schikkende mens zowel als met de resultaten daarvan. In dergelijke gevallen dient men altijd te onderscheiden tussen dat wat er feitelijk is en dat wat behoorde te zijn. M.a.w. techniek en wetenschap zijn genormeerd; zij vormen geen neutraal gebied. Zij zijn niet als de natuur, onvermijdelijk voor de mens zoals zij is. De mens kan dwalen en falen in de techniek; hij kan goed vormen en misvormen met alle schakeringen daartussen. Zo ook in de wetenskap; hij kan in haar resultaten de scala tussen waarheid en onwaarheid doorlopen. Een

---

1) Vgl. Bavink, J.H. en Van Veldhuizen, G.: Mens of Robot?; p. 38.
2) Vgl. Van Dijk, R.: Mens en Medemens; hoofstuk 4.

bijzondere vorm van antinormativiteit treedt op, als de man van de techniek of de man van de wetenschap te overmoedig, te gulzig is. Dan ontstaat de neiging tot vertechnisering van de maatschappij en tot vertheoretisering van de waarheid"[1]. M.a.w. die mens soek die hoogste waarde binne die vertegniseerde gemeenskap en die tydelike werklikheid, met die gevolg „dat mensen zo de feitelijke situatie tot normen verheffen"[2], in teenstelling met die tradisionele bronne vir die norme, nl. eerstens die tradisie, waardeur die normekomplekse van geslag tot geslag oorgedra is, en tweedens uit die geöpenbaarde Wil van God. Die huidige norme toon 'n rasionalisme en utilisme[3] as die sterkste stimulus vir die norme in die huidige samelewing, in plaas daarvan dat die norme sal poog om die geöpenbaarde Wil van God te gehoorsaam, maar dit moet dan ook in die werklikheid toepasbaar gemaak word. „The meaning of a norm becomes concrete only if one refers it to the context in which it works. Without that social frame of reference the norm remains empty. The contextualization of moral codes is, therefore, one of the outstanding tasks"[4]. Dit beteken dat die mens voortdurend die Christelike norme moet positiveer in, en moet toepas op die sosiale werklikheid. Andersyds moet die norme gereeld en opnuut aan Gods Woord getoets word. Soos reeds genoem, het hierdie normbepalings geswig voor die aanslag van die oormoed wat gebore is uit die mens se toenemende wetenskaplike en tegniese vaardighede.

Hierdeur word die transendente eienskap van die norme (de Goddelijke Woordopenbaring waarin hij gelooft,

---

1) Van Riessen, H.: De Maatschappij der Toekomst; p.142.
2) Ibid., p. 345.
3) Vgl. Mannheim, K.: Diagnosis of our time; Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1954; pp. 17 - 26.
4) Ibid., p.115.

dat die oorsprong, die laatste grondt ligt in God en Zijn heilige wil, dus buiten mens en kosmos) opgehef en word dit geplaas op 'n immanensie-standpunt (binne de grenzen van de tijdelijke wereld, binnen die schepping)[1].

Die moderne neiging om die aandag af te trek van die transendente perspektief dui op 'n sekularisme van beginsels.

(d) Sekularisme in die samelewing en die krisis in waardes.

Van hierdie sekularisme-tendens word ook gepraat as sekularisasie as 'n sosiale proses en kan omskryf word as „het proces, dat de scheiding tussen een profane en heilige levenssfeer opheft door het heilige te doen afsterven, terug te dringen, te doen verdwijnen en aldus het profane, beter: de gegeven wereld, normatief te maken"[2].

Soos reeds geneem is, is die sekularisme grotendeels te wyte aan die tegniek en wetenskap. „Deze secularisatie van het leven, waarmee ook de christenen - niet aangaande hun hart maar aangaande de werkelijkheid waarin zij leven, bv. de techniek en de wetenschap - worstelen en die zij dikwijls slechts verstandelijk te boven komen, is ongekend in de geschiedenis der mensheid"[3].

Sekularisme is egter nie net 'n teologiese begrip wat op 'n religieuse probleem dui nie, maar 'n probleem wat die mens bedreig na sy hele geestelike bestaan, en 'n krisis in waardes,[4] veral op die volgende gebiede teweeg bring:[5]

---

1) Vgl. Van Dijk, R.: Mens en Medemens; pp. 58, 59.
2) Banning, W.: Moderne Maatschappij-problemen; p. 69.
3) Van Riessen, H.: De Maatschappij der Toekomst; p. 144.
4) Mannheim, K.: Diagnosis of our time; hoofstuk 2.
5) Vgl. Banning, W.: Moderne Maatschappij-problemen; pp. 69, 70.

(i) Die sekularisasie van lewensgebiede en lewensinstellings - institusionele sekularisasie. Oorspronklik het dit begin met die selfstandigwording van stede, die emansipasie van die staat en die ontwikkeling van die ekonomiese lewe. Die outonomie van die hedendaagse wetenskap, kuns, die regsorde en die tegniek val in dieselfde lyn.

Ook die naastediens soos armsorg en sielsorg ontkom hierdie tendens nie, waar die norme van kerk en geloof ontbreek.

(ii) Die sekularisasie van idees. Die teosentriese wêreldbeeld verval waardeur die idee van Skepper en Skepping verdring word deur die „mechanisering van het wereldbeeld". Die leiding van God word misken in bv. die opvatting van die menslike geskiedenis wat o.a. herlei word tot politieke, sosiale e.a. oorsake.

(iii) Daar is 'n sekularisasie van gesindhede. Die religieuse „Jenseitige" motief moet plek maak vir 'n gesekulariseerde „diesseitige" houding. Banning noem o.a. die liberalisme, sosialisme, kommunisme, ens. as navolgers van die kreet van „Wir wollen auf Erden glücklich sein" met die oë gerig op 'n utopistiese aardse heilstaat.

(iv) As invloedrykste sfeer noem Banning die sekularisasie op die gebied van die lewensgewoontes en lewensuitkyk. Daar is bv. die veranderde idee oor die huwelik as 'n biologies-sosiale gebeurtenis tot 'n blote sosiale kontrak. Ook geboorte en dood verander na natuurlike verskynsels as die begin en einde van 'n lewe waarin die mens homself moet verhef en bevredig. Kortom: „...elk begrip van mysterie in de godsdienstige zin van het woord, is ons ontgleden en de levenspractijk richt zich in eerlijke nuchterheid daarnaar"[1].

---

1) Banning, W.: Moderne Maatschappij-problemen; p. 70.

In verband met hierdie sekularisasie op alle lewensterreine die volgende: „Our age may be described as one of unbelief rather than disbelief. This absence of positive „Weltanschauung", this hesitation between complete rejection of religion and the drawing of all the implications of such a step, is a factor which is very relevant in understanding the present attitude to leisure"[1].

Hierdie magte en die sekularisasie wat dit tot gevolg gehad het, het in 'n baie groot mate ook die Vryetydsbesteding en Ontspanning aangetas en tot 'n ernstiger probleem gemaak. „This new rôle of leisure is to be understood in terms of the changes in the ralationship of the labourer to his work. The changes have occurred not only as the result of the rise of industrialism, but also during the evolution of industrialism itself"[2].

(e) <u>Vryetydsbesteding en Ontspanning in 'n gesekulariseerde samelewing.</u>

Sinds 1800 het die vrye tyd van die mens toegeneem a.g.v. tegnies-wetenskaplike vooruitgang wat in die industrie-arbeid en produksie-proses meganisering geskep het. Die daaglikse arbeidstyd het gekrimp tot hoogstens agt ure in 'n vyf-dag werksweek. Hiermee ook 'n toename in die vrye tyd wat in 'n groot mate eerder 'n probleem as 'n seën geskep het, omdat daar geen voorsiening of vooruitbeplanning hiervoor was nie. „It had not only made leisure possible for the mass of people, but had imposed it upon them whether they wanted it or not... Leisure

---

1) Durant H.: <u>The Problem of Leisure</u>; George Routledge and Sons Ltd., London, 1938; pp. 16, 17.
2) Ibid., p. 11.

became, according to the dictates of our puritan inheritance, not so much an opportunity as a problem"[1].

Een van die probleme van die Vryetydsbesteding en Ontspanning is die rol wat die masjien daarin speel om sodoende die menslike element daarin uit te skakel. Die mens se individualiteit en persoonlikheid word nie meer gestimuleer nie, omdat hy gereduseer word tot 'n passiewe deelnemer. "...going to the motion pictures, listening to the radio, viewing television, joy riding on the city streets and country highways, and similar pursuits that involve machinery of one kind or another... The machine has a tendency to destroy individuality and naturalness in play life by producing standardized models and patterns. It is a kind of steam roller of our presentday civilization, leveling off differences. It respects neither individuality nor personality. Though it may broaden our tastes, it has a tendency to flatten them also"[2].

Die oplossing van hierdie probleem sien Van Riessen o.a. daarin dat die gedagte weereens tuisgebring word dat die essensie van die lewe die roeping tot arbeid is, (hoofstuk 3), en dat vrye tyd dui op <u>ontspanning</u> na die arbeid - d.w.s. nie die arbeid terwille van die vrye tyd nie. Die sin en wese van die arbeid moet herbeklemtoon word: arbeid is geen kwaad of straf, geen inleiding tot die vrye tyd, geen ekonomiese aksie nie, maar ten diepste die uitvoering van die kultuuropdrag[3], om daardeur die gedagte van 'n roepingsbewustheid weer

---

1) Dulles, F.R.: <u>America learns to play</u>; pp. 365, 367.
2) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: <u>Leisure and Recreation</u>; pp. 152, 153.
3) Vgl. Van Riessen, H.: <u>De Maatschappij der Toekomst</u>; pp. 179, 180.

in die mens se gedagtegang te bevestig. Sonder leiding na 'n veranderde houding en 'n herwaardering van die arbeid sal die volgende voorspelling moontlik bewaarheid word, nl.: „the ritual of leisure will replace the ritual of work, and work itself will become a kind of game. That is, in fact, the ideal goal of a completely mechanized and automatized system of power production; the elimination of work: the universal achievement of leisure"[1].

(f) <u>Samevatting en eie opvatting</u>.

Uit die voorgaande bespreking blyk dit dat:

(i) Veral sedert die begin van hierdie eeu het die magte van die wetenskap, tegniek, ekonomie en industrialisme as oorheersend na vore getree. Die integrasie van hierdie magte het reeds in so'n mate ontwikkel dat die wetenskap en tegniek ingespan word terwille van die industrialisme met die doel om massa-produkte van gebruiksgoedere wat aan elkeen beskikbaar gestel word, te bewerkstellig.

(ii) Die genoemde magte het 'n geweldige invloed op die samelewing in die algemeen en het belangrike bepalers geword van die sosiale en kulturele veranderinge, soos o.a. die „cultural lag" as „the material and natural scientific part of the cultural base appears to be growing larger more rapidly than the nonmaterial part"[2].

(iii) Hierdie magte, as stimulante vir sosiale verandering, ook op die struktuurnorme 'n invloed sou uitoefen. Eendersyds het dit die mens 'n oormoed gegee t.o.v. sy eie moontlikhede en vaardighede, maar andersyds soek die mens ook die oplossing vir die probleme wat ontstaan deur die

---

1) Mumford, L.: <u>Technics and Civilization</u>; Harcourt, Brace and Company; New York, 1934; p. 279.
2) Seligman, E.R.A., en Johnson, A.(red.'s): <u>Encyclopaedia of the Social Sciences</u>, Vol. 13; p. 332.

gebruik van hierdie magte binne sy eie bestaan en binne sy eie beperkte moontlikhede. Sy vertroue op 'n oplossing van sy probleme is dus immanent en beperk tot die tydelike werklikheid. "Mechanization in industry is one of the many aspects of a great change in the conditions of human existence, accompanied by a corresponding upheaval in ways of feeling and thinking"[1].

(iv) Die sekularisasie van alle lewensterreine is die gevolg van hierdie immanente lewenshouding. Onder hierdie sekularisasie verloor Vryetydsbesteding en Ontspanning sy ware betekenis en word die doel verby gesien. Hierdie dwaling t.o.v. die prinsipiële uitgangspunt van die arbeid en Vryetydsbesteding en Ontspanning verg 'n herwaardering van die arbeid en van Vryetydsbesteding en Ontspanning. „We arrive at the inevitable conclusion that the final step in the taming of the machine still remains to be achieved. That final step means the integration of the machine in the whole process of culture, instead of the submission of civilization to purely mechanical domination. Let us master the machine as the instrument for the creation of new leisure. In so doing, we are re-creating our social values. We are establishing an end toward which it is desirable to work, provinding, of course, that we may utilize that leisure as a method of educating and developing the race, as a path, in brief, to artistic creation and aesthetic enjoyment. If the machine can be mobilized toward the creation of the really good life, its tortuous and tragic history will be fully justified and

---

1) Friedmann, G.: Industrial Society; p. 392.

leisure will be once more not a curse but a blessing"[1].

In aansluiting hierby let ons vervolgens op enkele teorieë, die praktyk, en die invloed van groepsorganisasie op Vryetydsbesteding en Ontspanning.

---

1) Frankl, P.T.: Machine-made leisure; pp. 182, 183.

## HOOFSTUK 4.

## ENKELE ASPEKTE UIT SOMMIGE TEORIEË EN DIE PRAKTYK VAN VRYETYDSBESTEDING EN ONTSPANNING. 'N SOSIOLOGIESE BESKOUING.

### (a) Inleiding.

Om ons in staat te stel om hierdie aspekte op 'n wetenskaplike wyse te kan benader, maak ons gebruik van sommige teorieë oor Vryetydsbesteding en Ontspanning en van die praktyk daarvan in die samelewing. Vanselfsprekend val die klem hier op die waarde en die invloed van groepsorganisasie, waarby ook die enkelinge as aksiesentra in die groep, in die skepping van kultuur as kultuuropdrag val.

### (b) Enkele aspekte en grondbeginsels van sekere teorieë oor Vryetydsbesteding en Ontspanning[1].

Die vroeëre begrippe oor Vryetydsbesteding en Ontspanning was vaag en onvolledig, en dit is hoofsaaklik te wyte aan die gebrekkige belangstelling en selfs vyandigheid wat daar was t.o.v. Vryetydsbesteding en Ontspanning. Hoewel daar 'n algemene verandering in die houding teenoor Vryetydsbesteding en Ontspanning is, is die teorieë nog ongesistematiseerd en nie omvattend genoeg nie.

Daar is wel 'n bestaande aantal teorieë wat deur verskillende skrywers ingedeel en benader word.

Enkele van die hoofstrome sal vervolgens genoem word, hoewel daar in gedagte gehou moet word dat daar

---

1) Vgl. Sapora, A.V. en Mitchell, E.D.: The Theory of Play and Recreation; The Ronald Press Company, New York, 1961; hoofstuk 4.

nog menige variasies en uitvloeisels van hierdie teorieë is en dat hierdie indeling geensins volledig is, of selfs die teorieë na al hul aspekte omvat nie.

(i) Die Oortollige Energie-teorie. (Surplus Energy theory).

Hierdie teorie is een van die oudstes, en waarby o.a. name soos Schiller en Spencer genoem word.

Die grondgedagte van hierdie teorie is dat die mens ontspan en speel om oortollige energie te gebruik, omdat al die beskikbare energie nie opgebruik word in die gewone take wat nodig is vir die lewensonderhoud nie, en dus in die Vryetydsbesteding en Ontspanning uiting vind. Schiller het selfs kuns en ander kulturele ontspanning uit hierdie teorie verklaar as hy beweer dat hierdie ontspanning nie in direkte verband staan met ander lewensbelangrike prosesse nie.

Die belangrikste kritiek teen hierdie teorie is dat dit nie die „rekreatiewe", d.w.s. die verfrissende en opbouende elemente van gesonde Vryetydsbesteding en Ontspanning verklaar nie, maar eerder die teenoorgestelde beweer. Volgens hierdie teorie is daar ook geen verklaring vir die ontspanningsbehoeftes van die arbeider wat deur die dag harde arbeid verrig het nie, en ook nie vir die mens wat sy Vryetydsbesteding en Ontspanning soek binne 'n groep of in die saamwees met sy medemens nie. „In the surplus energy theory, it is contended that the playing animal has more energy than he needs for subsistence, reproduction, and defence"[1].

---

1) Sapora, A.V. en Mitchell, E.D.: The Theory of Play and Recreation; p. 78.

Omdat hierdie teorie dus nie 'n bevredigende verklaring lewer vir die mens se Vryetydsbesteding en Ontspanning, veral in die sosiale verband nie, let ons vervolgens op die ontspanningsteorie.

(ii) Die Ontspanning-teorie. (Recreation theory).

Hierdie teorie, waarvan Lazarus van Berlyn die grootste voorstander was, behels dat ontspanning beoefen word met die oog op die heropbou en herstel van energie, en wat dus in groot mate kontrasterend is met die vorige teorie wat beweer dat Vryetydsbesteding en Ontspanning oortollige kragte moet verbruik. Volgens hierdie siening sal 'n persoon wat bv. kantoorwerk verrig, vir sy ontspanning aan liggaamlike aktiwiteite en sport deelneem, en ons kan hierby voeg dat die persoon wat saam met ander mense werk in sy Vryetydsbesteding en Ontspanning alleen wil wees, en andersom. „The recreation theory is based on the obvious principle that a certain amount of rest and sleep is necessary, but beyond that a change to an active and interesting occupation is more restful than complete idleness.

„Play revitalizes and restores the mentally and physically tired"[1].

Vervolgens let ons op die instinkte-teorie wat berus op wetenskaplike navorsing en verklaring.

(iii) Die Instinkte-teorie. (Instinct-practice theory).

Hierdie teorie, as een van die jonger wetenskaplike

---

1) Sapora, A.V. en Mitchell, E.D.: The Theory of Play and Recreation; p. 81.

teorieë is deur Karl Groos uitgebou, op grond van noukeurige bestudering van instinkte by mens en dier. Groos beweer dat kinderspel instinktief geskied en eintlik verrig word ter voorbereiding en as oefening vir die eise van die volwasse lewe. Kortliks kom dit op die volgende neer: „Stated briefly, it includes three elements: (1) play is rooted in instinct, (2) it is a ‚preparation for life' and (3) it is pleasurable"[1].

Hierdie teorie bied gedeeltelik 'n goeie verklaring vir kinderspel maar t.o.v. die ontspanningsbehoeftes van die volwassene en sy groepsontspanning skiet dit te kort.

Daar is nog ander teorieë wat almal poog om die Vryetydsbesteding en Ontspanning uit 'n ander oogpunt te benader. Vir hierdie studie is dit egter net nodig om na nog 'n enkele ander teorie te verwys, nl. die teorie van persoonlike uiting wat in Vryetydsbesteding en Ontspanning na vore kom.

(iv) Die „Self-expression"-teorie.

Hierdie teorie het sy oorsprong in 1934 by Mitchell en Mason, twee Amerikaanse geleerdes. Die uitgangspunt van hierdie teorie is dat die mens tereg beskou word as die aksiesentrum in die samelewing; en hierdie aksie-element in die mens word aanvaar as 'n rede vir sy voortdurende behoefte aan Vryetydsbesteding en Ontspanning en gevolglik bevredig moet word. „First, man is an active, dynamic creature. Activity is the primary need of life. Nothing about man is more obvious or more elemental"[2].

---

1) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; p. 232.
2) Sapora, A.V. en Mitchell, E.D.: The Theory of Play and Recreation; p. 89.

Saam met hierdie aksie-faktor word die ander faktore wat vormend en bepalend inwerk op die Vryetydsbesteding en Ontspanning ook deur hierdie teorie in ag geneem, nl. die fisiologiese struktuur, fisieke gesteldheid en die psigologiese instelling.

Hierdie teorie lê ook klem op die feit dat Vryetydsbesteding en Ontspanning die moontlikhede bied vir die deelnemer om te skep, te oorwin en ideale te bereik, om sy medemens te beïndruk en erkenning te geniet, of kortom: Vryetydsbesteding en Ontspanning bied die geleentheid vir selfrealisasie binne die groep wat deelneem aan hierdie Vryetydsbesteding en Ontspanning, d.w.s. o.a. ook die sosialiseringsproses van Vryetydsbesteding en Ontspanning word deur hierdie teorie erken. Anders gestel, kom dit daarop neer dat Vryetydsbesteding en Ontspanning, soos wat die individu daaraan deelneem, gebruik word om opgeneem te word in en gesonde aansluiting te vind by die gemeenskap of samelewing.

Waar die vorige teorieë in breë trekke dus die oorerwings- en instinktiewe aspekte van Vryetydsbesteding en Ontspanning oorbeklemtoon het, kry ons by bg. teorie in 'n groter mate te doen met die <u>sosiologiese implikasies van Vryetydsbesteding en Ontspanning</u>, en dus ook die belang daarvan vir die <u>individu</u> <u>en</u> <u>die</u> <u>groep</u>.

Hierdie teorieë gaan egter **almal** mank aan omvattendheid omdat elkeen die grondmotief vir Vryetydsbesteding en Ontspanning vanuit 'n enkele gesigspunt wil verklaar met die gebrek aan 'n geheelbeskouing. Daarom sê Neumeyer dan ook dat „biological, psychological and social factors are involved and no theory is complete without a recognition of all the varied elements. The single factor theories are defective in that they build up explanations

from a given angle to the exclusion of other equally important factors. The basic factors must be sought in the person and in his interaction with the physical and social environment"[1].

Hierdie aanhaling dui o.a. op die belangrikheid van die sosiologiese aspekte van Vryetydsbesteding en Ontspanning en lê die verpligting op om kortliks aandag te skenk aan die groepsaspekte van Vryetydsbesteding en Ontspanning.

(c) Enkele sosiologiese implikasies van Vryetydsbesteding en Ontspanning m.b.t. die genoemde teorieë.

Vryetydsbesteding en Ontspanning binne 'n groep word bepaal deur die groep in besonder en deur die bepaalde behoeftes van daardie groep. „The cultural background of a group of people, their habits and attitudes, and the predominant cultural traits of an area have a considerable influence in determining what people do for their recreation..."[2], „all the various motives of action, except those that are strictly inherited, are conditioned and developed through social contacts and social interaction"[3].

Hier kry ons te doen met ontspanningsgroepe, d.w.s. groepe wat bestaan met die primêre doel om in die lede se behoeftes aan Vryetydsbesteding en Ontspanning te voldoen. In werklikheid bestaan sulke groepe nog nie baie lank nie[4] en is veral in die jongste tyd nodig gemaak deur die veranderde sosiale omstandighede van die moderne tyd

---

1) Neumeyer M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; p. 250.
2) Ibid., p. 166.
3) Ibid., p. 249.
4) Vgl. Butler, G.D.: Introduction to Community Recreation; Mc. Graw-Hill Book Company, Inc., New York, 1949; hoofstuk 3.

(soos in die vorige hoofstuk bespreek). „They have become necessary because of the congestion, impersonality, and increased tempo of modern life; the confinement, speed, and excessive routinization of modern occupations, with their enervating and debilitating effects; the shrinking of the pyhsical home; and the loss of many opportunities for pleasurable free activity, coöperation, and association, which were once available in smaller, close-knit communities"[1].

Hierdie groepe word georganiseer op verskillende maniere en bestaan as onderafdelings van ander groter groepe, bv. by die bedrywe en groot industrië, skole, universiteite, munisipaliteite, ens.; of hulle kan onafhanklik bestaan as outonome liggame wat die Vryetydsbesteding en Ontspanning van sy lede behartig[2], bv. die gemeenskapsentra.

Wat hierdie groepe betref noem Neumeyer[3] hulle, in aansluiting by Cooley, ook „primêre" groepe, wat omskryf kan word as „those characterized by intimate face-to-face association and coöperation. They are primary in several senses, but chiefly in that they are fundamental in forming the social nature and ideals of the individual"[4], en dan noem Cooley juis o.a. die „Play-group", hetsy van kinders, hetsy gevorm deur volwassenes as 'n tipiese vorm van hierdie primêre groepe waar „as regards play, I might, were it not a matter of

---

1) Schmidt E.P.: Man and Society. A substantive introduction to the social sciences; hoofstuk van Hertzler, J.L.: „Social Institutions", Prentice-Hall, Inc., New York, 1938; p. 81.
2) Vgl. Mitchell, E.D. en Mason, B.S.: The Theory of Play; pp. 317 - 330.
3) Vgl. Neumeyer M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; p. 256.
4) Cooley, C.H.: Social Organization. A study of the larger mind; Charles Scribner's Sons, New York, 1916; p. 23.

common observation, multiply illustrations of the universality and spontaneity of the group discussion and coöperation to which it gives rise"[1].

Maar hierdie ontspanningsgroepe is vir ons studie veral belangrik om die vormende invloed wat van hierdie groepe uitgaan, want „Primary groups, because of the intimate contacts of persons composing them, have always exercised great social influence. This is true particularly of the play group, in which the relationships are intimate and which are relatively spontaneous. An interest is generated that absorbs attention and makes one susceptible to the influences emanating from the group itself"[2].

Hierdie aanhaling dui o.a. ook op die reedsgenoemde sosialiseringsproses wat daar aanwesig is by die gemeenskaplikheidselement van Vryetydsbesteding en Ontspanning. Maar hierdie sosialiseringsproses van Vryetydsbesteding en Ontspanning impliseer o.a. ook die opvoedkundige waarde daarvan, en verder dat dit perspektiewe open vir die enkeling se ontwikkeling en gesonde aansluiting by die groepe en die gemeenskap. „However the merits of recreation go beyond that of compensating for the deficiencies of our time, its curative and preventive qualities in the fields of delinquency, physical well-being, mental health and child safety, have been revealed convincingly by surveys and research. Just as impressive is the evidence relative to its promotive values in achieving higher standards of intellectual and personality development, citizenship training and social functioning and

---

1) Cooley, C.H.: Social Organization. A study of the larger mind; p. 24.
2) Neumeyer M.H. en Neumeyer E.S.: Leisure and Recreation; p. 256.

adjustment"[1].

Maar nou is hierdie opvoedkundige waarde van gesonde Vryetydsbesteding en Ontspanning geensins 'n nuwe idee nie, want o.a. het Froebel dieselfde gedagte uitgebou en in die praktyk van toepassing gemaak met sy „Kindergarten"-stelsel[2], waar die kinderspel gebruik word as aanduiding hoe om die kind te lei; en juis omdat spel 'n spontane uiting is van die kind se innerlike behoeftes en begeertes, word die klem gelê op selfontwikkeling[3].

Hoewel die opvoedkundige waarde hiervan vir kinders van die uiterste belang is, is dit nie die enigste sfeer waar Vryetydsbesteding en Ontspanning vormende waarde het nie. Selfs by die volwassene se lewe in die algemeen, „we can use play as a foundation for work, both in our methods of Education and in Industry, and in so doing enable the individual to develop harmoniously, to have his psychic energy conserved and under control, to make use of his powers to the full, to enjoy life as an individual and as a member of the community, and to give his best contribution"[4].

D.w.s. daar moet gepoog word om by volwasse onderwys die Vryetydsbesteding en Ontspanning so te lei dat dit die doel bereik van 'n harmonieuse wisselwerking en verantwoordelike aanpassing van individu by die groep, of soos Romney sê: „certainly full growth and blossoming is the natural aspiration of every one, not only for himself and his family, but should be also for his fellows

---

1) Opperman, R.W.J.: Our Vanishing Heritage; Pamflet uitgegee deur die Afdeling Liggaamlike Opvoeding, Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, Pretoria, 1957; p. 6.
2) Vgl. Reaney, M.J.: The Place of Play in Education; Methuen and Co., Ltd., London, 1927; p. 53.
3) Vgl. Janssen en Visser: Van Plato tot Decroly; p.188.
4) Reaney, M.J.: The Place of Play in Education; p. 53.

who make up the society in which he is to flourish. Society and the individual are closely interrelated so that what afflicts or benefits one, in some way affects the other. But it is in the democratic society that individual choice and effort can penetrate furthest and reap rich merit. It is in relation to this society that recreation deserves a hearing"[1].

Vryetydsbesteding en Ontspanning het dus ook die besondere karakter dat dit t.o.v. die opvoedkundige waarde daarvan 'n informele en spontane invloed het - in teenstelling met formele onderwys[2], of soos Ward dit stel: „leisure must be regarded as a means to education. It may be called negative education, and differs from positive education in being a condition to self-education. It was the great school of mankind before there was such thing as positive education..."[3]

Hierby kom dus ook die mens-tot-mens verhoudinge in die groepe vir Vryetydsbesteding en Ontspanning wat 'n opvoedkundige waarde het, omdat „wisselwerking tussen die wat leiding gee, en die wat leiding aanvaar, is 'n pedagogiese waarheid wat nie slegs op die skool van toepassing is nie maar op alle samelewingsvorme..."[4]. Die toepassing daarvan op die maatskappy word o.a. beklemtoon deur die stelling dat: „die wêreld waarin ons lewe, is nie meer die wêreld van gister nie. Die betreklik statiese, sterk tradisionele, oorwegend landelike, nie-kapitalistiese maatskappy wat ons ouers

---

1) Romney, G. Ott.: Off the Job Living; p. 7.
2) Vgl. Coetzee, J. Chr.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde; J.L. van Schaik, Pretoria, 1953; hoofstuk IV.
3) Smith, W.R.: An Introduction to Educational Sociology; Hoghton Mifflin Company, Boston, 1929; p. 378.
4) Van der Walt, J.P.: Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die Opvoedkundige Sosiologie; Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Potchefstroom, 1959; p.47.

en voorouers geken het, het so te sê verdwyn. Die moderne mens word aan soveel invloede blootgestel dat hy 'n behoefte het aan voortdurende leiding en voorligting. Hy moet beter toegerus word - liggaamlik, verstandelik en geestelik - om in 'n ewewigtige en gesonde persoonlikheid te ontplooi te midde van die materialistiese tydgees en geestelike ontwrigting meegebring deur meganisering, industrialisering, verstedeliking en gesinsverbrokkeling;..."[1].

Hierdie „materialistiese tydgees en geestelike ontwrigting" in bogenoemde aanhaling doen hulle voor nie net in die magte van die wetenskap, tegniek, industrialisme en die ekonomie nie, maar o.a. ook in die sosiale verskynsels van verstedeliking en massifikasie.

(d) <u>Enkele sosiologiese probleme i.v.m. Vryetydsbesteding en Ontspanning en die prosesse van verstedeliking en massifikasie</u>.

Die sosiologiese probleme wat hier slegs in hooftrekke behandel word, beïnvloed seer seker 'n positiewe toepassing van die beginsels van Vryetydsbesteding en Ontspanning op die prosesse van verstedeliking en massifikasie.

'n Onderskeid tussen die begrippe <u>verstedeliking</u> en <u>massifikasie</u> is wel moontlik en nodig vir die doel van hierdie bespreking, maar moet ook as geïntegreerde prosesse gesien word.

(i) <u>Verstedeliking</u>.

Kuiper gee die volgende omskrywing aan die verstedelikingsproses: „het verschijnsel, dat relatief steeds meer mensen gaan wonen in nederzettingen met een stedelijk karakter, word urbanisatie of verstedelijking genoemd"[2].

1) <u>U Plek in Opvoeding vir Volwassenes</u>; Pamflet uitgegee deur die Afdeling Opvoeding buite Skoolverband, Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Pretoria; p.1.

2) Grosheide, F.W. en Van Itterzon G.P. (red.s): <u>Christelijke Encyclopedie</u>; Deel VI; p. 438.

Banning omskryf hierdie verstedelikingsproses aan die hand van enkele kenmerke[1], nl. 1) die agglomerasie van die bevolking in die stad, 2) die ontstaan van 'n eie tipe van samelewing: eie lewensvorm en beskawing wat duidelik te onderskei is van die agrariese tipe en 3) die dominerende invloed van hierdie stedelike beskawing.

Die moderne verstedelikingstendens moet gesien word teen die agtergrond van die gesamentlike uitwerking van die reeds behandelde magte. „Op de achtergrond (van het urbanisatie-proces) staat dus het moderne industrialisme met de toeneming der bevolking, voornamelijk in de steden geconcentreerd; het overwicht van de industriële arbeid, de voortdurende groei van het technisch kunnen en het daarvoor noodsakelijke weten, waarvoor een uitgebreid opleidings- en ontwikkelings-systeem in het leven is geroepen en de voortschreijdende rationele organisatie der samenleving: eerst van het bedrijf als kern, dan van de bedrijfstak en het economisch proces als geheel, maar ook van het gehele maatschappelijk bestel"[2].

Die proses van verstedeliking hou ook 'n geestelike en sosiale problematiek in wat o.a. die volgende tendense vertoon:[3]

(i) Daar is 'n versterking van die <u>rasionele en rasionalistiese tendense</u> in saaklike verhoudings, voorskrifte, instellings, organisasies, ens., en meer spesifiek op die gebied van die groot bedryf, die burokrasie, maar bv. ook wat betref die koerantwese en die bioskoop, wat almal ontwikkel het tot gerasionaliseerde magte met 'n enorme invloed op die lewensgedrag en kultuurpatrone.

---

1) Vgl. Banning, W.: <u>Moderne Maatschappij-problemen</u>; p. 61.
2) Ibid., p. 67.
3) Vgl. Ibid., pp. 67 - 79.

(ii) Die kommersialisering van die stadslewe wat gestimuleer word deur die industriële proses en die konsentrasie van die ekonomiese en finansiële magte. Die kommersialisering kom ook sterk na vore in die verskillende vorme van die stedelike Vryetydsbesteding en Ontspanning, wat verval tot 'n objek van die handel, om die neiging tot passiewe massa-ontspanning te bevorder. „Nevertheless, commercial amusements are designed to provide the largest amount of entertainment with a minimum of effort on the part of the spectators or participants"[1].

(iii) Derdens, is daar die sekularisasie wat deur die verstedeliking bevorder word[2]. Met byvoeging tot wat reeds in die vorige hoofstuk oor sekularisasie gesê is, word net die volgende opmerking gemaak: „die stad is die setel van die mammon aanbidding; daar word die stoflike bo die geestelike verheerlik...

„Hierdie verheerliking van die materiële, die sienlike en tasbare werk nadelig op die geestelike en godsdienstige... Met al die luisterryke ontdekkings van die wetenskap, waardeur soveel menslike behoeftes bevredig word en soveel gemak en weelde voorsien word, loop die mens gevaar om te meen dat hy God nie nodig het nie"[3].

(iv) Die verstedelikingsproses word ook gekenmerk deur 'n vervaging van die tradisionele gemeenskapsgroepe en die individu se gebondenheid daaraan. Hier vind ons

---

1) Neumeyer M.H. en Neumeyer E.S.: Leisure and Recreation; p. 316.
2) Vgl. hoofstuk 4.
3) Albertyn, J.R., Du Toit, P., Theron, H.S.: Kerk en Stad. Verslag van die Kommissie van die Gereformeerde N.G. Kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die nege stede van die Unie van Suid-Afrika; Pro Ecclesia-boekhandel, Stellenbosch, 1947; p. 37.

dat die bande van kerk en gesin, maar ook die invloed van die gemeenskapsmoraal, van tradisies en sedes opgelos word in die saaklike utilisme van die georganiseerde en gereglementeerde stadslewe.

Dit is ook 'n rede vir die afwatering van die gesonde en aktiewe Vryetydsbesteding en Ontspanning in die stad, en wat op massa-vermaak afstuur. „Men wil wel vrijetijdsbesteding, maar die mag uitsluitend het karakter dragen van vermaak. Zij mag niet te veel intellectuele of andere inspanning vragen, ze moet vooral niet te zwaar zijn. De mens wordt puërieler in zijn pret, hij wordt vlakker en holler in zijn genoegens"[1].

(v) Die nouer en direkte kontak met die natuur word deur verstedeliking verflou, omdat die gerief en weelde van die stadslewe kunsmatig en deur die mens geskep is. Die kontak en gebondenheid aan die bodem, seisoene en die natuurprosesse is vir die massas in die stede nie van lewensbelang nie. Die stede moet dus ook Vryetydsbesteding en Ontspanning bied wat die mens en die natuur bymekaar bring, bv. in die vorm van parke, dieretuine, ens.[2].

(vi) Die verstedeliking veroorsaak ook 'n omvorming, dikwels 'n losmaking, van die gesinsbande. Saamgevat kan dit so gestel word dat allerlei werksaamhede en funksies van die gesin verswak word,[3] met 'n gepaardgaande verswakking van die vormende en rigtende invloede van die gesinslewe wat o.a. te bespeur is in die toenemende uithuisigheid en sedeloosheid wat dui op die noodsaaklikheid

---

1) Bavink, J.H. en Van Veldhuizen, G.: Mens of Robot?; p. 43.
2) Vgl. Brightbill, C.K.: Man and Leisure; p. 137.
3) Vgl. Van Dijk, R.: Mens en Medemens; pp. 87 - 98.

vir gesonde Vryetydsbesteding en Ontspanning in die stad. „Hoe dikwels kom ons by ouers die ,loop speel'-houding teë. Die kind word gebad, aangetrek of gevoed en dan die huis uitgestuur met die bevel om te gaan speel, maar sonder dat daar voorsorg gemaak is vir interessante en doelmatige speelgoed of spel"[1].

Ook in Suid-Afrika is hierdie verstedeliking geen onbekende verskynsel nie. Dit is veral sedert die dertiger-jare dat die stadswaartse trek vanaf die platteland geweldig toegeneem het,[2] en dit dagteken ook die industriële opbloei van Suid-Afrika, wat veral om die stede sentreer.

Maar met die moderne industrialisme en verstedeliking ontwikkel daar ook 'n proses van massifikasie in die maatskaplike lewe.

(ii) Massifikasie.

Van die proses van massifikasie sê Mannheim dat die eertydse heilsame privaatheid wat die individu kon geniet, en die erkenning van die individu bedreig word deur die „mechanical work and the growth of big cities with their crowding mass amusements, mass excitement and political demonstrations. The existence of intimacy, privacy, contemplation and inwardness is threatened wherever mass society develops,..."[3]

Vir 'n duidelike omskrywing van wat hierdie „mass society" is waarvan die agtergrond deur Mannheim in die bg. stelling geskets is, is ons aangewese op Röpke wat

---

1) Smit, C.: „Ontspanning en die Gesin", Lantern; Julie, 1960; p. 82.
2) Vgl. Pauw, S.: Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad; Pro-Ecclesia-drukkery, Stellenbosch, 1946; Hoofstuk 8, Afdeling 37.
3) Mannheim, K.: Diagnosis of our Time; p. 159.

dit as volg omskryf: „we speak of mass civilization and congestion in expressing the idea of the individual being absorbed ever more in an amorphous mass. We mean by this that society in so far as it has moved in this direction has lost its horizontal as well as its vertical structure and has succumbed to a process of trituration, decomposition and dissolution which has converted it into a mere sandheap of individuals"[1]

Hierdie bindinglose individue word dan op toevallige en meganiese wyse saamgewaai, wat die massas vorm van ons groot stede, die publiek van die industriële sentra, die massale organisasie van die groot partye. Daar is geen ware bindinge nie: nêrens word die enkeling gewortel in sy sosiale milieu of gemeenskapsgroepe nie, daar is geen ware gemeenskapsin en geen leiding deur egte geroepe gesagsdraers nie. Dus is hierdie massifikasie 'n proses waarin die individu met sy eie verantwoordelikhede en normbesef geabsorbeer word deur die massa. „In de massa laat de mens zich eenvoudig meedeinen en meeslepen op de golven van het door emotionele impulsen bewogen geheel"[2].

In die massifikasieproses gaan dit uiteindelik om die losruk van die ankers en bindinge uit die primêre groepe en saam daarmee ook die verdwyning van basiese deugde, ens.

Kortom, die individu loop gevaar om sy eie identiteit te verloor deur die prosesse van massifikasie en verstedeliking, waarin hy sy ankering in die stabiele groep en gemeenskap verloor en as 'n nommer opgaan in 'n amorfe en bindinglose massa[3].

---

1) Röpke, W.: Civitas Humana; p. 132.
2) Van Dijk. R.: Mens en Medemens; p. 152.
3) Vgl. Ibid., pp. 152, 153.

Nou is dit van opvoedkundige belang dat o.a. Vryetydsbesteding en Ontspanning ook aangewend behoort te word as teenvoeter in die stryd wat gevoer word teen die negatiewe uitwerking van die prosesse van verstedeliking en massifikasie. „No one can guess how many people grow old, strangers to themselves - impatient with the interlopers whom they take for themselves sometimes - because they have never learned who they really are. Lots of potential personalities may reside in one person. They may be begging for expression and not be heard. Recreation frequently has the key to release them. But the individual must be exposed to a variety of opportunities in inviting circumstances, or hope for his self-discovery is slight"[1]. Teenoor hierdie uitspraak, behandel ons nou die volgende:

(e) Toepassing van enkele beginsels van Vryetydsbesteding en Ontspanning en die sosiologiese beskouing oor die vormende waarde daarvan.

(i) Inleiding. Die toepassing van die beginsels van Vryetydsbesteding en Ontspanning word deur verskillende instansies en georganiseerde groepe waargeneem, hoewel dit wissel van groep tot groep. In hierdie verband neem die industrieë een van die belangrikste posisies in as voorsieners van georganiseerde programme vir Vryetydsbesteding en Ontspanning, hoewel dit nog geensins as die ideaal beskou kan word nie[2].

Aangesien hierdie 'n literatuurstudie is sal daar net in die algemeen verwys word na die ontspanningstoestande en fasiliteite van die industrieë, en in besonder na die mynindustrie.

---

1) Romney, G. Ott.: Off the Job Living; p. 54.
2) Vgl. Bosman, J.S.K.: Liggaamlike Ontspanning in enkele Suid-Afrikaanse Nywerhede.

(ii) Motivering.[1] (Doelstelling)

Die algemene motief vir die aandag wat nywerheidsontspanning geniet kan met die volgende stelling verduidelik word, nl.: „What is it they want after the whistle blows? They want friendliness, understanding, a chance and the facilities to relax and do the things they want to, and a time to forget the complexities of the day's work..."[2), „...because when man is threatened by slavery to machines and a mechanistic existence, his off-time needs, his demand for balanced living and satisfaction of his appetites for companionship, self-expression and self-respect, recognition by his fellows, competition and adventure are undeniably acute."[3]

Dit is veral ook in die groot bedryf waar groot getalle werkers saamgetrek is, van die uiterste belang vir die moraal en gemeenskapsgevoel van die werkers, dat die Vryetydsbesteding en Ontspanning sal dien om die solidariteit en lojaliteit teenoor die bepaalde industrie, maar ook tussen die lede onderling, te bevorder. „Esprit de corps, morale, and loyalty are intensified in games as in few other situations"[4], en daarom ook die uitdruklike aanbeveling soos volg: „You are encouraged to make the fullest use of these (recreational) facilities. By doing so, you will be able to occupy your leisure time pleasantly and you will help to make the social life of the mine rich and satisfying"[5].

---

1) Vgl. Van Riessen, H.: De Maatschappij der Toekomst; pp. 163, 360, oor wat hy noem die devaluasie van die arbeid en dat die bedryf in maatskaplike masjien is.
2) Petrill, J.: After the Whistle blows; The William-Frederick Press, New York, 1949; p. 4.
3) Romney, G. Ott: Off the Job Living; p. 162.
4) Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation; p . 278.
5) Employee Handbook; Brosjure van die Durban Roodepoort Deep-myn.

(iii) 'n Kultuur-sosiologiese beskouing oor die doel van Vryetydsbesteding en Ontspanning in breë trekke.

Hier het ons te make met die formele- en informele organisasie van 'n bedryf, en wil dit blyk dat Vryetydsbesteding en Ontspanning veral op die terrein van die informele organisasie val. Om hierdie stelling te illustreer wys ons op die volgende aanhalings: „Elke individu het (by formele organisasie) 'n bepaalde plek of posisie met betrekking tot elke ander individu binne die groot strukturele raamwerk van die industriële bedryf. So vind ons dat die boonste laag van die piramiede beman word deur diegene wat beheer uitoefen of mag het oor diegene wat die laer range uitmaak en dat laasgenoemde ook gekenmerk word deur groter getalle as eersgenoemde"[1), en wat die informele organisasie betref: „...(dit) dui op spontane en informele groepvorming waarby die menslike faktor 'n baie belangrike rol speel. Die persoon met sy besondere gedragswyses en sy verhoudinge tot sy medewerknemers en sy werkgewer kom na vore binne die informele groepsorganisasie"[2). Hierdie strukturele aspekte van die organisasie van die bedryf is vervat in die vorige aanhalings.

In hierdie raam moet die volgende vraagstukke besondere aandag geniet: die wisselwerking en samewerking tussen werknemers en werknemersgroepe, tussen werknemersgroepe en werkgewersgroepe, anders kan, wat die kontakte en gemeenskaplike doelstelling binne die bedryf betref, dit nie tot sy volle reg kom nie.

---

1) Theron, J.A.L.: Enkele grondvrae in die Bedryfsosiologie; p. 105.
2) Ibid., p. 120.

Deur middel van georganiseerde Vryetydsbesteding en Ontspanning moet 'n groot verskeidenheid van fasiliteite vir groepe met gemeenskaplike belang, kan die kontakte, samewerking en wisselwerking met mekaar in terme van mense-verhoudinge en gedragswyses bydra tot die werklike doel van die bedryfsopset.

Hierdie gedragspatrone, as kultuurpatrone van 'n min of meer eenderse aard met bepaalde doelstellings, kan en behoort 'n groot bydrae te lewer tot die verwesenliking van die individuele en groepsprestasies, sowel binne as buite die bedryf.

In aansluiting hierby let ons op die volgende indeling van 'n program vir Vryetydsbesteding en Ontspanning, met sy organisasie.

(f) <u>Die indeling van 'n program; bv. 'n mynindustrie</u>.

Dit wil voorkom asof daar by myne wat binne dorps- of stadsgebied lê nie so'n uitgebreide en ver deurgevoerde ontspanningsprogram bestaan nie. Die rede hiervoor is dat die werknemers gewoonlik binne die bereik is van ander publieke ontspanningsgeriewe, en dus nie op die myn alleen aangewese is vir die voorsiening in die behoeftes vir Vryetydsbesteding en Ontspanning nie.

Vir die grootste gedeelte egter, is die myne selfvoorsienend wat Vryetydsbesteding en Ontspanning betref omdat hulle meestal buite die stede lê. As praktiese voorbeeld neem ons die Blyvooruitzicht Goudmyn (Carletonville-area) waar feitlik al die werknemers (blank en nie-blank) deur die myn self gehuisves word. Daar is ongeveer 940 huise by die myn self en enkelkwartiere vir vrygeselle (blankes).

Die sentrum vir Vryetydsbesteding en Ontspanning is die klubgebou, wat in 1952 opgerig is teen 'n koste van R120,000. Die gebou huisves 'n hoofsaal (400 stoele) en

'n sysaal wat gebruik word vir gesellighede, opvoerings, ens. Verder is daar o.a. ook 'n biblioteek (2,000 boeke) met 'n ledetal van ongeveer 1,000.

In die gebou word ook voorsiening gemaak vir sekere binnenshuise sportsoorte.

Verder is daar in die omtrek van hierdie gebou sportvelde en fasiliteite vir ongeveer 12 sportsoorte, insluitende 'n swembad. Daar word ook voorsiening gemaak vir kulturele ontspanning, o.a. 'n drama-vereniging, fotografieklub en die biblioteek.

Wat die kinders van die werknemers betref word daar o.a. jaarliks 'n groot kersboomfunksie gereël wat deur kinders en ouers bygewoon word en die vorm van 'n kermis aanneem. Dit word gereël deur die damesvereniging van die myn. Jaarliks word daar ook 'n gratis sirkusvertoning gegee. Die huur van hierdie sirkus word deur die mynowerheid gedra (ongeveer R1,200).

Elke werknemer van die myn betaal 'n verpligte ontspanningsfooi van 50c. per maand. Elke sportklub bepaal sy eie ledegeld, wat so laag as moontlik gehou word omdat die mynowerhede die fasiliteite, apparate en toerusting vir hierdie ontspanningsgroepe voorsien en onderhou. Die doel is dus nie om op 'n winsgewende basis te bestaan nie, maar eerder om die lede van elke klub aan te moedig tot aktiewe deelname, en om diverse kostes te kan dra.

Die verskillende klubs word elk beheer deur 'n komitee gekies uit die lede van die klub deur die lede self en wat verteenwoordiging het op 'n sentrale bestuur.

Dit kom voor asof daar by hierdie myn 'n goeie belangstelling is vir die ontspanningsgeriewe wat voorsien word, en dat daar in 'n redelik bevredigende mate gebruik gemaak word van die fasiliteite, hoewel ook hier die gemis gevoel

word aan 'n algemene ondersteuning. Hierdie feit word veral toegeskryf aan die gebrekkige belangstelling by die laer inkomstegroepe. Hiervoor kon daar nog nie 'n bevredigende antwoord gevind word nie, hoewel daar gedagtes soos die volgende bestaan by mense wat met hierdie probleem gemoeid is, nl.: dat hierdie groep die moeilikste handearbeid verrig, en dus rus en rustigheid soek na die werk. Tog is dit so dat daar ook fasiliteite is vir hierdie groep se ontspanningsbehoeftes, soos die biblioteek, die sitkamers waar gesels word, of die verenigingslewe. Dit is egter die ondervinding dat hierdie persone ook makliker verval in ongewenste of afbrekende tydverdryf.

Nog 'n moontlikheid vir hierdie verskynsel mag die feit wees dat hierdie groep nie kans sien om saam met hul werksvoormanne, of selfs die mynbestuurders op informele vlak te verkeer nie. Hierdie feit geniet veral baie aandag van die personeelwerkers omdat ook juis hierdie informele kontak wat tussen „baas" en werker kan ontstaan buite die werksverband om, 'n ideale geleentheid is om die wedersydse verhoudinge te bevorder - 'n toestand wat nie so maklik geskep kan word in die werksituasie nie. Dit is juis ook een van die doelstellings dat daar nouer kontak moet wees tussen die verskillende werkers, en veral tussen die hoër- en die laer inkomstegroepe. Dit is 'n vereiste vir die harmonie binne die werknemerskorps van 'n bedryf, maar ook vir algemene tevredenheid en arbeidsvreugdefaktore wat op hulle beurt weer lei tot beter produksie en bedryfsbestuur.

Die voorsiening in die behoeftes van die nie-blankes se Vryetydsbesteding en Ontspanning, soos wat dit op die myne geskied is gerugsteun deur dieselfde motiewe as die

vir die blankes, met die bykomstige faktor dat dit ook moet dien om hulle op 'n nuttige, georganiseerde wyse besig te hou om probleme soos bv. stamgevegte te bekamp - veral oor die naweke. Dit is veral nodig as ir gedagte gehou word dat 97% van die nie-blanke werknemers deur die myn self gehuisves moet word. Dit geskied in kampongs waarin van 3,000 tot 6,000 Bantoes gehuisves word.

Daar word gepoog om die fasiliteite en voorsiening altyd aan te pas by die Bantoe se besondere behoeftes en kultuur. Dit is dus nie vreemd dat stamdanse soveel voorkeur en belangstelling, ook van die owerheid se kant, geniet nie. Die materiaal en versierings wat as kleredrag gebruik word, word gratis deur die owerheid verskaf aan die 16 stamme wat deelneem daaraan.

Verder is daar in elke kampong 'n geventileerde saal met silwerdoek, 'n verhoog, ens. waarin van tyd tot tyd funksies gereël word.

Verder word verskillende sportsoorte (sokker, atletiek, fietsry, ens.) beoefen op bv. sokker en rugbyvelde en 'n atletiekbaan en sement fietsrybaan wat aan Olimpiese standaarde voldoen.

Vir die leiding op ontspanningsgebied maak die owerhede gebruik van voltydse instrukteurs en toesighouers wat net verantwoordelik is vir die Vryetydsbesteding en Ontspanning van die Bantoes.

Van die Bantoes word geen geld ingevorder of enige ledegelde vereis vir hul deelname nie. Alle apparaat en persoonlike toerusting wat nodig is, word deur die owerhede aan die deelnemers uitgereik vir eie gebruik.

Duidelikheidshalwe kan net gemeld word dat die voorsiening en organisasie van Vryetydsbesteding en Ontspanning soos wat dit by een gemelde myngevind is, by

al die myne van dieselfde myngroep dieselfde riglyne volg, hoewel die praktyk van myn tot myn ietwat verskil, na gelang van die reedsgenoemde omgewingsfaktore, of die verskil in elke myn se bestuursbeleid, daar die myne nie gebonde is aan 'n vasgelegde groeps-beleid nie.

Waar een myn as oorsigtelike voorbeeld gebruik is kan die beginsel daarvan van toepassing gemaak word op die hele mynbedryf in die algemeen, en dien dit ook as voorbeeld vir ontspanning by bedrywe in die algemeen. Hierdie ontspanning moet gesien word as „Industrial recreation refers to pleasurable and noncompulsory activities engaged in for their own sake, carried on for the employees in industry and business during their free time, and sponsored by employers or jointly by employers and employees"[1].

(g) Samevatting en eie opvatting.

(i) Vryetydsbesteding en Ontspanning word verklaar vanuit verskillende oogpunte. Dit was eers op die gebied van die instinkte en die fisiologie dat die oorsaak en verklaring vir die voorsiening in die behoeftes van die mens aan Vryetydsbesteding en Ontspanning gesoek is. Met die ontwikkeling van die terreine van die Opvoedkunde, die Sielkunde en Sosiologie het ook die belangstelling vanuit hierdie oogpunt toegeneem en is die suiwer biologiese standpunt uitgebrei en grotendeels aangevul, hoewel daar nog geen omvattende teorie oor Vryetydsbesteding en Ontspanning ontwikkel is nie. „The interpretations that have been given by sociologists are largely incidental to the more general treatment of social behavior"[2].

---

1) Neumeyer, M.H. en Neumeyer E.S.: Leisure and Recreation; p. 403.
2) Ibid., p. 241.

(ii) Desondanks is die sosiologiese implikasies van gesonde Vryetydsbesteding en Ontspanning wel deeglik besef en in die samelewing van toepassing gemaak, veral t.o.v. die opvoedkundige waarde wat in Vryetydsbesteding en Ontspanning opgesluit lê. Verder is dit ook van toepassing gemaak vir die bestryding van prosesse en magte wat 'n negatiewe beïnvloeding op die maatskappy, sy groepe en lede het.

(iii) Hierdie prosesse en magte kan veral bepaal word tot die magte van die ekonomie, die industrialisme, die tegniek en wetenskap, en nou daarmee saamhangende die prosesse van verstedeliking en massifikasie, soos wat dit ook in Suid-Afrika, en in besonder in die nywerheidstede na vore tree.

(iv) Dit is dus belangrik dat die nywerhede juis besondere aandag aan hierdie probleem sal skenk, en o.a. oplossing sal soek in die voorsiening van gesonde en georganiseerde Vryetydsbesteding en Ontspanning, omdat dit, wat o.a. die sosiologiese en opvoedkundige aspekte daarvan betref, baie nou aansluit by die industrieë en hul besondere behoeftes t.o.v. hul werknemersverhoudinge en gedragswyse binne die bedryf om o.a. ook die doel van enige bedryfsopset positief te kan verwesenlik.

# HOOFSTUK 5.

## SAMEVATTENDE SLOTBESKOUINGE.

(a) In hierdie literatuurstudie wat handel oor enkele aspekte van Vryetydsbesteding en Ontspanning, is deurgaans gepoog om op die sosiologiese implikasies van hierdie vraagstuk vanaf die vroegste tye tot op die hede te wys.

Daar is begin by die Antieke tydperk waar gewys is op „leisure" as beroepsarbeid, terwyl die slawegroep die eintlike arbeid, wat as „skande" beskou was, moes verrig. Daarna is op die hooftendense van Vryetydsbesteding en Ontspanning in die Middeleeuse samelewing en die Verligtingstydperk gewys.

Voorts is ook aandag bestee aan die noue verband tussen die Sosiologie aan die eenkant en Vryetydsbesteding en Ontspanning aan die anderkant, en is daar tot die gevolgtrekking gekom dat naas andere, ook Vryetydsbesteding en Ontspanning 'n eie veld van studie is. Hierdie Aspeksosiologie se studieterrein kan in die algemeen gestel word as „... a science of interhuman relations and of the plurality patterns to which they give rise, as based on a special section of life and culture, and considered as a subdivision of general sociology,..."[1].

Met die oog hierop is gewys op enkele samelewingsvorme wat as geordende groepe 'n bydrae lewer tot die kennis van beter menseverhoudinge en gedragswyse in die groep, deur o.a. organisatories en administratief beheer uit te oefen oor, en voorsiening te maak vir gesonde Vryetydsbesteding en Ontspanning.

---

1) Becker, H.: Systematic Sociology. On the Basis of the Beziehungslehre" and „Gebilderlehre" of Leopold von Wiese; John Wiley and Sons, New York, 1932; p. 682.

Om tot die wese van die noodsaaklikheid van Vryetydsbesteding en Ontspanning in ons moderne tyd te kom, is vooraf 'n prinsipieël-sosiologiese beskouing oor arbeid gegee. Hierin gaan dit om die motivering, begrensing en relativering van die Sabbat en die Sabbatsrus, waarmee die noodsaaklikheid van o.a. Vryetydsbesteding en Ontspanning gesien moet word as 'n Godgegewe roeping en taak waaraan die mens en groep behoefte het. Aan die hand hiervan is breë riglyne uitgestippel vir 'n konstruktiewe bydrae tot Vryetydsbesteding en Ontspanning in teenstelling met die populêre opvatting daarvan, en die moontlike gevare wat dit inhou.

Omdat enkele moderne sosiale magte soos o.a. wetenskap, tegniek, ekonomie en industrialisme, naas die positiewe waarde wat dit vir die kultuurontwikkeling het, ook 'n negatiewe invloed op die sosiale- en sosialiseringswaarde van Vryetydsbesteding en Ontspanning het, is die aandag in die besonder daarop gevestig. Hierdie genoemde magte is in die moderne tyd van die belangrikste veroorsakende faktore by sosiale en kulturele verandering wat 'n geweldige invloed het op die struktuurnorme, met o.a. ook 'n tendens van sekularisasie en nivellering van waardes.

Vervolgens is enkele teorieë i.v.m. Vryetydsbesteding en Ontspanning behandel, die grondslae aangetoon en vanuit die hoek van die sosiologiese beskouing en -implikasies daarvan, is ook aandag gegee aan die negatiewe invloed en uitwerking van sulke sosiale verskynsels soos o.a. verstedeliking en massifikasie. In hierdie lig kan o.a. veral die sosiologiese beskouing oor Vryetydsbesteding en Ontspanning 'n kennisbydrae lewer tot die beter menseverhoudinge en gedragswyse d.m.v. die sosiale prosesse van kontak, wisselwerking en samewerking, om die solida-

riteitsgevoel binne die bedrysgroepe te intensifeer en te bestendig vir beter arbeidsprestasies uit vreugde.

Ook is gebruik gemaak van 'n enkele voorbeeld van 'n algemeen verteenwoordigende program van aksie m.b.t. Vryetydsbesteding en Ontspanning by 'n sekere myngroep om lg. vraagstuk te illustreer.

(b) Aanbevelings.

(1) Die kultuursosiologiese aspekte in terme van groepsgedragswyse en menseverhoudinge moet veel meer aandag geniet; in die besonder is daar 'n groot behoefte aan 'n wetenskaplike bestudering van Vryetydsbesteding en Ontspanning vanuit die gesigshoek van die Sosiologie.

(2) In die raam van die pedagogiese aspek vra dit ook die bestudering van die individuele gedraginge om die groepsverhoudinge solidêr en duursaam te organiseer, om groepe te beïnvloed, te vorm en te bestendig.

(3) Dit bring die besef na vore van 'n groot tekort aan die opleiding van programorganiseerders, waarin daar veral gelet word op die groepsaspekte van Vryetydsbesteding en Ontspanning en die vormende en beïnvloedende waarde van die groep op die enkeling in wisselwerking daarmee.

Hier moet die voorsiening gemaak word vir akademiese en profesionele opleiding met die volgende in gedagte: "Recreation leaders specialize in their field and also assume community leadership responsibilities. They should be accorded the same status and relation to the community as are usually given teachers, social workers, and ministers. They have an important service to render to the entire community. They are participants in the ongoing community process and can help in giving this process direction."[1)]

1) Neumeyer, M.H. en Neumeyer E.S.: Leisure and Recreation; pp. 443, 444.

(4) Dorps-, stads- en voorstedelike beplanning moet vir die fasiliteite van Vryetydsbesteding en Ontspanning d.m.v. o.a. parke en gemeenskapsentra voorsiening maak. Dit moet veral verband hou met die desentralisasie van stadsgebiede om die konsentrasie van onnodige groot groepe by sentrale geriewe vir Vryetydsbesteding en Ontspanning te verhoed; en voorts, om ook die solidariteitsgevoel van kleiner groepe waar die persone in nouer kontak en wisselwerking met mekaar is op spontane wyse te bevorder. Kortom: „De mogelijkheid tot initiatieven wordt beter benut, de capaciteiten worden beter ontwikkeld"[1].

(5) Vryetydsbesteding en Ontspanning behoort veral in die moderne bedryf groter aandag te geniet, en dit veral t.o.v. die groepsaspekte daarvan, wat aansluit by punt (2). Die bedrywe skenk reeds in toenemende mate hieraan aandag, hoewel die doelstellings en motivering vir voorsiening van Vryetydsbesteding en Ontspanning beter omlyn behoort te word. Die ideaal om die enkele werknemer as aksiesentrum te sien vir beter tussenmenslike verhoudinge en gedraginge onderling, moet bevorder word wat weer 'n vreugdevoller en harmonieuse werksituasie bied.

Dit kan o.a. bewerkstellig word deur die spontane verhoudinge wat d.m.v. Vryetydsbesteding en Ontspanning gekweek word tussen werkgewer en werknemer, maar ook tussen werkgewers- en werknemersgroepe. Bedryfsvryetydsbesteding en Ontspanning dien dus ook die doel om

---

1) Van Riessen, H.: De Maatschappij der Toekomst; p.323.

die „baas"-probleem die hoof te bied,[1] veral waar dit geskied langs die weg van die informele organisasie „wat spontaan sy beslag kry uit hoofde van persoonlike doelstellings en oorweginge, d.w.s. waar die verhoudinge direk en persoonlik is en waar geleentheid bestaan om op informele vlak, of sosiaal, te verkeer"[2].

In die algemeen kan oor Vryetydsbesteding en Ontspanning nog die volgende opmerking gemaak word, nl.: „the problem of using leisure in positive, recreative ways is the responsibility of the individual and of modern society and its democratic government, it is a social responsibility of prime importance and one which calls for more than discussion. It summons action. But how are we to act? What are we to do?... there are at least three things we can do.

1) We can help folks understand the significance of leisure and how they can use it in positive and in lastingly satisfying ways, (deur bv. by die huis, skool en stadsbeplanning te begin.)

2) We can multiply opportunities for the recreative use of leisure.

3) We can generate leadership capable of dealing intelligently with these problems"[3].

Saamgevat, wil hierdie studie in die algemeen 'n bydrae lewer tot die kennis van die groepsaspekte van Vryetydsbesteding en Ontspanning, wat naas andere, noodsaaklik is vir die struktuur van 'n volk se gesondheid; geestelik, verstandelik, liggaamlik en sosiaal.

---

1) Vgl. Horringa, D.: Mens en Groep in het moderne bedrijf. Een Inleiding tot de Bedrijfsociologie; Van Gorcum en Prakke, Assen, 1953; pp. 63 - 68.
2) Theron, J.A.L.: Enkele grondvrae in die Bedryfsosiologie; p. 124.
3) Brightbill C.K.: Man and Leisure; p. 279.

## BIBLIOGRAFIE.

### A. BOEKE


1. Albertyn, J.R., Du Toit, P., Theron, H.S.: Kerk en Stad. Verslag van die Kommissie van Ondersoek van die Gereformeerde N.G. Kerke van die Unie van Suid-Afrika; Pro-Ecclesia-boekhandel, Stellenbosch, 1947.

2. Banning, W.: Machten en Mensen. Bijdrage tot een bezinning op mogelijkheden en gevaren van menselijk leven in de technische maatschappij; De Erven F. Bohn N.V., Haarlem, 1959.

3. Banning, W.: Moderne Maatschappij-problemen; De Erven F. Bohn N.V., Haarlem, 1959.

4. Bavinck, J.H. en Van Veldhuizen, G.: Mens of Robot?; J.N. Voorhoeve - Den Haag, 1952.

5. Beck, R.H. (red.): The Three R's Plus. What today's schools are trying to do - and why; University of Minnesota Press, Minneapolis, 1956.

6. Becker, H.: Systematic Sociology. On the Basis of the „Beziehungslehre" and „Gebilderlehre" of Leopold von Wiese; John Wiley and Sons, New York, 1932.

7. Beloff, M. (red.): History. Mankind and his Story; Odhams Press Ltd., London 1948.

8. Bosman J.S.K.: Liggaamlike ontspanning in Enkele Suid-Afrikaanse Nywerhede; ongepubliseerde M.Ed-verhandeling, Potchefstroom, 1962.

9. Brightbill, C.K.: Man and Leisure. A Philosophy of Recreation; Prentice-Hall, Inc., New Jersey, 1961.

10. Bucher, C.A.: Foundations of Physical Education; The C.V. Mosby Company, St. Louis, 1960.

11. Butler, G.D.: Introduction to Community Recreation; Mc. Graw-Hill Book Company, New York, 1949.

12. Coetzee, J.Chr.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde; J.L. van Schaik, Pretoria, 1953.

13. Cooley, C.H.: Social Organization. A study of the larger mind; Charles Scribner's Sons, New York, 1916.

14. Cuber, J.F.: Sociology. A Synopsis of Principles; Appleton-Century-Crofts, New York, 1951.

15. Curtis, H.S.: Education through Play; The Macmillan Company, New York, 1922.

16. Cutten, G.B.: The Threat of Leisure; Yale University Press, New Haven; 1926.

17. De Haan, J.A. Bierens: Sociologie ontwikkeling en methode; N.V. Servire/Den Haag, 1956.

18. Dengerink, J.D.: Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der „Souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw; Kok, Kampen, 1948.

19. De Ridder, E.: Geschiedenis van de Middeleeuwen; Uitgeversmij., N.V. Standaard-Boekhandel, Antwerpen, 1954.

20. De Vries, E.: De dienst van de Kerk aan de Industrie-arbeider; T. Wever, Franeker, 1962.

21. Dulles, F.R.: America learns to Play. A History of Popular Recreation, 1607-1940; Peter Smith, New York, 1952.

22. Durant, H.: The Problem of Leisure; George Routledge and Sons Ltd., London, 1938.

23. Duvenage, B.: Beroepsarbeid in die Lig van die Gereformeerde Etiek; gepubliseerde Th.D-proefskrif, Potchefstroom.

24. Duvenage, S.C.W.: „Besteding van vryetyd by die jeug", in My Roeping; Bond van J.V. op G.G. in Transvaal, Pretoria, 1954.

25. Ellwood, C.A.: Sociology. Principles and problems; American Book Company, New York, 1943.

26. Fairchild, H.P.(red.): Dictionary of Sociology; Littlefield, Adams and Co., New Jersey, 1961.

27. Flenley, R.: World History. The Growth of Western Civilization, Vol. 2; J.M. Dent and Sons, London, 1936.

28. Frankl, P.T.: Machine-made Leisure; Harper and Brothers Publishers, New York, 1932.

29. Friedmann, G.: Industrial Society. The emergence of the human problems of automation; The Free Press, Illinois, 1955.

30. Habermehl, D.N.: Ons Dagelijks Werk. De Christen in de Industrie; J.H. Kok, N.V. Kampen, 1959.

31. Herskovits, M.J.: Man and his Works. The science of cultural anthropology; Alfred A. Knopf, New York, 1960.

32. Horringa, D.: Mens en Groep in het moderne bedrijf. Een Inleiding tot de Bedrijfsociologie; Van Gorcum en Prakke, Assen, 1953.

33. Hoyle, F.: Man and Materialism; George Allen and Unwin Ltd., London, 1957.

34. Huizinga, J.: Homo Ludens. A study of the play-element in culture; Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1949.

35. Janssen, J. en Visser, S.: Van Plato tot Decroly. Studieboek der Historische Pedagogiek; J. Muusses, Purmerend, 1947.

36. Keyter, J.de W.(red.): Ontspanning en Maatskaplike Werk; „Tweede Trek"- Reeks No.XIII, Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1941.

37. Kinneman, J.A.: Society and Education; The Macmillan Company, New York, 1932.

38. Kuylaars, A.M.: Werk en Leven; H.E. Stenfert Croese, N.V., Leiden, 1951.

39. Lichtenberger, J.P.: Development of Social Theory; Appleton-Century Company, New York, 1938.

40. Linton, R.: The Cultural background of personality; Routledge and Kegan Paul, London, 1958.

41. Mannheim, K.: Diagnosis of our time; Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1954.

42. Mannheim, K.: Man and Society in an age of reconstruction; Kegan Paul, Trench, Trubner, Co., Ltd., London, 1940.

43. Meyer, H.D. en Brightbill, C.K.: Community Recreation. A Guide to its organization; Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey. 1956.

44. Meyer, H.D. en Brightbill, C.K.: Recreation Administration; Prentice-Hall, Inc., New Jersey, 1956.

45. Miermans, C.G.M.: Sport in een veranderende Wereld; Het Spectrum, Utrecht, 1959.

46. Miller, D.G. en Form, W.H.: Industrial Sociology; Harper, New York, 1958.

47. Mitchell, E.D. en Mason, B.S.: The Theory of Play; The Ronald Press Company, New York, 1948.

48. Moore, C.B. en Cole, W.E.: Sociology in Educational Practice; Houghton Mifflin Company, Boston New York, 1952.

49. Mumford, L.: Technics and Civilization; Harcourt, Brace and Company, New York, 1934.

50. Nash, J.B.: Philosophy of Recreation and Leisure; Henry Kimpton, London, 1953.

51. Nash, J.B.: Building Morale; A.S. Barnes and Co., New York, 1942.

52. Neumeyer, M.H. en Neumeyer, E.S.: Leisure and Recreation. A study of leisure and recreation in their sociological aspects; Ronald Press, New York, 1958.

53. Nixon, E.W. en Cozens F.W.: An Introduction to Physical Education; W.B. Saunders Company, Philadelphia, 1947.

54. Oberman, G.W.: Jeugd, Sport, Christendom; N.V. Korteweg en Stemerding, Rotterdam, 1928.

55. Park, R.E.: An Outline of the Principles of Sociology; Barnes and Noble, New York, 1939.

56. Pauw, S.: Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad; Pro-Ecclesia-drukkery, Stellenbosch, 1946.

57. Petrill, J.: After the Whistle blows; The William-Frederick Press, 1949.

58. Pietersen, L.: Sociologie van de Sport; Uitgeversmij Het Spectrum, Utrecht/Antwerpen, 1961.

59. Powell, W.T.: Recreation in Church and Community; The Abingdon Press, New York, 1938 .

60. Reany, M.J.: The Place of Play in Education; Methuen and Co., Ltd., London, 1927.

61. Riegel, R.E., e.a.: An Introduction to the Social Sciences; D. Appleton-Century Company, New York, 1941.

62. Rogers, E.M.: Social change in rural society; Appleton-Century-Crofts, Inc., New York, 1960.

63. Romney, G. Ott: Off the Job Living. A modern concept of recreation and its place in the post-war world; A.S. Barnes and Company, New York, 1945.

64. Röpke, W.: Civitas Humana. A humane order of society; William Hodge amd Co., Ltd., London, 1948.

65. Ruppert, M.: Naar een Rechtsorde van de Arbeid; J.N. Voorhoeve, Den Haag, 1959.

66. Sapora, A.V. en Mitchell, E.D.: The Theory of Play and Recreation; The Ronald Press Company, New York, 1961.

67. Schmidt, E.P. (red.): Man and Society. A substantive introduction to the social sciences; Prentice-Hall, Inc., New York, 1938.

68. Schuler, E.A., Gibson, D.L., Fiero, M.L. en Brookover, W.B.: Outside Readings in Sociology; Thomas Y. Crowell Company, New York, 1953.

69. Smiles, S.: Life and Labour; John Murray, London, 1910.

70. Smith, W.R.: An Introduction to Educational Sociology; Houghton Mifflin Company, Boston, 1929.

71. Sorokin, P.A.: Social and Cultural Dynamics; Vol.4. „Basic problems, principles and methods," American Book Company, New York, 1941.

72. Stoker, H.G. : Die Stryd om die Ordes; Calvyn Jubileum Boekefonds, 1941.

73. Sweedlun, V.S . en Crawford, G.M.: Man in Society, Vol.III; American Book Company, New York, 1956.

74. Timasheff, N.S. en Facey, P.W.: Sociology: An Introduction to Sociological Analysis; The Bruce Publishing Company, Milwaukee, 1949.

75. Theron, J.A.L.: Enkele grondvrae in die bedryfsosiologie; ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroom, 1962.

76. Van der Walt, J.P.: Die plek van sekere geesteswetenskappe, met besondere verwysing na die plek van Sosiologie in die opleiding van onderwysers; ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroom, 1952.

77. Van der Walt, J.P.: Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die Opvoedkundige Sosiologie; ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Potchefstroom, 1959.

78. Van der Merwe, I.R.: „Gesonde Gesinsontspanning", in Die Anker van 'n Volk; Uitgegee in opdrag van die Federale Vroueraad, Bloemfontein, 1960.

79. Van der Walt, S.P.: „Arbeid en roeping by die jeug", in Dink aan jou Skepper...; Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom, 1960.

80. Van Dijk, R.: Mens en Medemens. Een inleiding tot de algemene Sociologie; N.V. Zomer en Keunings Uitgeversmij, Wageningen.

81. Van Dijk, R.: Vrijheid en Gebondenheid van de mens in de samenleving; Zomer en Keuningsmij., Wageningen, 1956.

82. Van Peursen, C.A.: Filosofische Orientatie. Een inleiding in de wijsgerige problematiek; N.V. Uitgeversmij. J.H. Kok, Kampen, 1958.

83. Van Riessen, H.: De Maatschappij der Toekomst; T. Wever, Franeker, 1953.

84. Venter, H.: „Die jeug in spel en sport", in Dink aan jou Skepper...

85. Young, K.: An Introductory Sociology; American Book Company, New York, 1939.

86. Zadrozny, J.T.: Dictionary of Social Science; Public Affairs Press, Washington, 1959.

B. ENSIKLOPEDIEË.

1. Grosheide, F.W. (red.): Korte Christelijke Encyclopaedie; Kok, Kampen, 1934.

2. Grosheide F.W. en Van Itterzon, G.P.(red.): Christelijke Encyclopedie, Vol. I en Vol. VI; Kok, Kampen, 1961.

3. Seligman, E.R.A. en Johnson, A.(red.): Encyclopaedia of the Social Sciences, Vol. 13 en Vol. 14; The Macmillan Company, New York, 1934.

4. Winn, R.B.: Encyclopedia of Child Guidance; The Philosophical Library, New York, 1943.

5. Encyclopedia of Religion and Ethics; Charles Scribner's Sons, New York, 1908.

C. ARTIKELS, BROSJURES, TYDSKRIFTE, ENS.

1. Brosjures en pamflette van enkele myne.

2. Basset, R.E.: „Cliques in a student body of stable membership", in Sociometry. A journal of research in social psychology; American sociological Association, New York, August 1944.

3. Community Recreation for Defence Workers; National Research Association, New York, 1952.

4. Du Preez, D.C.S.: Afgerolde aantekeninge vir Sosiologie III.

5. Du Preez, D.C.S.: „Die mens en sy arbeid", in Koers. Maandblad vir Calvinistiese Denke. Potchefstroom, Augustus, 1958.

6. Lighton, R.E.: „The Use of Leisure", in Lantern. Tydskrif vir kennis en kultuur; S.A. Vereniging vir die Bevordering van Kennis en Kultuur, Pretoria, April-Julie 1960. Vol. 9, No. 4.

7. Odendaal, F.H., (Administrateur van Transvaal). Openingsrede by die Jeugkonferensie van Noord-Transvaal van die Afdeling Opvoeding Buite Skoolverband, Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, in die Tegniese Kollege, Pretoria, 8 Junie 1962.

8. Opperman R.W.J.: Our Vanishing Heritage; Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Pretoria, 1957.

9. Pauw, S.: „Die Gesin as Instelling en Volkskern", in Lantern; April-Julie 1960.

10. Smit, C.: „Ontspanning en die Gesin", in Lantern; April-Julie 1960.

11. Taljaard, J.A.L.: Lewens- en Wêreldbeskouing B; Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom, 1960.

12. U Plek in Opvoeding vir Volwassenes; Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Pretoria.

13. Van Dijk, R.: „Sociologie", in Eenheid en Veelheid; Vereeniging voor Hoger Onderwijs op Gereformeerden Grondslag, Amsterdam.

14. Wirth, L.: „The Significance of Sociology", in International Social Science Bulletin; Unesco Publication, Summer 1951, Vol. III, No.2.

15. Woody, T.: „Leisure in the Light of History", in The Annals of the American Academy of Political and Social Science; Philadelphia, September 1957, Vol. 313.